

**'n Onderzoek aangaande die effektiwiteit van die
Geïntegreerde Ontwikkelingsplan van die Oudtshoorn
plaaslike munisipaliteit**

CE Jafta



orcid.org/0000-0002-2517-0079

Verhandeling voorgelê ter nakoming vir die graad *Magister
Artium* in *Openbare Bestuur en Regering* aan die Noordwes-
Universiteit

Studieleier: Dr M Diedericks

Gradeplegtigheid Mei 2018

Studentenommer: 22713069



VERKLARING

Hiermee verklaar ek, CE Jafta die ondergetekende, dat die verhandeling, “n Ondersoek aangaande die effektiwiteit van die geïntegreerde ontwikkelingsplan die van die Oudtshoorn plaaslike munisipaliteit” my eie werk is. Bronne wat in hierdie studie gebruik word, word erkenning gegee deur verwysing of aanhalingstekens wat gebruik is.

Geteken:.....

Datum:.....

CE Jafta (22713069)

BEDANKINGS

In geen spesifieke volgorde neem ek hierdie oomblik om dank te betuig aan die volgende persone wat hierdie studie moontlik gemaak het:

Ek neem hierdie oomblik om die dank en lof aan die Allerhoogste God te gee wat my die geleentheid gegun het om hierdie studie suksesvol te onderneem.

Ek wil ook my liefste moeder bedank vir haar ondersteuning en oneindige liefde, jy is 'n Ma duisend! My suster Amy, dankie dat jy altyd daar is vir wanneer ek wil lag en grappies maak om die stres te verlig.

Ek wil graag my studieleier en mentor dr. Diedericks bedank vir sy onverbiddelike leiding, aanmoediging en goed geplaasde kritiek. Jy is beslis 'n onontbeerlike fontein van kennis.

Ek wil ook graag my dankbaarheid aan die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns betoon vir die finansiële bystand gedurende hierdie studie. Julle goedhartigheid word hoog op prys gestel.

Ek wil ook my dankbaarheid uitspreek aan die amptenare by die Oudtshoorn munisipaliteit en die gemeenskaplede wat my die voorreg gegun het om onderhoude met hulle te voer. Ek hoop van harte dat hulle tyd sal vind om deur die bevindinge en aanbevelings te gaan en toe te pas in die Oudtshoorn munisipaliteit.

OPSOMMING

Die oorgang na demokrasie het massiewe transformasie teweeggebring in plaaslike regering en 'n aantal hervormings was ingestel op plaaslike regering en in alle sferes van die regering sedert 1994. Volgens Van der Waldt (2010:94) het plaaslike regering se rol om slegs tradisionele dienste aan gemeenskappe te voorsien verander om ongelykheid wat in die verlede gebeur het aan te spreek. Hierdie rol bevorder volhoubare ontwikkeling en verdiep demokrasie deur openbare deelname – wat dus ontwikkelend van aard moet wees. Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning (GOB) is sentraal in hierdie nuwe sisteem van ontwikkelende plaaslike regering en verteenwoordig die dryfkrag om munisipaliteite meer strategies, inklusief, responsief en prestasie-gedrewe in karakter te maak. Dit is in hierdie konteks wat die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) van die Oudtshoorn plaaslike munisipaliteit (OPM) ondersoek en geëvalueer is tydens hierdie studie.

Daar bestaan 'n persepsie dat GOP'e nie die gewenste resultate op plaaslike regering lewer as waarvoor dit aanvanklik bedoel is nie. Een van hierdie studie se doelwitte was dus om 'n verbeterde GOP-evalueringsraamwerk te ontwikkel vir die plaaslike sfeer in Suid-Afrika. Hierdie verbeterde GOP-evalueringsraamwerk sal nie net GOP'e evalueer nie, maar sal as 'n handleiding dien vir munisipaliteite om realistiese en implementeerbare GOP'e te ontwikkel.

Die empiriese aspek van hierdie studie is onderneem in die Oudtshoorn munisipale area. Kwalitatiewe navorsingsmetodologie is uitgevoer, die navorser het onderhoude met nege munisipale amptenare en vyf gemeenskapsleiers in die munisipale area gevoer. As sulks, het die literatuurstudie tesame met die wetenskaplike analise van data opnames van die deelnemers die navorser instaat gestel om bevindinge te maak oor die empiriese studie. As deel van die literatuurstudie is die wetgewende en regulerende raamwerk vir GOB ook bespreek. Dit het ten doel gehad om GOB as middelpunt van munisipale beplanning en ontwikkeling te plaas.

Die bevindinge van die empiriese studie dui aan dat die OPM 'n aantal uitdagings ervaar met die ontwikkeling en implementering van hul GOP. In hierdie verband het die studie vorendag gekom met aanbevelings wat daarop gemik is om die effektiwiteit en doeltreffendheid van die GOP te bepaal, met die gevolg om dienslewering en ontwikkeling in die OPM, te verbeter.

Sleuteltermes

Geïntegreerde Ontwikkelingsplan, Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning, Strategiese Bestuur, ontwikkeling, dienslewering, effektiwiteit, doeltreffendheid, plaaslike regering, demokrasie, evalueringsraamwerk, Oudtshoorn plaaslike munisipaliteit.

ABSTRACT

The transition to democracy has brought about massive transformation in local government and a number of reforms have been introduced to local government and in all spheres of government since 1994. According to Van der Waldt (2010:94), local governance is changing from the role of providing traditional services to address past inequalities, which in turn should promote sustainable development and deepen democracy through public participation – for this to succeed, local government must be developmental in nature. Integrated Development Planning (IDP) is central to this new system of Developmental Local Government (DLG) and represents the driving force for municipalities to be more strategic, inclusive, responsive and performance-driven in character. It is in this context that the IDP of the Oudtshoorn local municipality (OLM) was investigated and evaluated in this study.

There is a perception that IDP's do not deliver the desired results/outcomes to local government that was originally intended. Consequently one of the objectives of this study was to develop an improved IDP evaluation framework. This improved IDP evaluation framework will not only evaluate IDP's, but will serve as a guide for municipalities to develop realistic and implementable IDP's.

The empirical aspect of this study was conducted in the Oudtshoorn municipal area. Qualitative research methodology was used, the researcher interviewed nine municipal officials and five community leaders in the municipal area. As such, the literature review, together with the scientific analysis and data collected from the participant's enabled the researcher to make recommendations from the empirical study. As part of the literature review, the legislative and regulatory framework for IDP's was also discussed. It aimed at placing IDP as the center of municipal planning and development.

The findings of the empirical study indicate that the OLM has a number of challenges with the development and implementation of their IDP. In this regard, the study has come up with recommendations aimed at improving the effectiveness and efficiency of the IDP, as to improve service delivery and development in the OLM.

Key terms

Integrated Development Planning, Integrated Development Plan, Strategic Management, development, service delivery, effectiveness, efficiency, local government, democracy, evaluation framework, Oudtshoorn local municipality.

LYS VAN AFKORTINGS

ANC	African National Congress
DSRTS	Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake
GEAR	Groei -, Indiensneming - en Herverdeling Strategie
GOB	Geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning
GOP	Geïntegreerde Ontwikkelingsplan
HOP	Heropbou – en ontwikkelingsplan
KBT	Kommunikatiewe beplanningsteorie
LGMTEC	Plaaslike regering tegniese komitee
MFMA	Wet op Munisipale Finansiële Bestuur
MIT	Munisipale infrastruktuur toelae
MSA	Munisipale strukture Wet
MSA	Munisipale sisteme Wet
NOB	Nuwe openbare bestuur – paradigma
NOP	Nasionale ontwikkelingsplan
OG	Ouditeur Generaal
OPM	Oudtshoorn plaaslike munisipaliteit
OS	Ontwikkelingstaat
PEO	Plaaslike ekonomiese ontwikkeling
ROR	Ruimtelike ontwikkelingsraamwerk
SA	Suid-Afrika
SPA	Sleutel prestasie area
VN	Verenigde nasies

INHOUDSOPGAWE

VERKLARING	i
BEDANKINGS	ii
OPSOMMING	iii
LYS VAN AFRKORTINGS	v

HOOFSTUK 1: ORIËNTERING EN PROBLEEMSTELLING

1.1	INLEIDING	1
1.2	'n HISTORIESE OORSIG VAN GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGS- BEPLANNING	3
1.3	PROBLEEMSTELLING	5
1.4	NAVORSINGSVRAE	9
1.5	NAVORSINGSDOELWITTE	9
1.6	TEORETIESE STELLINGS	10
	1.6.1 Beplanning	10
	1.6.2 Ontwikkeling	10
	1.6.3 Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning	11
	1.6.4 Effektiwiteit	11
1.7	NAVORSINGSMETODOLOGIE EN NAVORSINGSBENADERING	11
	1.7.1 Navorsingsmetodologie	11
	1.7.2 Navorsingsontwerp	13
	1.7.3 Bevolking en steekproefneming	14
	1.7.4 Literatuurstudie	16
	1.7.5 Databasis	16
1.8	TRIANGULERING	16
1.9	BYDRAE VAN DIE STUDIE	17
1.10	ETIESE OORWEGINGS	17
1.11	BEPERKINGE VAN DIE STUDIE	18
1.12	VOORLOPIGE HOOFSTUK UITLEG	18
1.13	HOOFSTUK SAMEVATTING	19

HOOFSTUK 2: GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSBEPLANNING: 'n TEORETIESE PERSPEKTIEF

2.1	INLEIDING	20
2.2	KONSEPTUELE VERDUIDELIKING VAN KERNKONSEPTE	21

2.2.1	Beplanning	21
2.2.2	Strategiese Beplanning	23
2.3	BEPLANNINGSTEORIE AS 'n VERTREK PUNT	26
2.3.1	Wat is teorie?	26
2.3.2	Wat is beplanningsteorie?	27
2.3.3	Wat is normatiewe – en positiewe teorie?	27
2.3.4	Tipologie en paradigma	28
2.3.4.1	Tipologie	28
2.3.4.2	Paradigma	28
2.4	VOOR DIE TWEDE WÊRELDOORLOG BEPLANNING PARADIGMAS	29
2.4.1	Tradisionele beplanning	29
2.5	NA DIE TWEDE WÊRELDOORLOG PARADIGMAS	30
2.5.1	Rasionele beplanning	30
2.6	BEPLANNING IN DIE 1980's	31
2.6.1	Substantiewe prosedurele beplanning	32
2.6.2	Stelselsbeplanning	33
2.6.3	Radikale beplanning	37
2.6.4	Kommunikatiewe beplanning	38
2.7	DIE ONTWIKKELING PARADIGMA	40
2.7.1	Die konsep van ontwikkeling	41
2.7.2	Volhoubare ontwikkeling	42
2.8	DIE ONTWIKKELINGSTAATSMODEL	44
2.8.1	Ontwikkelde staat	45
2.8.2	Ontwikkelingstaat	45
2.8.3	Internasionale perspektief tot die Ontwikkelingstaatsmodel	46
2.8.4	Ontwikkelingstaat in Afrika	47
2.8.5	Uitdagings met betrekking tot die Ontwikkelingstaatsmodel in Suid-Afrika	48
2.9	SOSIALE KONTRAK TEORIE	49
2.9.1	Ontwikkeling van die Sosiale kontrak teorie	50
2.10	NUWE OPENBARE BESTUUR – PARADIGMA	52
2.10.1	Dienslewering binne die Nuwe Openbare Bestuur – Paradigma	53
2.10.1	Dienslewering binne openbare administrasie	54
2.11	GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSBEPLANNING (GOB)	55
2.11.1	Agtergrond tot die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP)	55
2.11.2	Wat is Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning?	55
2.11.3	Internasionale invloede op GOB in Suid-Afrika	57

2.11.4	Komponente van die geïntegreerde ontwikkelingsbeplannings-proses	59
2.12	KONSEPTUALISERING VAN EFFEKTIWITEIT EN DOELTREFFENDHEID	60
2.12.1	Effektiwiteit	60
2.12.2	Doeltreffendheid	61
2.12.3	Effektiwiteit en doeltreffendheid op plaaslike regeringsfeer	61
2.13	HOOFSTUK SAMEVATTING	63

HOOFSTUK 3: DIE WETGEWENDE EN REGULERENDE RAAMWERK VIR GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSBEPLANNING OP DIE PLAASLIKE REGERINGSFEER

3.1	INLEIDING	65
	3.1.1 Die kritieke rol van plaaslike regering	65
3.2	DIE REGULERENDE EN STATUTÊRE RAAMWERK VIR DIE GOP EN DIENSLEWERING	66
	3.2.1 Die Wet op Ontwikkelingsfasilitering no. 67 van 1995	67
	3.2.2 Die Grondwet van die Republiek van Suid- Afrika, 1996	68
	3.2.3 Die Oorgangswet op Plaaslike Regering no. 97 van 1996	70
	3.2.4 Witskrif op Openbare Dienslewering 1997	71
	3.2.5 Die Witskrif op Plaaslike Regering 1998	72
	3.2.6 Plaaslike Regerings: Die Munisipale Strukturewet 117 van 1998	74
	3.2.7 Plaaslike Regerings: Die Wet op Munisipale Stelsels no. 32 van 2000	74
	3.2.8 Munisipale Finansiële Bestuurswet no. 56 van 2003	75
	3.2.9 Interregering Betrekkinge Raamwerk 2005 Wet no. 13 van 2005	76
3.3	REGERINGSINISIATIEWE WAT BEPLANNING IN DIE POST- APARTHEIDSEERA BEÏNVLOED HET	77
	3.3.1 Die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (HOP)	77
	3.3.2 Die Groei -, Indiensneming - en Herverdeling Strategie (GEAR)	78
	3.3.3 Die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP)	79
	3.3.4 Die Implikasies van die NOP vir Suid-Afrikaanse plaaslike regering	80
3.4	REGULERENDE RAAMWERK VAN DIE OUDTSHOORN PLAASLIKE MUNISIPALITEIT	81
	3.4.1 Situasië-analise van die OPM	81
	3.4.2 Politieke konteks van die OPM	83
	3.4.3 Administratiewe konteks van die OPM	84
3.5	HOOFSTUK SAMEVATTING	85

HOOFSTUK 4

'n FONDASIE VIR DIE FORMULERING VAN 'n RAAMWERK

4.1	INLEIDING	86
4.2	AGTERGROND TOT TEORETIESE EN KONSEPTUELE RAAMWERK	86
4.3	DEFINIEERING VAN KERNKONSEPTE	87
	4.3.1 Raam	87
	4.3.2 Konsep	88
	4.3.3 Konseptuele raamwerk	88
	4.3.4 Teorie	89
	4.3.5 Teoretiese raamwerk	90
4.4	BELANGRIKHEID VAN 'n RAAMWERK	93
4.5	FORMULERING VAN 'n RAAMWERK	94
4.6	HOOFSTUK SAMEVATTING	96

HOOFSTUK 5

'n KRITIESE ANALISE VAN DIE GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN VAN DIE OUDTSHOORN PLAASLIKE MUNISIPALITEIT: EMPIRIESE BEVINDINGE

5.1	INLEIDING	97
5.2	NAVORSINGSMETODOLOGIE	97
	5.2.1 Kwalitatiewe navorsingsontwerp	100
	5.2.2 Gevallestudie ontwerp en eenhede van analise	101
	5.2.3 Teikenbevolking en steekproef	102
	5.2.4 Data-insameling	103
	5.2.5 Semi-gestruktureerde onderhoude as data-insamelingsmetode	103
	5.2.6 Geldigheid en betroubaarheid	104
	5.2.7 Data-Analise	105
5.3	NAVORSING BEVINDINGE EN ANALISE	106
	5.3.1 Afdeling A: Biografiese inligting	106
	5.3.2 Afdeling B: Onderhoude met amptenary	108
	5.3.3 Onderhoude met prominente persone in die gemeenskap	123
	5.3.4 Afdeling C: Biografiese inligting	124
5.4	BESPREKING VAN BEVINDINGE	132
5.5	HOOFSTUK SAMEVATTING	136

HOOFSTUK 6

OPSOMMING EN AANBEVELINGS

6.1	INLEIDING	138
6.2	OPSOMMING VAN DIE STUDIE	138
	6.2.1 Opsomming van die hoofstukke	139
6.3	DIE GOP-EVALUERINGSRAAMWERK	140
6.4	HOLISTIESE BEPLANNING IN DIE PLAASLIKE REGERINGSFEER	153
	6.4.1 Institutionalisering van die strategiese beplanningsfunksie	155
	6.4.2 Bestaande tegnieke van toepassing op die GOP-evalueringsraamwerk	156
	6.4.3 Tekortkoming identifisering met huidige GOP-evalueringsraamwerk	156
	6.4.4 Van silo munisipale planne tot interregeringsplanne	156
	6.4.5 Voordele van die gesamentlike analise proses	157
	6.4.6 Oorsake van nie-geloofwaardige GOP'e	160
	6.4.7 Die verbeterde GOP-evalueringsraamwerk	161
	6.4.8 Bespreking van die verbeterde raamwerk	164
	6.4.9 Aanbevelings vir die suksesvolle implementering van die verbeterde GOP-evalueringsraamwerk	166
6.5	AANBEVELINGS VIR VERDERE STUDIES	167
6.6	FINALE GEVOLGTREKKING VAN DIE STUDIE	168
	BRONNELYS	170

HOOFSTUK EEN

ORIËTERING EN PROBLEEMSTELLING

1.1 INLEIDING

Suid-Afrika (SA) deel saam met verskeie ontwikkelende lande die werklikheid van onbeperkte en toenemende behoeftes en beperkte hulpbronne om dringende kwessies mee aan te spreek. Die Suid-Afrikaanse plaaslike regeringsfeer kan gesien word as 'n kritiese skakel in die ketting om openbare goedere en dienste op plaaslike vlak te lewer. Volgens die Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake (2001:14) (voortaan DSRTS) (voorheen bekend as Departement van Provinsiale en Plaaslike regering) was munisipaliteite voor 1994 hoofsaaklik gemoeid met dienslewering en implementering van regulasies. Met die bekendstelling van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 en verwante nuwe wetgewende en beleidsraamwerke vir plaaslike regering, het die rol van plaaslike regering baie uitgebrei. Die Witskrif op Plaaslike Regering, 1998, stipuleer dat van munisipaliteite vereis word om ontwikkelend-georiënteerd te wees in alle aktiwiteite waarvoor dit verantwoordelik is (SA, 1998). Suban en Theron (2012:21) beklemtoon dat die waarde van die geïntegreerde ontwikkelingsbeplanningsproses in die formulering van gefokusde planne en ontwikkelingsbehoefte prioriteite lê. Inge (2010:85) wys daarop dat hierdie benadering sal help om verkwiste uitgawes en voortsetting van voorheen bestedingspatrone te vermy. Dit word beskou as 'n gemeenskaplike uitdaging vir munisipale politici en bestuur. Odendaal (2007:69) verduidelik dat binne die Nuwe Openbare Bestuur-paradigma (NOB) 'n meer besigheidsaanneming-gebaseerde benadering gevolg moet word om stadsrade soos maatskappye te bestuur om te verseker dat die skaars hulpbronne doeltreffend, effektief en ekonomies aangewend word.

Om te verseker dat alle inwoners wat in 'n bepaalde munisipale area woon toegang het tot ten minste 'n minimumvlak van basiese dienste, word munisipaliteite verplig om 'n leidende rol te speel om armoede en geërfde ongelykhede aan te spreek. Plaaslike munisipaliteite moet dus plaaslike ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling bevorder soos wat dit 'n demokrasie betaam. Munisipaliteite moet dus nie net op die huidige eise van dienslewering fokus nie, maar ook op toekomstige eise, terwyl daar ook maniere gevind moet word om dienslewering in die kort-, medium- en langtermyn te verbeter. Inge (2007:6) voer aan dat munisipaliteite in hierdie opsig verplig is om met die provinsiale en nasionale sferes van regering saam te werk om nasionale en provinsiale ontwikkelingsprogramme in die plaaslike sfeer te lewer. Daarbenewens moet munisipaliteite 'n wye verskeidenheid van sektor programme inkorporeer (byvoorbeeld, water, gesondheid en kleinsake-ontwikkeling) in hul eie ontwikkelingsprogramme, om te

voldoen aan die vereistes van nasionale wetgewing. 'n GOP vir elke munisipaliteit speel hierin 'n belangrike rol.

Volgens DSRTS (2001:15) verskil sommige van die terminologie en beplanningsdiskoers wat gebruik word om die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (voortaan GOP) in die munisipale sektor te beskryf van dié wat in die besigheidsektor gebruik word. Dit beteken dat wanneer daar verwys word na strategiese beplanning binne die konteks van die GOP, die verskynsel sodanig verstaan moet word. Geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning (voortaan GOB) en strategiese beplanning is onskeibaar en word beskou as die bestuursinstrument wat munisipaliteite in staat stel om 'n strategiese visie te ontwikkel en om al die belangrike ontwikkelingskwessies in 'n holistiese GOP aan te spreek. Pycroft (1998:152) voer aan dat ten einde vir 'n GOP om 'n sinvolle bydrae te lewer tot die voorsiening van dienste van 'n hoë vlak, beide in hoeveelheid en gehalte, dit belangrik is dat die GOP doeltreffend, effektief, ekonomies en volhoubaar ontwikkel en geïmplementeer moet word.

Volgens Venter (2010:95) verwys die GOP na 'n plan wat daarop gemik is om geïntegreerde ontwikkeling en bestuur van die munisipale gebied in terme van die munisipaliteit se magte en pligte te bevorder. Valeta en Walton (2008:375) verduidelik dat die GOP 'n proses is waar munisipaliteite 'n strategiese ontwikkelingsplan vir 'n periode van vyf jaar voorberei. Pycroft (1998:158) voeg by dat hierdie plan saamgestel moet word met inagneming van die algemene beginsels vervat in Hoofstuk 1 van die Ontwikkelingsfasilitering Wet, 67 van 1995 en waar van toepassing, met inagneming van die onderwerp van objektiewe grondontwikkeling soos uiteengesit in Hoofstuk 4 van die Wet.

Bykomend tot bogenoemde, definieer die DSRTS (2011:17) die GOB as 'n proses waardeur munisipaliteite 'n strategiese ontwikkelingsplan vir 'n tydperk van vyf jaar ontwikkel. Craythorne (2006:147) staaf dat hierdie proses bedoel is om besluite oor kwessies soos munisipale begrotings, grondbestuur, die bevordering van plaaslike ekonomiese ontwikkeling en institusionele transformasie in 'n raadplegende, sistematiese en strategiese wyse te neem.

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat GOB oor balans en billikheid handel en erken dat die belangrikste taak van 'n ontwikkelingspoging is om betekenisvolle geleenthede te skep vir mense om hulself te bemagtig. Tweedens erken die GOB die fundamentele behoefte aan balans tussen die ekonomiese, ekologiese en sosiale stelsels as gemeenskappe soos omskryf op verskeie vlakke: plaaslike, nasionale, streeks- en globale vlakke. In die ontwikkelingsleksikon word daarna verwys as die *'triple bottom line'*: ekonomiese vitaliteit, maatskaplike geregtigheid en omgewingsvolhoubaarheid. Betekenisvolle ontwikkelingsprosesse erken die teenstrydighede tussen hierdie stelsels, wat lei tot 'n wanbalans en sosio-ekonomiese en omgewingsfaktore

krisisse. Die GOB poog om hierdie probleme aan te spreek deur geskikte oplossings te vind deur middel van demokratiese betrokkenheid (Pieterse, 2001:4).

1.2 'n HISTORIESE OORSIG VAN GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSBEPLANNING

Craythorne (2006:153) gee 'n historiese perspektief op die GOP-proses en wat belangrik is om hierdie studie verder te kontekstualiseer by wyse van die volgende stelling:

Die wesenlike inhoud van die GOP verskil nie baie van die vorige praktyke deurdat die meeste van die vorige munisipaliteite kapitaalbegrotings en drie jaar programme, strategieë vir ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling, en stadsbeplanning of soneringskemas gehad het nie. Die verskil kom egter voor in die grondwetlike vereiste dat diverse instrumente saamgebring word in 'n geïntegreerde plan, en dat kritieke ontwikkelingsbehoefes en prestasiemaatstawwe ingesluit word in hierdie plan. In teorie behoort dit 'n einde te bring aan die euwels van departementalisering en rykdom opbouing.

Die GOP is dus nie 'n onlangse beplanningsverskynsel of 'n radikale afwyking van die *status quo* soos soms aanvaar word nie. Wat dalk ook onvoldoende waardeur word, is die feit dat die GOP nou 'n wetlike vereiste is en dat dit verder gaan as 'n blote verklaring van beleid. As sodanig, is dit meer as 'n uitgebreide beplanningsmodel wat 'n munisipaliteit kan, of dalk nie, kies om van gebruik te maak soos dit goeddink nie. Dit is in werklikheid bindend en die plig van munisipaliteite om deel te neem aan die GOP-etos en effek daaraan te gee (Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Stelsels 32 van 2000).

Dit was met die Oorgangswet op Plaaslike Regering Tweede Wysigingswet, Wet 97 van 1996 dat die GOP wetlike substansie gekry het. Meiklejohn en Coetzee (2003:29) argumenteer dat alhoewel die vereiste vir munisipaliteite om geïntegreerde ontwikkelingsplanne te ontwikkel wetgewend verpligtend is, was die konseptualisering op 'n beleidsvlak nog baie beperk. Die konsep het tyd nodig gehad om wasdom te bereik en volgens Clarke (2002:333) was die eerste implementerings rondte van die geïntegreerde ontwikkelingsplanne 'n volslae mislukking. Duplisering van GOP'e in verskillende munisipaliteite, sonder om die verskille in omgewings in berekening te bring, was aan die orde van die dag. Om dit te bekamp is die Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, Wet 117 van 1998, die Munisipale Afbakeningsraad Wet 27 van 1998 en die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Stelsels, 32 van 2000 gepromulgeer. Die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Stelsels, 32 van 2000, is veral belangrik, omdat dit die minimum inhoud van GOP'e spesifiseer en die beginsels vir die GOP-proses uitstip, insluitend die

verskaffing van 'n baie meer omvattende basis vir GOP'e as voorheen (Meiklejohn & Coetzee, 2003:29). Slegs 'n paar van die komponente wat deur die wetgewing geïdentifiseer is, was ingesluit by die geamalgameerde munisipaliteite se GOP'e, naamlik:

- 'n visie vir die langtermyn ontwikkeling van die munisipaliteit;
- prioriteite en doelwitte;
- 'n ruimtelike ontwikkelingsraamwerk;
- rampbestuursplanne;
- finansiële planne met 'n drie-jaar-begroting projeksie;
- sleutel prestasie-aanwysers en prestasieteikens;
- 'n institusionele organogram; en
- 'n visuele voorstelling van die gewenste ruimtelike vorm van die munisipaliteit en so meer (Craythorne, 2006:149:158).

Harrison (2001:178) noem dat die wetgewende inhoud van die beleidsraamwerk baie intimiderend was vir munisipale bestuurders wat die GOB moes ontwikkel en implementeer. Die navorser het na 'n voorlopige ondersoek vir doeleindes van hierdie studie observeer dat alhoewel die 278 munisipaliteite in Suid-Afrika GOB-dokumente produseer, dit steeds net 'n konsepdokument bly wat nie uitvoerbaar is nie. Dit kom dan voor dat hierdie bestuursinstrument nie ten volle benut word in terme van al die strategiese ontwikkelinge van 'n munisipaliteit nie. Deur die uitdagings en die oorsake daarvan aan te spreek, word gepoog om die ideologiese en wetgewende mandaat soos voorheen vermeld te bereik. Die probleem om meer effektiewe munisipale dienslewering reg te kry met 'n oorkoepelende ontwikkelingsmandaat lê in die effektiewe ontwikkeling en implementering van 'n munisipaliteit se GOP.

Met inagneming van die voormelde inleiding en agtergrond sal hierdie studie poog om die effektiwiteit, doelgerigtheid en volhoubaarheid van die GOP van die Oudtshoorn plaaslike munisipaliteit (voortaan OPM) ondersoek. Soos menige ander munisipaliteite in die land ervaar die OPM ook ontwikkelingsuitdagings in die implementering van 'n effektiewe, doelgerigte en volhoubare GOP. Hierdie studie word dus onderneem met die voornemens om relevante aanbevelings te maak aangaande 'n werkbare plan en suksesvolle implementering van die GOP vir die OPM.

Aangesien effektiwiteit 'n moeilike konsep is om te meet, gaan hierdie studie gebruik maak van DSRTS (2010) se 2010 GOP-evalueringsraamwerk om die geslaagtheid van die OPM se GOP te bepaal. Hierdie evalueringsraamwerk is saamgestel om as 'n hulpmiddel vir die skryf, ontwerp, verbetering en evaluering van 'n geloofwaardige GOP te dien. Verder poog hierdie

raamwerk om as 'n handleiding vir die vestiging van 'n kwaliteit en geloofwaardige GOP te dien. Hierdie raamwerk fokus spesifiek op die volgende ses fokusareas, naamlik:

- ruimtelike ontwikkelingsraamwerk;
- dienslewering;
- volhoubare ekonomiese groei en ontwikkeling en plaaslike ekonomiese ontwikkeling (PEO);
- finansiële lewensvatbaarheid;
- institusionele reëlins; en
- bestuur en organisatoriese ontwikkeling (DSRTS, 2010).

Hierdie studie gaan spesifiek dienslewering en volhoubare ekonomiese groei en ontwikkeling en plaaslike ekonomiese ontwikkeling (PEO) in die OPM as fokusareas ondersoek in die konteks van die riglyne wat deur DSRTS voorsien word vir meer effektiewe GOB. Die navorser sal verder ondersoek instel om te bepaal watter diensleweringprojekte sedert die 2012/2013 finansiële jaar afgeskop het en in die proses is om voltooi te word in die 2016/2017 finansiële jaar, m.a.w. binne die vyf-jaarsiklus van die bestaande GOP van die OPM.

1.3 PROBLEEMSTELLING

Die “*Local Government Technical Committee*” (LGMTEC) van die Wes-Kaapse Departement van Plaaslike Regering (WKDPR) het bevind dat die 2014/2015 GOP van die OPM onvolledig was deurdat dit nie die sleutelprestasieaanwysers en prestasieteikens soos vereis deur artikel 26(1) en artikel 41(1)(b) van die Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels Wet 2000 (SA, 2000) en regulasies van die munisipale beplanning en Prestasie Regulasies van 2001 ingesluit het nie (WDLG, 2015:64).


Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 en ander relevante wetgewing verskaf 'n direkte mandaat aan plaaslike regerings om dienste aan gemeenskappe te lewer en om seker te maak dat sulke dienste voldoende en volhoubaar is. Venter (2010:94) aangehaal in Van der Waldt (2010) spreek kommer uit of munisipaliteite die konstitusionele mandaat uitvoer deur hulleself strategies te posisioneer om sodoende hierdie ontwikkelingsmandaat te volvoer. Venter (2003:5) argumenteer dat in hierdie verband die GOP as instrument 'n beslissende bydrae tot die transformasie van diensleweringinisiatiewe moet maak deur op die gemeenskap se behoeftes en prioriteite te fokus.

Die bogenoemde kan verwesenlik word deur die vestiging en doeltreffende implementering van 'n strategiese en omvattende GOP. Met die uitvoering van hul GOB verpligting moet die OPM:

- hul GOP belyn met die goedgekeurde raamwerk in terme van artikel 27 van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Stelsels 32 van 2000; en
- hul GOP opstel met inagneming van die GOP-prosesse en voorstelle wat ingedien word deur die distriksmunisipaliteit en provinsiale regering.

Volgens Mokale en Scheepers (2006:112) is die kriteria vir suksesvolle dienslewering nog altyd die betrokkenheid van gemeenskappe in alle aspekte van ontwikkelingsbeplanning en fasilitering. Navorsingsbevindinge het getoon dat daar 'n gebrek aan betekenisvolle deelname van die gemeenskap en gemeenskapsorganisasies is wat van kardinale belang is in die GOP-prosesse (Pieterse *et al.*, 2008:122). Verbreding en uitbreiding van die verantwoordelikheid van plaaslike regering verhoog die rol van die staat deur middel van deelname van die plaaslike gemeenskap (Desai, 2008:47). Daar kan dus geargumenteer word dat openbare deelname belangrik is vir die doeltreffendheid van enige ontwikkelingsinisiatief, insluitende dienslewering en ontwikkeling – soos voorheen vermeld, is hierdie aspek problematies in munisipaliteite. Hofisi (2014:1228) beklemtoon dat dit nie net die regte en pligte van 'n gemeenskap in 'n demokrasie bevorder nie, maar dat dit ook die gemeenskap betrokke maak by besluite soos die identifisering van behoeftes, prioritisering, implementering en evaluering van die verskillende diensleweringprojekte wat die fondament van 'n GOP is.

Mafunisa en Xaba (2008:355) verduidelik in ooreenstemming met die deelnemende denkebenadering tot ontwikkeling die nasionale regering die plaaslike sfeer die mandaat gegee het om verskeie dienste te beplan en te implementeer soos water, elektrisiteit, sanitasie, paaie en vervoer beplanning deur die aanvaarding van Geïntegreerde Ontwikkelingsplanne. Met die vervulling van hul diensleweringmandaat het die OPM verskillende komplekse uitdagings soos hoë vlakke van diensagterstande regdeur die verskillende stadia van die GOP ervaar (OPM IDP, 2013:96), soos uiteengesit in Figuur 1 hieronder.



Figuur 1: 'n Grafiese voorstelling van die diensleweringagterstande in die Oudtshoorn plaaslike munisipaliteit

Bron: Verwerk uit Ouditeur Generaal se verslag (2015)

Volgens die 2011 sensusopname het Oudtshoorn 'n totale bevolking van 95 933 (Statistiek SA, 2011). Uit Figuur 1 kan daar afgelei word dat 17,9% van die OPM se bevolking nie toegang tot toilet fasiliteite het nie en dat 10,9% van die bevolking nie toegang tot behuising en lopende water het nie en ook dat 14,9% nie elektrisiteit het nie. Die vraag kan dus gevra word of die GOP van OPM ten volle ontwikkel is en daar kan selfs geargumenteer word dat openbare deelname 'n belangriker rol moet speel in die streef na meer doeltreffende en effektiewe dienste in die munisipaliteit se jurisdiksiegebied.

Volgens Venter (2003:131) se navorsing kan die ondoeltreffendheid van munisipaliteite om met gemeenskappe te konsulteer, lei tot ontevredenheid en uiteindelik protesaksies. Desai (2008:24) wys daarop dat openbare protesaksies 'n voorkeurmetode vir die publiek geword het om ontevredenheid oor dienslewering aan die regering oor te dra. Nealer (2010:157) argumenteer dat daar 'n direkte verband tussen massa protesoptogte en munisipaliteite se vermoë om dienste te lewer is, asook 'n onvoldoende reaksie op die griewe van lede van die gemeenskap. Die Instituut vir Rasseverhoudinge (2015) dui aan dat protesoptogte in Suid-Afrika met 96% toegeneem het sedert 2007 en dat 34% van hierdie protesaksies gewelddadig was. Volgens die *Municipal IQ* (2016:4) was daar vyf en dertig protes optogte in die OPM tussen 2011 en 2015. Daar word ook melding gemaak dat drie van die protesaksies gewelddadig uitgedraai het, waar een raadslid se kar en huis afgebrand is deur inwoners. Die bogenoemde protesvoorvalle is direk gekoppel aan oneffektiewe konsultasieprosesse en uiteindelik swak dienslewering in die OPM wat met oneffektiewe GOP verbind kan word.

In 2014 was daar landswye vierings van 20 jaar van ware demokrasie in Suid-Afrika. Op hierdie stadium moes dit vir plaaslike regering, wat die naaste aan die burgers van die land is, geskik gewees het om baie meer suksesvol te wees in diensleweringaksies. Tans word plaaslike regering, insluitend die OPM, gekenmerk deur munisipaliteite wat die volgende probleme en uitdagings in die gesig staar:

- swak kontantvloei probleme;
- swak munisipale dienslewering;
- beperkte deelname van die gemeenskap;
- verrottende Sentrale Sakedistrikte;
- infrastruktuur agterstande;
- onvolledige Geïntegreerde Ontwikkelingsplanne;
- begrotings en finansiële state nie betyds voltooi in terme van wetgewende tydsraamwerke nie – in sommige gevalle glad nie voltooi is nie; en
- die meeste munisipaliteite is nie in staat om gratis basiese dienste te lewer aan die hulpbehoewende sektore van hul gemeenskappe nie (SA, 2015).

Die bogenoemde probleme en nog vele meer word na verwys in verskeie publikasies en toesprake, soos die van Gordhan (2015), Inge (2010), die jaarlikse verslag deur die Wes-Kaapse Provinsiale en Plaaslike Regering (2015), 'n aanbieding by die Instituut vir Plaaslike Regering Bestuurderskonferensie deur Nkosi (2015) en andere wat nie hier gelys is nie. Sommige outeurs soos Madzivhandila en Asha (2012:376), redeneer egter dat die oorsaak van die probleme wat geïdentifiseer is toegeskryf kan word aan te veel verandering wat vereis word binne 'n kort tydperk.

Die OPM staar ook 'n aantal van die bogenoemde uitdagings in die gesig, insluitend groot bedrae uitstaande skuld aan krediteure soos vermeld deur die Administrateur (Le Roux, 2015:1). Die OPM was onder administrasie vanaf Augustus 2015 tot Augustus 2016, in ooreenstemming met artikel 139 (1)(c) van die Grondwet van Suid-Afrika (SA, 1996) en die vraag kan gevra word watter rol die GOP daarin gespeel het? Hierdie probleme en vele ander het aanleiding gegee dat die navorser hierdie studie onderneem, om te bepaal hoekom die OPM hom in hierdie problematiese situasie bevind het, insluitend om ook te bepaal watter rol die GOP in hierdie verband gespeel het.

Bostaande probleme het gelei tot 'n aantal vrae oor dienslewering in die regering as 'n geheel, insluitend die OPM en die maatstaf om dienslewering te meet wat gelei het tot hierdie studie se navorsingsvraag, naamlik:

Is die Oudtshoorn plaaslike munisipaliteit se GOP 'n instrument wat bydrae tot meer doelgerigte, effektiewe en ekonomiese dienslewering, binne sy jurisdiksie se grense?

1.4 NAVORSINGSVRAE

Met inagneming van die bogenoemde agtergrond, probleemstelling en algemene navorsingsvraag kan die volgende navorsingsvrae geformuleer word:

- Wat behels ontwikkelingsgerigte beplanning volgens die teorie?
- Wat is die aard en omvang van ontwikkeling en dienslewering in die OPM soos in hul GOP aangedui?
- Hoe reguleer en struktureer die OPM die implementering van sy GOP?
- Wat is die kriteria vir effektiewe, doelgerigte, ekonomiese en 'n volhoubare GOP?
- Wat is die tevredenheidsvlak soos ervaar deur die gemeenskap ten opsigte van dienslewering aan die hand van OPM se GOP?
- Wat is die uitdagings wat deur die OPM ervaar word om hul GOP-doelwitte te bereik, ten einde meer effektiewe dienste te lewer?

1.5 NAVORSINGSDOELWITTE

Met inagneming van die bogenoemde navorsingsvrae, is die navorsingsdoelwitte vir die studie soos volg:

- Om die teorie van ontwikkelingsgerigte beplanning te bestudeer.
- Die kriteria vir 'n meer effektiewe, doelgerigte, ekonomiese en volhoubare GOP te ondersoek.
- Om die wetgewende voorskrifte wat GOB in SA reguleer te ondersoek en te analiseer.
- Die effektiwiteit van die GOP aan die hand van die beskikbare Suid-Afrikaanse raamwerk van DSRTS te ondersoek, sowel as nakoming daarvan deur OPM te bepaal.
- Die uitdagings wat die OPM in die gesig staar met die bereiking van hul GOP-doelwitte te bepaal.
- Om aanbevelings vir 'n meer effektiewe en doelgerigte GOB voor te stel vir die OPM by wyse van 'n verbeterde raamwerk vir dienslewering soos voorgeskryf deur DSRTS.

1.6 TEORETIESE STELLINGS

Die volgende teoretiese stellings kan gemaak word aangaande effektiewe GOP'e in SA.

1.6.1 *Beplanning*

Die *Business Dictionary* (2010:21) definieer beplanning as 'n bestuursfunksie wat die formulering van een of meer gedetailleerde planne behels om 'n optimale balans van behoeftes en vraag te bereik binne die konteks van beskikbare hulpbronne. Volgens Craythorne (2006), DSRTS (2011), Inge (2010) en Harrison (2001) word beplanning bestempel as een van die belangrikste bestuursfunksies omdat dit doelwitte stel. Beplanning integreer bestuursfunksies soos organisering, beheer, koördinerings en leiding. Dit behels die formulering en instandhouding van 'n plan, 'n psigologiese aspek wat konseptualiseringsvaardighede vereis (DSRTS, 2011:19). Uit die bostaande definisies kan daar afgelei word dat beplanning gaan oor die verbetering of verandering van die toekoms. Dus moet die OPM effektiewe beplanning beoefen met die formulering van hul GOP ten einde meer doeltreffende en effektiewe dienste te lewer aan die gemeenskap van Oudtshoorn.

1.6.2 *Ontwikkeling*

The World Bank (2008) definieer ontwikkeling as gespesifiseerde verskynsel van groei; 'n verbeterde produk of idee; 'n geleentheid wat moontlikhede daarstel. Volgens Chalmers (1997:14) lei ontwikkeling tot effektiewe verandering, maar die prosesse is nie so eenvoudig soos wat dit voorkom nie. Die volgende definisies van ontwikkeling word verskaf deur verskillende outeurs: "die handeling of proses van groei of veroorsaak iets om te groei of groter te word of meer gevorderd" (Craythorne, 2006:153); "dit is die handeling of proses om iets te skep oor 'n tydperk" (Pycroft, 1998:4); "dit is die toestand om geskep te word of meer gevorderd te maak" (Harrison, 2001:165).

Met inagneming van die voormelde definisies kan afgelei word dat ontwikkeling gaan oor die verbetering van die sosiale, ekonomiese, politiese en eksterne omgewingsaspekte van 'n nasie, met inagneming van die voorwaarde dat dit volhoubaar moet wees. So moet die OPM ook ontwikkeling bevorder op 'n volhoubare manier sonder om toekomstige generasies te benadeel.

1.6.3 *Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning*

Die ontwikkelingsplanne en beplanning van 'n munisipaliteit word in die GOP vervat. Volgens Mokale en Scheepers (2006:72) is die GOP die kerndryfkrag van 'n munisipaliteit met die bereiking van doelstellings en doelwitte van ontwikkelingsgerigte plaaslike regering. Volgens die

Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Stelsels 32 van 2000 (SA, 2000) as 'n GOP deur die raad van 'n munisipaliteit goedgekeur word, is dit die hoofstrategiese beplanningsinstrument wat alle beplanning en ontwikkelingsaksies in die jurisdiksie van 'n munisipaliteit voorskryf. In ooreenstemming met voormelde definisies, veronderstel outeurs soos Coetzee (2000), Chalmers (1997) en Inge (2007) dat die GOB handel oor die voorbereiding van 'n vyf-jaar strategiese plan vir munisipaliteite en dat hierdie proses besluite insluit soos munisipale begrotings, grondbestuur, bevordering van plaaslike ekonomiese ontwikkeling en institusionele transformasie op 'n konsulerende, sistematiese en strategiese manier. Dit is die kern van munisipale beplanning en het die status van 'n wet. Alle doelgerigte ontwikkelingsbeplanning in die OPM moet dus deur die GOP gelei word.

1.6.4 *Effektiwiteit*

Effektiwiteit is die mate waartoe die beplande aktiwiteite van 'n munisipaliteit realiseer en hoe beplande doelwitte bereik word. 'n Proses is effektief as die uitkomste met die gestelde doelwitte ooreenstem (Carmichael, 2002:3). Volgens Hoxby (1998), Clements (2002) Wilson (2005) en *European Economy* (2008) hou effektiwiteit verband met hoe uitsette ten opsigte van doelwitte suksesvol bereik word. Die uitkomste is dikwels gekoppel aan welsyns- of groeidoelwitte en kan daarom beïnvloed word deur baie faktore. So moet die OPM ook verskeie faktore (polities, omgewing, ekonomie ens.) in ag neem wanneer die effektiwiteit en spesifiek dié van dienslewering gemeet word. Daar moet ook melding gemaak word dat effektiwiteit, doeltreffendheid en ekonomiese volhoubaarheid (drievoudige effek) onskeibaar is. Die effektiwiteit van die GOP van die OPM sal in oorleg met die voorskrifte van DSRTS vir doeleindes van nakoming van die doelwitte van hierdie studie ondersoek word.

1.7 NAVORSINGSMETODOLOGIE EN NAVORSINGSBENADERING

1.7.1 *Navorsingsmetodologie*

Volgens Brynard en Hanekom (2006:36) behels navorsingsmetodologie die versameling van data, 'n besinning oor die beplanning, strukturering en uitvoering van die navorsing ten einde te voldoen aan die vereistes van die waarheid, objektiwiteit en geldigheid daarvan. Navorsingsmetodologie fokus op die proses van navorsing en die besluite wat die navorser moet neem om die navorsingsdoelwitte te bereik (Bryman, 2012:105). Volgens Fox en Bayat (2007:37) is navorsingsmetodologie die sistematiese, teoretiese ontleding van die metodes wat op 'n studieveld toegepas word. Dit bestaan uit die teoretiese analise van die groep metodes en beginsels wat verband hou met 'n tak van kennis (Bryman, 2012:105).

Daar kan dus geargumenteer word dat navorsingsmetodologie fokus op die proses van navorsing en die besluite wat die navorser moet neem om die navorsingsprojek uit te voer. Die navorsingsmetodologie moet inpas by die raamwerk soos uiteengesit deur die navorsingsontwerp en sal daardeur gelei word. Die navorsingsontwerp en navorsingsmetodologie wat gebruik word sal poog om hierdie studie meer as 'n blote bibliografiese studie te maak. Babbie en Mouton (2001:77) staaf dat daar 'n verskuiwing moet wees van die tradisionele beskrywende benadering tot 'n meer kritiese-analitiese benadering in die groeiende korpus van kennis in die domein van Publieke Administrasie.

Hierdie navorsing sal van 'n interpretivistiese navorsingsparadigma gebruik maak om die volgende redes: Volgens Gerrick (1999:150) word interpretivisme geassosieer met 'n filosofiese posisie of idealisme en word gebruik om diverse benaderings saam te groepeer, insluitend konstruktivisme, fenomenologie en hermeneutiek, wat die benaderings van die objektivistiese siening verwerp dat betekenis bestaan onafhanklik van die bewuste wêreld. Denzin en Lincoln (2000:38) voeg by dat interpretivistiese studies fokus op betekenis en mag verskeie metodes gebruik ten einde die verskillende aspekte van die kwessie aan te spreek. Volgens Henning (2013:19) en Creswell (2013:25) is interpretatiewe navorsing fundamenteel gemoeid met betekenis en dit poog om definisies en begrippe van mense in samelewings se betekenis en situasies te verstaan. In die algemeen is die interpretivistiese benadering gebaseer op die volgende oortuigings:

- Relativistiese ontologie: hierdie benadering sien die realiteit as inter-subjektief, wat gebaseer is op betekenis en verstaan van sosiale en eksperimentele vlakke.
- Transaksionele of subjektiewe epistemologie: volgens hierdie benadering kan mense nie onderskei word van hul kennis nie, dus is daar 'n duidelike skakeling tussen die navorser en die navorsingsonderwerp.

Binne die interpretivistiese navorsingsparadigma word daar klem gelê op interaksie en interpretasie. Creswell (2013:25) haal aan dat die interpretatiewe paradigma nie gemoeid is met die soektog na die breë toepaslike wette en reëls nie, maar eerder daarop gemik is om diep beskrywende ontledings te doen en interpretatiewe begrip van die sosiale verskynsels na vore te bring. Dit pas in by die fokus van hierdie studie, aangesien die doel van die studie is om die effektiwiteit van die OPM se GOP te ondersoek as 'n diensleweringinstrument.

Die fundamentele aanname van interpretivisme is dat die meeste kennis opgedoen word, of ten minste verfyn word, deur middel van sosiale konstruksies soos taal, bewussyn, gedeelde betekenis en dokumente (Angen, 2000:378). Interpretatiewe navorsing poog om verskynsels te verstaan deur middel van betekenis wat mense aan hulle toewys (Trauth, 2001:219). Die

ontwikkeling van interpretivistiese filosofie is gebaseer op die kritiek van positivisme in die sosiale wetenskap.

Angen (2000:378) maak melding daarvan dat die interpretatiewe paradigma 'n objektiewe werklikheid, onafhanklik van die verwysingsraamwerk van waarneming is as gevolg van die klem op geskepte of opsetlike werklikheid. Dit fokus op die ontdekking van veelsydige perspektiewe van al die deelnemers in 'n sosiale omgewing. Dus is interpretivistiese navorsing geskik om die doeltreffendheid, doelgerigtheid en volhoubaarheid van die GOP van die OPM te ondersoek. Deur gebruik te maak van semi-gestruktureerde onderhoude, sal ryk beskrywings verskaf word van hoe volhoubare ontwikkelingsbeplanning uitgevoer en geïmplementeer kan word in die OPM en hoe tekortkominge aangespreek kan word vir toekomstige verwysing.

Die idee dat die navorser los staan van die objekte van die navorsing is nie versoenbaar met interpretatiewe filosofie nie (Angen, 2000:380). Die navorser poog ook om individuele persepsie en ervaring te bestudeer en terwyl die menslike verstand gebruik word om dit te doen, is dit onmoontlik om die navorser te skei van dit wat ondersoek word (Babbie & Mouton, 2001:60). Dus kan die navorser gesien word as 'n binnestaander tydens die proses om die navorsing uit te voer.

Met die interpretatiewe paradigma word daar gebruik gemaak van kwalitatiewe navorsingsmetodes, beide in die versameling en ontleding van data. In hierdie studie sal daar spesifiek gebruik gemaak word van die kwalitatiewe benadering, omdat dit geskik is om die studie uit te voer. Kwalitatiewe metodes sal die navorser spesifiek in staat stel om begrip van persepsies, waardes, optrede en belange van die OPM onder studie te ontwikkel.

1.7.2 *Navorsingsontwerp*

Bryman (2012:46) beskryf 'n navorsingsontwerp as 'n raamwerk vir die insameling en ontleding van data. Die keuse van die navorsingsontwerp weerspieël besluite oor die prioriteit wat gegee word aan 'n verskeidenheid van dimensies van die navorsingsproses. Volgens Babbie en Mouton (2001:52) verwys die navorsingsontwerp na die algehele strategie wat gekies word om die verskillende komponente van die studie op 'n sinvolle en logiese manier te integreer, om sodoende te verseker dat die navorsingsprobleem effektief aangespreek word en dit vestig ook aandag op die benadering tot die versameling, meting en ontleding van data.

Soos hierbo vermeld, sal hierdie studie op 'n kwalitatiewe navorsingsontwerp gebaseer wees. Volgens Babbie en Mouton (2001:45) is hierdie tipe navorsing verkennend van aard en ideaal vir studies in die sosiale wetenskappe. Dit word gebruik om onderliggende redes, opinies en motiewe in die wêreld te verstaan (Bryman *et al.*, 2014:55). Dit verskaf insig in die probleem en

help om nuwe idees na vore te bring vir kwalitatiewe navorsing. Volgens Fox en Bayat (2007:10) behels kwalitatiewe navorsing dokumentondersoek en 'n beskrywende opname. Volgens Bryman *et al.* (2014:55) is dit kenmerkend van kwalitatiewe navorsing om die navorsing in 'n natuurlike omgewing uit te voer, waar die deelnemers of objekte bestudeer word. Dit fokus op die proses eerder as die uitkoms, wat die objek se perspektief beklemtoon, om in diepte te verstaan en 'n verduideliking van die aksies en gebeure te bekom (Fox & Bayat, 2007:10). Verder poog dit om die sosiale aksies te verstaan in die spesifieke konteks – eerder as om te veralgemeen na 'n bevolking; wat 'n induktiewe proses volg en wat dus sal lei tot die generering van nuwe hipoteses en teorieë.

Na aanleiding van die probleem wat geïdentifiseer is, sal 'n gevallestudiebenadering gevolg word. Volgens Neuman (2003:205) sluit 'n gevallestudiebenadering die insameling van data en analise binne die konteks van die verskynsel in 'n spesifieke area soos Oudtshoorn in, sodat die verskynsel in diepte bestudeer kan word. Hierdie studie sal ook 'n empiriese studie insluit, waar die sukses van die GOP in die OPM bepaal gaan word aan die hand van 'n teoretiese ontleding. Die teoretiese gedeelte van die GOP en die toepassing daarvan op die OPM sal gedek word deur 'n literatuurstudie. Semi-gestruktureerde onderhoude en observasie sal aangewend word vir die versameling van data vir hierdie studie. Hierdie data-insamelingstegnieke word dikwels in interpretivistiese studies gebruik en is 'n manier om fisies en sielkundig na aan die deelnemers te kom (Creswell, 2013:26). Die vrae wat in die onderhoude verkry word sal vloei uit die literatuurstudie en navorsingsprobleem en uiteindelik aanbevelings en oplossings vir die geïdentifiseerde probleem voorstel.

1.7.3 *Bevolking en steekproefneming*

Volgens die 2011-sensusopname het die Oudtshoorn munisipale gebied 'n bevolking van 95 933 inwoners (Stats SA, 2012). Verder bestaan die OPM area uit 13 wyke. Daar is 'n kombinasie van stedelike, semi-stedelike en landelike wyke. Een wyk uit die 13 wyke kan as 'n stedelike wyk beskou word, een as 'n semi-stedelike wyk en die oorblywende 11 wyke kan as landelik geklassifiseer word. Volgens Brynard en Hanekom (2006:55) verwys die navorsingsbevolking na al die objekte, onderwerpe, gebeure, verskynsels, aktiwiteite of sake wat die navorser wil navors ten einde nuwe kennis te genereer. Welman, Kruger en Mitchell (2011:52) verwys ook na die bevolking as die studie-objek, wat uit individue, groepe, organisasies, menslike produkte en gebeure kan bestaan, of die toestande waaraan hulle blootgestel word.

Vir die doel van hierdie studie sal die steekproefopname uit vyftien wykskomiteede en nege GOP bestuurskomitee van die OPM bestaan. 'n Totaal van vier-en-twintig respondente was dus

geteiken. 'n Eenvoudige ewekansige steekproefneming was gebruik word om die data vanaf die wykskomiteelede te verkry. Bryman *et al.* (2014:55) verduidelik dat eenvoudige ewekansige steekproefneming gedoen word wanneer elke element van die bevolking dieselfde kans het om gedurende die eerste en daaropvolgende trekking ingesluit te word. 'n Eenvoudige ewekansige steekproefneming maak dit moontlik vir die navorser om 'n aanvaarbare aantal mense in die studie in te sluit, met inagneming van die aantal mense in elke wyk in die OPM. Drie wyke was gekies, wat as verteenwoordigend van die dertien wyke beskou kan word. Die wyke sal geselekteer word volgens hulle status naamlik stedelik, semi-stedelik en landelik, sodat die menings van verskeie wyke aangehoor kan word in terme van dienslewering tevredenheidsvlakke en die GOP-prosesse in die OPM. Die navorser het gepoog om semi-gestruktureerde onderhoude te voer met vyftien wykskomiteelede in drie wyke uit 'n totaal van 13 wyke. Hierdie metode sou help om vas te stel of die gemeenskap verstaan wat die doel van die GOP is en wat hulle verantwoordelikheid in hierdie opsig is.

Volgens Neuman (2003:213) word 'n doelgerigte ("*judgemental sampling*") steekproeftrekking gebruik om die oordeel van 'n kenner met die seleksie van gevalle met 'n spesifieke doel in gedagte. Dit sal dus sinvol wees om doelgerigte steekproeftrekking te gebruik om samewerking te verkry van die GOP-bestuurskomiteelede, aangesien hulle kenners is in hulle spesifieke fokusareas. Met ander woorde hierdie amptenare kan spesifiek aandui wat hul rol ten opsigte van die GOB-proses is by die implementering daarvan. Hierdie bestuurskomitee bestaan uit twaalf amptenare uit verskillende departemente in die OPM, wat deel uitmaak van die interne koördinerings van die GOP-proses. Bestuurslede met wie onderhoude gevoer gaan word sluit die volgende nege amptenare in: die senior strategiese bestuurder, die GOP-bestuurder, die openbare deelnamebeampte, die plaaslike ekonomiese bestuurder, die kommunikasiebeampte, die mensehulpbronbestuurder, die infrastruktuurbestuurder, die behuisingsbestuurder en die begroting- en tesouriebestuurder.

1.7.4 Literatuurstudie

Bryman (2012:89) verduidelik dat 'n literatuurstudie bestaan uit 'n analise van wetenskaplike boeke en dokumente, wat die huidige kennis, insluitend substantiewe bevindinge, sowel as teoretiese en metodologiese bydraes tot 'n onderwerp bevat. Daar is verskeie maniere om data in te samel vir kwalitatiewe navorsing en 'n aantal van hulle sal gebruik word vir hierdie studie. Vir die doel van hierdie studie sal sekondêre data, soos sekondêre literatuur, argiefmateriaal, die OPM se verslae en vorige navorsing, openbare en vertroulike verslae, regeringsdokumente en menings gebruik word om 'n literatuurorsig daar te stel.

1.7.5 Databasisse

Die volgende databasisse sal geraadpleeg word vir die verkryging en insameling van studiemateriaal vir doeleindes van hierdie studie:

- Katalogus van boeke, akademiese artikels en akademiese referate: Ferdinand Postmabiblioteek, Noordwes-Universiteit (NWU) Potchefstroomkampus.
- Regeringswebwerf.
- Internetsoektogte.
- Regeringswetgewing.
- Katalogus van verhandelinge en proefskrifte om te bepaal of iemand al 'n soortgelyke studie onderneem het met OPM as eenheid van analise.

1.8 TRIANGULERING

Volgens Bryman *et al.* (2014:45) behels triangulering meer as een metode van ondersoek en sortering van data in 'n studie of sosiale verskynsel ten einde bevindinge te kruiskontroleer. In wese gebruik triangulering meer as een metode om inligting te versamel, wat lei tot 'n groter vertrouwe in bevindinge. Volgens Babbie en Mouton (2010:275) word triangulering as een van die beste maniere beskou om die geldigheid en betroubaarheid in kwalitatiewe navorsing te verbeter. In hierdie studie sal triangulering bereik word deur relevante teorie of wetgewing en regulering en semi-gestruktureerde onderhoude insluitend om bevindinge te kruis kontroleer.

1.9 BYDRAE VAN DIE STUDIE

Die onderwerp van hierdie studie is relevant in Suid-Afrika, want ten spyte van die doelwitte en doelstellings van Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning, het Geïntegreerde Ontwikkelingsplanne in die meeste gevalle steeds nie die gewenste uitwerking op plaaslike gemeenskappe nie. Dit kom na vore in 'n onlangse studie dat ongelukkigheid in gemeenskappe teenoor hul plaaslike munisipaliteite ten opsigte van 'n gebrek aan dienslewering voortbestaan (Mubangizi, 2014:645). Een van hierdie studie se doelwitte is om die voorsiening van meer volhoubare dienslewering aan die Oudtshoorn gemeenskap te ondersoek en om te bepaal of ontwikkelingsgerigte beplanningsteikens bereik word, al dan nie. Die plaaslike regeringsfeer, insluitende die OPM, staar baie uitdagings in die gesig soos vermeld deur outeurs soos Desai (2008), Madzivhandile en Asha (2012), Mubangizi (2014) en vele ander. Dus word hierdie

studie onderneem om vas te stel waar plaaslike regering verkeerd gaan, hetsy in terme van die interpretasie van die wetgewing, beplanning, hulpbron toekenning of institusionalisering van die GOP. Verder poog hierdie studie om 'n verbeterde GOP-evalueringsraamwerk daar te stel vir meer effektiewe geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning en vir die implementering daarvan in die plaaslike regeringsfeer en spesifiek die OPM, ten einde doelgerigte, effektiewe en ekonomiese basiese dienste aan die Oudtshoorn gemeenskap te lewer.

1.10 ETIESE OORWEGINGS

Volgens Babbie en Mouton (2001:520) word etiek tipies geassosieer met moraliteit en die hantering van sake wat beide reg en verkeerd is. Bryman (2012:135) wys daarop dat die insameling van data en verskeie metodes om data te manipuleer ten einde die gewenste uitkomst te verseker, aan etiese oorwegings onderworpe is. Voordat die navorser begin het met die studie was toestemming verkry van die kantoor van die munisipale bestuurder, as hoofuitvoerende beampte van die administrasie van die OPM. Alhoewel die inligting wat aangewend word in hierdie studie hoofsaaklik in die openbare domein beskikbaar is, was die volgende beginsels steeds gehandhaaf:

- Deelname van die gemeenskap en munisipale amptenare was vrywillig gewees.
- Vraelyste het nie die name van die respondente verwag nie, ten einde hul identiteit te beskerm.
- Deelnemers het 'n toestemmingsvorm geteken en het saamgestem dat hul name nie in hierdie studie genoem word nie.
- Deelnemers was nie mislei nie.

Toestemming was verkry van die NWU Etiese Komitee om die studie te registreer vir etiese uitklaring weens die betrokkenheid van 'n hekwag in die persoon van die Munisipale Bestuurder asook onderhoude wat met geïdentifiseerde respondente gevoer was.

1.11 BEPERKINGS VAN DIE STUDIE

Die mees prominente beperking van hierdie studie is die feit dat dit slegs op een spesifieke munisipaliteit fokus binne die plaaslike regeringsfeer in Suid-Afrika, wat die OPM is. Om hierdie rede kan die bevindinge nie wyd veralgemeen word nie, maar kan gebruik word as 'n leerkurwe vir 'n enkele geval. Laasgenoemde beteken dat die geval gebruik kan word om tekortkominge te

verbeter, indien dit gebeur en om die gaping van effektiewe en doeltreffende funksionering van die GOP as 'n dienslewering sinstrument in die OPM aan te spreek.

1.12 HOOFSTUK UITLEG

Die uitleg van hoofstukke vir doeleindes van hierdie studie sien soos volg daaruit:

Hoofstuk een: Oriëntering en probleemstelling

Hierdie hoofstuk sal 'n inleiding en oorsig tot GOB verskaf waarin die probleemstelling uiteengesit word en waaruit die navorsingsvrae en -doelwitte afgelei sal word. Verder sal die hoofstuk die navorsingsmetodologie, teoretiese verklarings en hoofstuk uitleg vir die studie uiteensit.

Hoofstuk twee: Kontekstualisering van die teoretiese grondslae van GOB, met die fokus op effektiewe dienslewering op plaaslike regering

Die tweede hoofstuk gaan die teoretiese grondslag van die studie uitlê waarin die GOB-beginsels en perspektiewe bespreek sal word. Verder sal dit beplanning kontekstualiseer, waar openbare beplanning spesifiek ondersoek sal word en hoe dit relevant is tot hierdie studie. Die fokuspunt van hierdie hoofstuk gaan dus wees om 'n teoretiese raamwerk te verskaf aangaande openbare beplanning en ontwikkeling binne die plaaslike regeringsfeer van Suid-Afrika, ten einde die GOP in die OPM te ondersoek. Addisioneel hiertoe sal die Ontwikkelingstaatmodel, Nuwe Openbare Bestuur-paradigma en die sosiale kontrak teorie bespreek word. Die voormelde sal nie net help om die GOP van die OPM te ondersoek nie, maar sal ook bydrae tot die kontekstualisering van die OPM se uitdagings.

Hoofstuk drie: Wetgewende en regulerende raamwerk vir GOB in die plaaslike sfeer

Hierdie hoofstuk gaan die regulatoriese en wetgewende raamwerk vir GOP op plaaslike regeringsvlak ondersoek en analiseer. Dit sal samevattende gevolgtrekkings maak tussen die teorie en die wetgewende voorskrifte wat in die openbare praktyk toegepas word.

Hoofstuk vier: 'n Teoretiese fondasie vir die ontwikkeling van 'n verbeterde Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanningsraamwerk

Hierdie hoofstuk bespreek die eienskappe van 'n raamwerk en gevolglik die stappe wat gevolg moet word om 'n verbeterde GOP-evalueringsraamwerk op te stel vir plaaslike regering.

Hoofstuk vyf: Empiriese bevindinge: Uitdagings wat ervaar word met die suksesvolle implementering van die GOP deur die OPM

Die vierde hoofstuk sal 'n gedetailleerde agtergrond van die OPM omgewing gee. Verder sal die hoofstuk 'n gedetailleerde verduideliking van die navorsingsontwerp en metodes, teikenbevolking, data-insamelingprosedure, navorsingstegnieke en instrumente wat gebruik is met die insameling van die data. Laastens word die empiriese bevindinge van die studie aangebied.

Hoofstuk ses: Opsomming en aanbevelings

Hierdie hoofstuk gaan aan die hand van die voorskrifte van DSRTS wat in hoofstuk 4 bespreek was 'n verbeterde dienslewingsraamwerk voorstel ten einde meer effektiewe geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning tot gevolg te hê in die OPM. Hierdie gevallestudie kan as 'n leerkurwe binne die Suid-Afrikaanse plaaslike regeringsfeer gebruik word. Hierdie hoofstuk sal aanbevelings bevat omtrent 'n meer doelgerigte GOP-proses in die OPM. Hierdie aanbevelings sal gedoen word in oorleg met die teoretiese ondersoek wat gelas is in hoofstukke 2 en 3 sowel as die bevindinge uit die empiriese navorsing in hoofstuk 5. Laastens sal hierdie studie opgesom word en aanbevelings vir toekomstige studies gemaak word.

1.13 HOOFSTUK SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk het die inleiding en redes vir die studie geadresseer insluitend die navorsingsdoelwitte - en vrae, teoretiese stellings, navorsingsmetodologie en die struktuur van die studie is ook uitgestip. Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning (GOB) is die dryfkrag om munisipaliteite meer strategies, inklusief, responsief en prestasie-gedrewe in karakter te maak. Daar bestaan egter 'n persepsie dat GOP'e nie die gewenste resultate op plaaslike regering lewer as waarvoor dit aanvanklik bedoel is nie.

In die volgende hoofstuk word 'n detail teoretiese perspektief van geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning verskaf in Suid-Afrika met verwysing na wat beplanning en effektiwiteit van dienslewering op plaaslike regering behels.

HOOFSTUK 2

GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSBEPLANNING: 'n TEORETIESE PERSPEKTIEF

2.1 INLEIDING

Die navorsingsprobleem, vrae en doelwitte is in Hoofstuk 1 van hierdie verhandeling uiteengesit, om rigting aan die ontleding, effektiwiteit en doeltreffendheid van die OPM se Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) te gee. Die agtergrond en oriëntering het 'n duidelike aanduiding van die belangrikheid van die probleem in Suid-Afrika gegee veral in die plaaslike regeringsfeer en dus die noodsaaklikheid vir beplanning en ontwikkeling, om meer effektief, doeltreffend en ekonomies te wees ten einde dienste van 'n hoë kwaliteit aan plaaslike gemeenskappe te lewer.

Dit is gevolglik die doel van hierdie hoofstuk, soos uiteengesit in die navorsingsdoelwitte (afdeling 1.5), om spesifiek ondersoek in te stel en die maatstaf vir meer effektiewe, doeltreffende, ekonomiese en volhoubare GOB in die OPM te bepaal. Die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Stelsels 32 van 2000 (SA, 2000) stipuleer dat die GOP is 'n beplanningsdokument en alle besluite in hierdie proses moet sentreer rondom munisipale begrotings, grondbestuur, die bevordering van plaaslike ekonomiese ontwikkeling en institusionele transformasie in 'n raadgewende, sistematiese en strategiese manier.

Hierdie aspekte vorm 'n belangrike deel van Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning (GOB) en dit is teen hierdie agtergrond dat die teorie van beplanning in hierdie hoofstuk bespreek word. Dit sal 'n duidelike aanduiding gee hoe belangrik beplanning in die openbare sektor is, ten einde rigting te gee aan plaaslike munisipaliteite en uiteindelik die strewe om gemeenskappe in 'n volhoubare wyse te ontwikkel. Verder spreek hierdie hoofstuk die funksionering van beplanning binne die Suid-Afrikaanse regering aan spesifiek op die plaaslike regeringsfeer as instrument om basiese dienslewering te verbeter. Aangesien een van die doelwitte van GOB is om meer effektiewe en doeltreffende dienste aan die plaaslike gemeenskappe te lewer, is dit belangrik om die sosiale kontrak teorie in hierdie konteks te bespreek, om die verhouding tussen die staat en burgers te verstaan.

Die Nuwe Openbare Bestuur-paradigma (NOB) is ook grotendeels belangrik in hierdie verband en sal ook kortliks bespreek word, aangesien dit ook beplanning en bestuur in die openbare sektor beïnvloed. Ten slotte sal effektiwiteit en doeltreffendheid binne die konteks van dienslewering in die openbare sektor en spesifiek op plaaslike regeringsfeer bespreek word. Dit

sal dien as 'n teoretiese maatstaaf om te bepaal of die OPM se GOP suksesvol geïmplementeer was en of dit bygedra het tot ontwikkeling in Oudtshoorn.

2.2 KONSEPTUELE VERDUIDELIKING VAN KERNKONSEPTE

In hierdie afdeling van die studie word die kernkonsepte gedefinieer en bespreek. Die konsepte is belangrik om die studie te kontekstualiseer en die navorser se idees te verdiep met betrekking tot die kwessies vir meer effektiewe, doeltreffende en ekonomiese volhoubare GOB in die Suid-Afrikaanse plaaslike regeringsfeer. Dit is nodig om hierdie konsepte te verduidelik aangesien daar 'n behoefte is aan 'n verwysingsraamwerk om dienslewering as uitkoms van die GOP-proses te ontleed.

2.2.1 Beplanning

Conyers en Hill (1993:3) definieer beplanning in die algemeen as: "n deurlopende proses wat besluite, of keuses oor alternatiewe maniere om beskikbare hulpbronne te gebruik, met die doel om spesifieke doelwitte op 'n sekere tyd in die toekoms te behaal". Le Breton en Henning (1961:7) en Chadwick (1971:25) beklemtoon dat beplanning 'n voorafbepaalde plan van aksie en toekomsgerig is en dus optimisties, want dit veronderstel die mens se vermoë om sy eie lot te beheer, ten minste binne perke.

Volgens Le Breton en Henning (1961:7) het 'n plan ten minste drie eienskappe. Eerstens behels dit die toekoms. In die tweede plek behels dit aksie en derdens is daar 'n element van persoonlike of organisatoriese identifikasie. Chadwick (1971:25) beweer voorts dat beplanning gedoen word deur mense vir mense; en dit gaan oor die mens se noue betrokkenheid by die natuur en die samelewing. Fischler (2000:235) noem dat beplanning 'n deurlopende proses is, wat voortdurend gemonitor en hersien moet word. Beplanning is 'n intelligente voorbereiding vir optrede (Bradford, 2000:55). Die beplanningsproses word onderskei van ander vooraf-besluit aktiwiteite, in dié sin dat dit sistematies, doelgerig en volhoubaar is (Glaister & Falshaw, 1999:22).

Diedericks (2013:23) verduidelik verder dat beplanning deel vorm van alle ander bestuursfunksies, soos organiserings, beheer, koördinerings en leiding. Elkeen van hierdie funksies word beplan en gevolglik word hierdie planne volgens 'n spesifieke groot plan, soos die GOP, geïmplementeer.

Volgens Van der Waldt en Knipe (1998:49) kan die aksie van beplanning gebruik word om die huidige status van 'n gemeenskap, in 'n groot verskeidenheid van gebiede wat 'n impak het op

mense se lewens te verbeter. Een van die algemene kenmerke van beplanning is dat dit uit 'n opvolgingsketting van aksies bestaan wat daarop gerig is om ekonomiese en maatskaplike probleme in die toekoms op te los (Glasson, 1978:19). Daar is gevolglik 'n beplanningsproses wat toegepas moet word om die meeste(indien nie alle) probleme op te los nie. Hierdie proses kan soos volg uitgelê word:

- Die eerste fase van die beplanningsproses begin met die identifisering van die probleem;
- die tweede fase wentel om die formulering van strategieë en doelwitte wat meer spesifiek tot die oplossing van die probleem is;
- tydens die derde fase, word moontlike beperkings geïdentifiseer wat sal hinder om die probleem op te los;
- gedurende die vierde fase word projeksies van toekomstige situasies uiteengesit;
- die vyfde fase behels dat alternatiewe handelwyses navore gebring word; en
- die sesde fase behels die formulering van 'n voorkeurplan (Glasson, 1987:19).

Die definisie van beplanning het verander met verloop van tyd en interpretasies daarvan het gewissel soos geïllustreer deur bostaande definisies deur verskillende outeurs. Dit is ook duidelik dat dit 'n komplekse, omvattende konsep en proses is om te definieer. Met oorweging van hierdie definisies, is dit duidelik dat beplanning nie meer 'n presiese wetenskap is nie. Beplanning het meer buigsam geword, wat 'n sosio-politiese standpunt inkorporeer. Definisies van beplanning het ontwikkel vanaf 'n meer tegniese wetenskaplike siening tot 'n meer sosiale interpretasie van beplanning. 'n Paradigmaskuif het plaasgevind in beplanning en teoretiese invloede word nooit geïsoleer van die praktyk nie (Hillier & Healey, 2008).

Na aanleiding hiervan, is dit belangrik om beplanning binne 'n spesifieke konteks te definieer en dat so 'n definisie gekoppel word aan die toepaslike vereistes en eienskappe wat nodig is vir effektiewe basiese dienslewering op plaaslike regeringsfeer in SA. Dit is dus nodig om 'n definisie van beplanning te ontwikkel vir doeleindes van hierdie studie en dit lei soos volg: *Beplanning voorsien die tegnieke oor die manier hoe besluite geneem word, om ingeligte besluite te neem oor die alternatiewe handelwyses van aksies om die uiteengesette doelwitte te bereik, met die hulpbronne wat beskikbaar is terwyl die sosiale, ekonomiese, politieke en omgewingstoestande in ag geneem word.*

Die bespreking het tot dusver 'n oorsig gegee aangaande die konsep beplanning, maar dit het nie die betekenis van strategiese beplanning uiteengesit nie. Dit is belangrik om hierdie konsep te bespreek, want openbare en privaat organisasies bepaal hul huidige stand van sake en waar hulle wil wees in die toekoms, deur middel van strategiese beplanning (Patterson, 2009:4).

Strategiese beplanning is ook van toepassing in die ontwikkeling van die GOB en word daarom hieronder gekonseptualiseer.

2.2.2 Strategiese beplanning

Die woord “strategie” word wyd erken en gebruik in die moderne sakewêreld asook in openbare instellings. Ten spyte van die ooglopende belangrikheid van strategie, is daar verbasend min ooreenstemming oor wat ’n strategie eintlik is. Dit is ’n feit dat die dryfveer agter elke suksesvolle maatskappy of instelling, ’n betekenisvolle en afgeronde strategie is (Ehlers & Lazenby, 2004:8). Alhoewel die idee van ’n strategie se oorsprong in die militêre arena ontstaan het (Glaister & Falshaw, 1999:2), het strategiese beplanning in die afgelope jare hoofsaaklik gefokus op organisasies in die privaat-en openbare sektor en die grootste deel van die teorie veronderstel dat diegene in uitvoerende beheer van ’n organisasie die vryheid het om rigting te bepaal.

Volgens Diedericks (2013:26) is ’n strategie die vermoë van ’n instelling om te beskryf waar dit wil wees in die toekoms. Paterson (2009:6) maak melding dat hierdie toekoms haalbaar is deur middel van strategiese beplanning/bestuur wat die analitiese denke en toewyding van hulpbronne tot aksie behels. Strategiese beplanning is die formele oorweging van die organisasie se toekomstige verloop (Lazenby, 2009:4). Strategiese beplanning is ’n middel tot ’n doel ’n metode wat gebruik word om ’n organisasie te posisioneer deur te prioritiseer en om van hulpbronne gebruik te maak volgens geïdentifiseerde doelwitte, in ’n poging om rigting en ontwikkeling te bewerkstellig (Bryson, 1995:14).

Strategiese denke en optrede het belangrik geword en is deur die openbare en nie-winsgewende beplanners aangeneem om hulle in staat te stel om suksesvol aan te pas by die toekoms (Poister, 2002:118). Volgens Bryson (1995:14) kan strategiese beplanning die openbare en nie-winsgewende organisasies help wat om te verwag en effektief op hul dramaties-veranderende omgewings te reageer. Binne die openbare instellings, word voldoende deelname en oorlegpleging vereis vir al die eksterne rolspelers en belanghebbendes, soos die publiek, nie-regeringsorganisasies, besighede en ander openbare instellings.

Bradford (2000:52) maak melding dat een van die mees algemene aktiwiteite in bestuur beplanning is. Ten einde vas te stel waarheen die organisasie op pad is en of dit optimaal funksioneer in die privaat of in die openbare sektor, moet die organisasie weet waar dit staan, dan bepaal waarheen dit oppad is en hoe dit daar gaan kom (Brane, 2009:37). Volgens Paterson (2009:4) word strategiese beplanning dikwels gebruik deur organisasies op internasionale vlak, aangesien dit ’n integrale deel vorm van strategie.

Strategiese beplanning in die bestuur en administratiewe konteks is ’n moderne konsep en die proses is relevant vir openbare en privaat instellings (Bradford, 2000:53). Rossouw *et al.*

(2007:2) beskryf strategiese beplanning en bestuur as 'n gaping, wat 'n instelling moet oorkom. Die gaping is geleë tussen die huidige situasie en die beoogde toekomstige situasie van die instelling. Poister (2002:119) stipuleer dat kontemporêre/hedendaagse gedagtes op die gebied van strategiese beplanning impliseer dat strategie verstaan moet word as die ontwikkeling van 'n maatskappy se toekoms wat kollektiewe sosiale aktiwiteit tot gevolg het en word beskou as 'n voortdurende proses en nie as 'n kategorie nie.


Uit bogenoemde definisies en bespreking kan daar afgelei word dat strategiese beplanning oor ten minste een van die drie belangrike vrae handel:

- Wat doen ons?
- Vir wie doen ons dit?
- Hoe kan ons verbeter?

Strategiese beplanning is die oorkoepelende proses om strategie te bestuur (Thompson & Strickland, 1996:2). Van der Waldt en Knipie (1998:50) voeg by dat strategiese bestuur moet beskou word "as 'n oorkoepelende konsep wat verskeie dimensies van strategiese beplanning, langtermynbeplanning en omgewingsanalise insluit". Uit die navorsing en die teorie van strategiese bestuur en praktiese ondervinding in strategiese bestuur deur die navorser, is dit duidelik dat strategiese bestuur nie 'n wetenskap is met 'n enkele meestersplan van prosesse vir bestuurders om toe te pas in enige gegewe scenario nie. Daar is egter vyf basiese stappe in 'n effektiewe strategiese bestuursproses, wat internasionaal toegepas word met die uitvoering daarvan:

- Formuleer 'n visie en missie vir die instelling (een van die algemene gebruikte instrumente om dit te bereik, is om sterkpunte, swakpunte, geleenthede en bedreigings analise – SWOT op te stel);
- omskakeling van die instelling se visie en missie tot meetbare doelwitte en prestasie teikens;
- die opstel van spesifieke strategieë om gewenste resultate (doelwitte) te bereik;
- implementering en uitvoering van die bogenoemde strategieë; en
- monitor en evalueer die prestasie en maak die nodige korrektiewe aanpassings waar nodig (Thompson & Strickland, 1996:3).

Die navorser stel die volgende illustrasie voor, gebaseer op die diagram geneem uit Thompson en Strickland (1996:4) wat die bogenoemde proses die beste illustreer.



Figuur 2: 'n Voorstelling van die strategiese bestuursproses

Bron: Thompson en Strickland (1996:4)

Baie konsepte word in hierdie verhandeling gebruik wat dieselfde konsepte dek. Konsepte soos geïntegreerde ontwikkelingsplanne (GOP'e) en Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning (GOB) is dus sinonieme met konsepte soos ontwikkelingsplanne of ontwikkelingsbeplanning. Daar moet ook gelet word dat die Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning konsep is in werklikheid 'n baie uitgebreide stelsel, wat 'n proses en 'n plan behels, wat elkeen interafhanklik is van die ander om die doelwitte te bereik. Al hierdie konsepte verwys dus na dieselfde breë konsep.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat GOB nie baie verskil van die algemene strategiese beplanning wat ander regeringsagentskappe en korporatiewe sektore toepas nie. Venter (2010:95) verduidelik dat hoewel sommige woorde wat gebruik word om GOB te beskryf verskil van die wat in die algemeen gebruik word deur die private sektor wanneer daar gepraat word van strategiese beplanning, is GOB en strategiese bestuur basies dieselfde. Soos voorheen vermeld, behels dit 'n strategiese bestuursinstrument wat dit moontlik maak vir munisipaliteite om 'n breë, strategiese siening van ontwikkelingsvereistes te neem en om al die belangrike kwessies in 'n holistiese, GOP aan te spreek. 'n Komponent wat GOB van gewone strategiese beplanning onderskei is die feit dat munisipaliteite ontwikkelend-georiënteerd moet wees in al hul beplanningsbenaderings (De Visser & Titus, 2002:2).

Die doel van die volgende afdeling is om 'n historiese oorsig oor beplanningsteorie te gee ten einde vas te stel hoe GOB inpas binne die teoretiese paradigma van beplanning. Die afdeling is dus geskoei om die toepaslikheid van GOB in beplanning te toon, om refleksie te stimuleer deur wat gewerk het in die verlede, terwyl 'n teoretiese verwysingsraamwerk geskep word.

2.3 BEPLANNINGSTEORIE AS 'n VERTREKpunt

Geskiedenis en teorie word soms in oorleg aangebied omdat teoretiese bewegings van vandag grootliks nalatenskap van die verlede is. Intellektuele geskiedenis van beplanning toon dat die ewolusie van idees wat beplanning oor die eeue ingelig het en wat nog vandag kan gebeur (Friedmann, 1964:117). Interaksie tussen geskiedenis en beplanning kan nuttig wees omdat insigte uit huidige teorie historiese navorsing kan stimuleer en omdat historiese analise denke oor huidige beplanning kan verryk (Fischler, 2000:223). Daarom sal dit toepaslik wees om 'n kort oorsig oor die ontwikkeling van beplanning te gee. Sekere konsepte moet egter eers verklaar word om die konteks waarbinne dit in hierdie studie gebruik gaan word, te verstaan.

2.3.1 Wat is teorie?

Die woord teorie word afgelei van die Griekse woord *theōria*. Iemand wat *theōria* beoefen, staan bekend as 'n *theōros* of toeskouer (Chadwick, 1971:2). Teorie behels om na iets te kyk en 'n geestelike skema daarvoor te stel of te bedink wat dit openbaar. Dit behels spekulasie (Cook, 1983:5). Om te spekulere beteken om die magte van die gedagte te gebruik, soos met die bedink van idees, om afleidings te maak en om uitspraak te lewer, wat opgeneem word in die teoretisering van beplanning (Hillier & Healey, 2008:212).

Teorie kan gesien word as 'n konstruksie van elemente wat bestaan uit abstraksies van die werklikheid van 'n algemene of spesifieke stel beginsels wat die funksionering van die teorie verduidelik (Allmendinger, 2002:1). Teorie lig en help beplanners in die soektog na positiewe verandering. In sy kern, is teorie 'n versameling van toetsbare stellings wat beplanners help om sekere verskynsels te verduidelik en te voorspel, soos beplanning in die openbare sektor. Volgens Diedericks (2013:26) is teorie dinamies eerder as staties. Empiriese toetsing van teorieë moet met verloop van tyd tot veranderinge lei, afrondings en verbetering aan 'n teorie om 'n beplanner se vermoë te verhoog om 'n gegewe verskynsel te verstaan. 'n Teorie is en moet altyd in 'n toestand van ewolusie wees (Diedericks, 2013:26).

2.3.2 Wat is beplanningsteorie?

Die tradisionele storie van die moderne stadsbeplanning, beweer dat dit ontstaan het uit verskeie afsonderlike bewegings by die draai van die eeu: *The Garden City*, *The City Beautiful*, en openbare gesondheid hervormings (Allmendinger, 2002:2). Hudson (1979:387) noem dat die wortels van beplanning gegroei het uit die behoefte om openbare gesondheid te beskerm, om onbeplande (fisiese) ontwikkeling te verhoed, om die natuur te beskerm as 'n skuilplek teen die moderne lewe; om voorsiening te maak vir die openbare belang; om die omgewing te bestuur; en om 'n balans te vind tussen mededingende eise.

Teorie bied verduidelikings en 'n gesonde liggaam van teorie is 'n noodsaaklike komponent van die beplanningsprofessie (Faludi, 1973:27). Teorie lei praktiseerders deur 'n deurlopende selfondersoek van wat dit is wat hulle doen, hoe hulle dit doen, hoekom, vir wie en met watter resultate (Hudson, 1979:390).

Paterson (2009:8) voer aan dat beplanning is nie 'n unitêre dissipline in die wetenskap of die sosiale/geesteswetenskappe nie. Aangesien bydraes tot die begrip van beplanning en die teorie van beplanning bou uit 'n verskeidenheid van dissiplines soos: ekonomie, sosiologie, politieke wetenskap, stedelike en landelike studies, publieke administrasie, operasionele navorsing, statistiek, organisatoriese ontwikkeling en nog baie meer. Greed (1996:66) beweer dat die idee van beplanning selfs nagespoor kan word na die agtiende eeu van die mensdom, alhoewel die historiese tradisie van stadsbeplanning terug dateer na die antieke Griekeland en Rome, wat die Westerse beskawing voorsien het van klassieke styl van argitektuur en stadsontwerp.

2.3.3 Wat is normatiewe- en positiewe teorie?

Volgens twee van die mees prominente wetenskaplikes in beplanningsteorie, naamlik. Friedmann (1987:35) en Faludi (1973:29) word beplanningsteorie onderskei tussen normatiewe en positiewe teorie. Normatiewe teorie handel oor hoe beplanners rasioneel moet voortgaan; terwyl die gedragsbenadering fokus op die beperkings wanneer daar gepoog word om 'n program van rasionele optrede te vervul (Faludi, 1973:32). Paris (1982:5) het ook daarop gewys dat die teorie van beplanning berus op 'n onderskeid tussen (a) teorieë wat gebruik word om die milieu waarbinne beplanning bedryf te verstaan en (b) teorieë oor hoe beplanning werk.

Positiewe (gedrags-) teorieë is tipies onderwerp gesentreer en hou verband met empiriese vrae en aksies. Allmendinger (2002:8) neem waar dat teorieë in beplanning voorskriftelike teorieë is. In hierdie verhandeling word teorieë van beplanning as empiriese teorieë beskou en nie as voorskriftelike teorieë nie. Empiriese teorieë verduidelik en interpreteer die realiteit en fokus op die skakeling tussen verhoudings met afhanklike en onafhanklike veranderlikes (Allmendinger, 2002:8).

2.3.4 Tipologie en paradigma

Onderskeid word hieronder getref tussen wat 'n tipologie en 'n paradigma behels. Dit is belangrik vir doeleindes van hierdie studie om die verskil en of raakpunte tussen hierdie konsepte te verstaan ten einde beter te verstaan hoe beplanning as konsep ontwikkel het.

2.3.4.1 Tipologie

In enige vakgebied is daar gewoonlik uiteenlopende ontwikkeling en mededingende idees of teorieë wat die grondslag vir daardie gebied voorsien. Tiryakian (1968:2) verduidelik dat tipologieë dra 'n algemene begrip van 'n vakgebied, metodologieë, taal en geskiedenis oor die ontwikkeling van idees en praktyk. Volgens Allmendinger en Tewdr-Jones (2002:6) is tipologieë nuttig en noodsaaklik vir almal wat in 'n vakgebied betrokke is. Beplanning is nie anders in hierdie verband nie. Dit is nou 'n spreekwoord om te beweer dat beplanning bestaan uit 'n eklektiese versameling van teorieë (Allmendinger, 2002:136). In teenstelling met ander areas van die sosiale wetenskappe soos ekonomie of ander beroepe insluitend mediese beplanning, het dit geen endogene liggaam van teorie nie (Sandercock, 1998:22). Volgens Allmendinger en Tewdr-Jones (2002:6) het dit betrekking op 'n wye verskeidenheid van teorieë en praktyke uit bepaalde vakrigtings. Gevolglik het beplanningstipologieë 'n belangrike rol om te vervul met uiteenlopende invloede, om idees en teorieë te verstaan, soos in hierdie geval, beplanning in die openbare sektor.

2.3.4.2 Paradigma

Volgens Taylor (1998:157) het die idee van 'n paradigma voortgevloei uit die werk van Thomas Kuhn (1970) wat die konsep in gebruik geneem het om groot verskuiwings in teoretiese perspektiewe te beskryf binne die geskiedenis van die wetenskap. Die konsep paradigma, grens beide aan fisiese en logiese 'wetenskaplike gemeenskappe'. Weaver *et al.* (1985:153) beweer dat 'n paradigma algemene probleem definisies, konsepte, woordeskat, metodes en intellektuele agtergrond is – om aan te dui dat verskillende perspektiewe die fondament waarop beplanners leer te vorm. Hulle word dus ingesluit in hulle denke oor beplanning. 'n Paradigma is ook iets wat 'n wetenskaplike gemeenskap deel (Kuhn, 1977:294). Die "paradigma" konsep word by tye gebruik, om groot verskuiwings te beskryf (Taylor, 1998:328). Dit word ook gebruik om te verwys na verskillende wêreldbeskouings – mense se siening van die wêreld (Taylor, 1998:329).

Wanneer 'n nuwe paradigma daarin slaag om die ou paradigma te vervang, is daar 'n rewolusie in wetenskaplike denke (Kuhn, 1977:294). Sodra 'n nuwe paradigma aanvaar word, werk die meeste wetenskaplike navorsing binne hierdie teoretiese raamwerk; en statiese tydperk van die

ontwikkeling en fragmentering van hierdie onlangs gevestigde teoretiese raamwerk – beteken dit dat die geskiedenis van die wetenskap gaan voort (Taylor, 1998:158).

Taylor verdeel die geskiedenis van beplanningsteorie in drie tydperke. Die eerste periode is die beplanningsteorie vroeg na die oorlog, wat beplanning as 'n fisiese en stedelike ontwerp beskou; die tweede periode, beplanningsteorie sedert die 1960's, wat bestaan uit stelsels en die rasionele proses van beplanning en beplanning as 'n politieke proses en die derde periode is die beplanningsteorie van die 1970's, wat verwys na die teorie oor die gevolge van beplanning, rasionele beplanning en implementering. Hierdie teorieë word vervolgens bespreek.

2.4 VOOR DIE TWEDE WÊRELDOORLOG BEPLANNING PARADIGMAS

2.4.1 Tradisionele beplanning

Voor die Tweede Wêreldoorlog Paradigma was daar slegs tradisionele beplanning, wat een van die drie mees dominante beplanningsbenaderings in die geskiedenis is (Greed, 1996:106). Tradisionele beplanning verwys na die ontwerp-georiënteerde, fisiese beplanning benadering wat hoofsaaklik fokus op die struktuur van stede en die fisiese omgewing (Taylor, 1998:5). Tradisionele beplanning het histories nie 'n filosofiese agtergrond of fondament nie. Tradisionele beplanning volg 'n ontwerp-georiënteerde fisiese beplanningsbenadering (Frank, 2006:16) wat hoofsaaklik fokus op die struktuur van stede en die fisiese omgewing (Taylor, 1998:5). Die klem val op beplanning as ontwerp deur vorm en funksie (Hillier & Healey, 2008:198).

Volgens Glasson (1978:198) is een van die mees bekende metodes van beplanning deur Patrick Geddes (1915) bekend gestel. Sy metode is algemeen bekend as 'n opname-analise-plan. Glasson (1978:198) verduidelik voorts dat dit empiriese waarneming van verskynsels in die wêreld om kennis op te doen, behels. Dit kan reëlmatighede of prosesse in die gedrag van 'n paar verskynsels openbaar; lei die feite van die gegewe situasie en veralgemeen die waarnemings tot 'n universele empiriese of wetenskaplike teorie van die verskynsels ter sprake. Dit word beskou as 'n tegniese of wetenskaplike metode vir die verkryging van kennis (Taylor, 1980:165). In die filosofie van wetenskap, verwys dit na die standpunt van die positivist. Beplanners ontwikkel soortgelyke analitiese vaardighede soos dié van ingenieurs en pas dit toe op die ontwerp van openbare werke om die stad te ontwerp (Hall, 1988:322). Die beplanner is gekenmerk as 'n argitek, ingenieur of 'n geograaf.

Die oorsprong van tradisionele beplanning is anargisties en kommunisties, wat 'n anti-regering manier van vryheid was en 'n nie-hiërargiese stelsel van die regering (Hall, 1996:143). Dit het verklaar dat die samelewing hul eie grond van samewerking moet hê en dat 'n sentrale regering nie meer nodig was nie (Greed, 1996:108). Die industriële stad was beskou as 'n onaangename, onbehoorlike omgewing vir gemeenskappe. Hierdie tradisie het aangevoer dat geskoolde arbeid

nie skaalvoordele nodig gehad het nie. Nuwer nywerhede sou kwansuis kleiner in skaal wees, in teenstelling met die groot industriële konsentrasies (Hall, 1996:144). Beplanners wou die industriële stad verander deur die land en die stad te kombineer in 'n poging om die fisiese omgewing en sosiale verhoudings binne die gemeenskap te verbeter (Weaver *et al.*, 1985:153). Die navorser is van mening dat hierdie idee die grondslag vir stadsbeplanning en ontwikkeling vir die komende jare geskep het.

Na afloop van die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) was daar 'n vraag na beter behuising en verbeterde sosiale omstandighede vir die werkersklas. Die samelewing was verdeel langs klaslyne, waar vroue die meerderheid van fabriekswerkers uitgemaak het. Hulle moes hierdie poste oorhandig aan die mans wat uit die oorlog teruggekeer het (Glasson, 1978:108). Gedurende hierdie tydperk is plaaslike owerhede verplig om skemas, soos stadsplanne vir nedersettings met meer as twintigduisend mense te ontwerp wat ook die algehele sonerings grondgebruik en die ligging van die betrokke wyk aantoon. Gedurende hierdie tydperk het spoorweë eksponensieël gegroei mense het reeds die drang begin voel om na die stil platteland, buite belangrike dorpe, te ontsnap – a.g.v die vinnige stadsverspreiding en opeenhoping (Greed, 1996:108).

2.5 NA DIE TWEDE WÊRELDOORLOG PARADIGMAS

2.5.1 Rasionele beplanning

Na die oorlog was daar 'n verandering oor die manier hoe daar oor beplanning gedink was, wat 'n paradigmatuif genoem kan word, vanaf substantiewe rasionaliteit tot 'n meer rasionele omvattende manier van dink oor beplanning. Die rasionele omvattende benadering tot beplanning het gedurende die 1950's en 1960's ontwikkel (Weaver *et al.*, 1985:157). Die rasionele omvattende perspektief probeer om logiese positivisme op die samelewing toe te pas. Rasionaliteit word gevorm deur positiewe kennis en instrumentele berekening, wat beweer om objektief en universeel te wees. Vanuit 'n pragmatiese perspektief, was die dieper, onderliggende sosiologiese strukture en persoonlike ervaring sonder toesig gelaat (Allmendinger, 2001:17).

Die 1950's tot 1970's was onstuimige dekades vir beplanning praktyke regoor die wêreld (Greed, 1996:108). Met die hoogtepunt en ondergang van stedelike vernuwing; die opkoms van omgewingsbewustheid en bestuur; die opkoms en ondergang van ambisieuse federale behuising en anti-armoede programme; en die burgerregte en vryheid-van-spraak-bewegings onder andere ontwikkel. Hudson (1979:149) noem dat hierdie gebeure tot talle nuwe teorieë in beplanning gelei het. Teoretici het begin om die konvensionele rasionele-omvattende benadering as onvoldoende beskou. Volgens Huxley & Yiftachel (2000:336) het twee bekende

teoretici die periode opgeneem met groot uitdagings aan die rasonele omvattende, paradigma. Charles Lindblom (1959) bevestigte die idee dat beplanning omvattend kan wees. Vier-en-twintig jaar later het Donald Schön (1983) die basis van rasionaliteit geheel en al bevestigte. Eienskappe van die rasonele-omvattende beplanner, in Forester (1982) se interpretasie, sluit onoplettende aandag aan politiek in en 'n afhanklikheid aan probleemoplossing deur middel van tegniese inligting. Alexander (1997:3) noem dat in Pierre Clavel (1986) se interpretasie het hierdie beplanners hulself gedistansieer van "ideologiese of doelwitstelling verpligtinge". Die substantiewe aanvulling tot die sinoptiese teorie van die beplanningsproses was die stelselsbenadering (hierdie benadering sal in detail bespreek word in afdeling 2.5.2). Die idee van stede as stelsels behels die manipulering van meganistiese bewegings van mense en goedere tussen plekke om 'n groter verskeidenheid te bied (Faludi 1973:40). Dit het die reaksie op probleme "in spesifieke en duidelike maniere" voortgebring (Faludi 1973:35). Hierdie akademiese teoretici en ander oorweldigendes was baie twyfelagtig oor die rasonele-omvattende benadering. Kritici soos Charles Abrams het lankal die sosiale en politieke aard van beplanners beklemtoon na die oorlog-era projekte (Hall, 1988:279). Gevolglik het akademiese selde die rasonele-omvattende benadering handhaaf as 'n geskikte teorie van beplanning, hoewel sommige akademiese die volharding in die praktyk opgemerk het, as gevolg van die gebruikswaardige aspekte van baie beplanningstake (Alexander, 1997:5). Akademiese het voortgegaan om prosedurele rasionaliteit te bevorder in die pluralistiese forum van beplanning, selfs al was dit nie omvattend nie (Healey, McDougall & Thomas, 1979:2).

2.6 BEPLANNING IN DIE 1980's

Beplanningsteorie was in 'n hiperaktiewe toestand sedert die vroeë 1980's met ontwikkelinge in 'n aantal velde, soos neo-liberale en openbare keuse perspektiewe (Healey, 1991), postmoderne beplanning (Allmendinger, 2001), neo-pragmatisme (Hillier & Healey, 2008), die politieke ekonomie benaderings (Allmendinger, 2002) en samewerkende beplanning (Forester, 1999; Healey, 1997). Nie eers om te praat van die oorfloed van nuwe teoretiese perspektiewe of raamwerke wat – en steeds gebruik word om beplanning te verstaan en te analiseer nie.

Meer as drie dekades gelede het Hemmens en Stiftel (1980) probeer om die roetes wat verskillende beplanningsteoretici volg, neer te lê. Hulle het bevind dat teoretici meer aandag geskenk het aan sosiale praktyke, norme, gedrag en taal. Dit is in teenstelling met positivistiese en prosedurele grondslae tot teoretiese denke in die 1960's en 1970's. Die fragmentering van teorie was gemerk as die 'paradigma wegbreek' (Hudson, 1979) of 'n teoretiese pluralisme en was gekenmerk in die daaropvolgende jare deur analyses en ontwikkeling van nuwe roetes vir teoretiese denke en besinning (Healey *et al.*, 1979:5). Hemmens en Stiftel maak melding dat dit wel 'n ander antwoord wat minder gewild was om die "raamwerk" of tipologie van

beplanningsteorie navore te bring. Yiftachel (1989) het byvoorbeeld aangevoer dat die fragmentering van teorie 'n nuwe tipologie vereis omdat dit ingewikkeld is, eerder as om vorige probleme en teenstrydighede uit te klaar.

Paris (1982:38) noem dat die teoretiese grondslae van beplanning en grondgebruik beplanning nog oormatig eklekties, diep verdeeld, verwarrend en van min hulp vir praktiseerders was. Tot en met die vroeë 1980's, was die dominante tipologie van beplanningsteorie afgelei van Faludi (1973) wat sy benadering op die onderskeid tussen substantiewe en prosedurele teorie gebaseer het. Faludi (1973) se tipologie prosedures, was veronderstel om die besigheid van beplanning en beplanners te wees. Gevolglik is beplanningsteorie oorheers deur die stelsels en rasionele benaderings wat albei die bostaande proses ondersteun. Kritiek hiervan is gelei deur, onder andere, Thomas (1982), Paris (1982) en Reade (1987) wat aangevoer het dat Faludi se benadering veronderstel dat beplanning apolities en tegnies was. Daaropvolgende ontwikkelinge deur Faludi (1987) om verantwoording te doen oor die kritiek, het hy bloot aanvaar dat verskillende soorte substantiewe teorie bestaan, maar die goeie belang van beplanning was prosedurele teorie. Desnieteenstaande teen die kritiek, het die substantiewe-prosedurele onderskeid steeds 'n gewilde tipologie gebly en om beplanningsteorie te verstaan (Alexander, 1997). Dit was deels as gevolg van die simbiotiese verhouding tussen rasionele en stelselsbeplanningsteorie en die oorheersing van akademiese literatuur en beplanningspraktyke (Sandercock, 1998:25).

2.6.1 Substantiewe prosedurele beplanning

Die oorheersing van die substantiewe-prosedurele grondslag tot beplanningsteorie en praktyk was die hoogtepunt tot in die laat 1970's, toe die na-oorlogse konsensus oor beplanningsdenke soos in baie ander vakgebiede, die eensaamheid na 'n verskeidenheid van posisies geblaas het (Healey, 1991:12). Die verskillende posisies is uiteengesit deur 'n aantal studies (bv Friedmann, 1987; Healey, *et al.*, 1979; ens) en word gesien óf as ontwikkeling van óf teenstelling tot substantiewe-prosedurele tipologie. Healey *et al.* (1979) se teoretiese posisies in beplanningsteorie in die 1970's omskryf die nuwe en opkomende posisies met verwysing na prosedurele beplanningsteorie. Reade (1987:4) dui daarop dat maatskaplike beplanning en ondersteuningsbeplanning uitgebeeld word as ontwikkeling van prosedurele beplanningsteorie deurdat prosedurele beplanningsteorie gesien word as maatskaplike welsyn doelwitte. Hierdie inkrementele perspektief op die ontwikkeling van teorie *vis-a-vis* die substantive – prosedurele tipologie het die diepte van die skeuring wat plaasgevind het, gemis (Healey *et al.*, 1991:7). In baie fundamentele wyses, het die nuwe of herontdekte velde van teorie onherroeplik gebreek met die positivistiese verlede en die substantiewe-prosedurele onderskeid wat dit omring het (Healey, 1991:12). In die afwesigheid van 'n alternatiewe tipologie waarmee hierdie

veranderinge geanaliseer kon word, het teoretici die substantiewe – prosedurele onderskeid behou (Healey *et al.*, 1991:7). Gevolglik kon die ontleding van die veranderende aard van beplanningsteorie nie rekenskap gee waarom hierdie fragmentering van beplanning plaasgevind het nie, ook nie ten volle verandering of die implikasies daarvan begryp nie (Healey *et al.*, 1991:7).

Een van die mees gedetailleerde tipologieë van beplanningsteorie het met John Friedmann (1987) se “*Planning in the Public Domain*” gekom, wat vier tradisies van beplanningsdenke identifiseer – beplanning as beleidsanalise, sosiale leer, sosiale hervorming en sosiale mobilisasie. Friedmann (1987) se benadering het nuwe hoogtes gebreek – sy vier tradisies was afwykings van vorige opvattinge en die mate van detail en begrip dui op ’n baie meer uiteenlopende basis op beplanningskennis as wat tot dusver bespreek is.

Bogenoemde benaderings erken fragmentering van beplanningsteorie en probeer om dit te verteenwoordig, eerder as om te verstaan wat gebeur het. Die eerste werklike tipologie wat probeer om ’n dieper begrip te verskaf is ontwikkel deur Oren Yiftachel (1989). Terwyl daar aanvaar word dat daar ’n paar belangrike ontwikkelingsbenaderings deur Faludi was, het dit egter nie kritiek ontsnap nie. Yiftachel (1989:39) het die vorige tipologieë gekritiseer omdat:

- dit versuim om die prosedurele – substantiewe en verduidelikende – voorskrifte te hanteer;
- dit die meeste teorieë verkeerd hanteer asof dit meeding vir verduidelikings vir ’n algemene verskynsel; en
- dit nie duidelike grense stel vir die gebied van beplanning ondersoek nie.

Daar kan byvoeg word dat die algehele benadering tussen die verskillende tipologieë breedweg soortgelyk is – elkeen is gebaseer op ’n implisiete of eksplisiete en progressiewe siening van beplanningsteorie wat die groot ooreenkomste en verskille tussen verskillende intellektuele tradisies identifiseer.

Hierdie afdeling het ’n breedvoerige oorsig gegee oor die ontwikkeling van beplanningsteorie vanaf die Eerste Wêreldoorlog tot en met die vroeë 1980’s. In die volgende afdeling sal die stelselsbeplanning, wat direk verband hou met beplanning in die openbare sektor en wat die GOB prosesse op plaaslike regering beïnvloed, bespreek word.

2.6.2 Stelselsbeplanning

Die oorsprong van stelselsbeplanning verskil van skrywer tot skrywer, vermoedelik as gevolg van die verskil in beplanningsliteratuur tussen die Verenigde State van Amerika (VSA) en die van Europa. Volgens Taylor (1980:64) het stelselsbeplanning ontwikkel in reaksie op kritiek van tradisionele beplanning. Die fondament van stelselsbeplanning kom voor om op die werk van

Brian McLoughlin (1969) en Lewis Keeble (1969) te rus. Terwyl Allmendinger (2002:44) aandui dat stelselsbeplanning in die middel 1960's ontwikkel het in die Verenigde Koninkryk (VK). Met verwysing na die werk van Brian McLoughlin (1969) en George Chadwick (1971) as die mees invloedryke werk vir hierdie perspektief, wat menslike stelsels koppel (stede) met ekologiese of natuurlike stelsels (Allmendinger, 2002:44).

Swanepoel (2012:58) dui aan dat die stelselsbenadering tot bestuur na vore gekom het in die 1950's as 'n kontrapunt met bestaande praktyke wat fokus op geselekteerde aspekte en funksies van 'n organisasie in isolasie. Volgens Chadwick (1971:5) was dit gewild in die 1980's, wat gebaseer was op die beginsel dat die geheel is meer as die som van die dele. Alhoewel beplanning gedefinieer word as voorspellende besluitneming, is dit gerig op 'n stelsel van besluite, wat 'n versameling is van besluite. Volgens Fox *et al.*, (2012:70) moet die besluite funksioneer met verloop van tyd om die interafhanklikhede tussen lede van die besluitneming te bereik en deur terugvoer van inligting, word die bestuur van die stelsel bekom. Bestuur hang af van 'n fondasie van beheer: die vermoë om te reguleer en rigting te gee, wat beplanning in hierdie konteks net 'n deel uitmaak om die stelsel te bestuur (Chadwick, 1971:3).

Stelselsbeplanning herken 'n stad en die streke as 'n komplekse stelsel wat met mekaar verbind en dinamiese dele of verskynsels in konstante verandering (Taylor, 1998:63). Die vermeende of waargeneemde stelsels van stede en streke hou verband met voorspellingsmodelle – en grootskaalse kwantitatiewe modelle (Allmendinger, 2002:44). Dit kan gesien word as 'n dinamiese proses van stelsel analise, beheer en monitering wat geassosieer word met 'n algemene hipotese oor ruimtelike verspreiding wat in werklikheid getoets kan word (Hall, 1988:327).


Die aard van beplanning vanuit hierdie perspektief word beskou as omgewingsbewaring en rasioneel. Die doel van die teorie is om die omgewing as 'n stelsel of met verbindings tussen die dele van 'n stelsel aan te dui (Taylor, 1998:61). Verandering van een deel, sal verandering veroorsaak in 'n ander deel (Taylor, 1980:205). Die beplanner word beskou as die industriële ekonoom of geograaf (Hall, 1988). Stelselsbeplanning word beskou as 'n rewolusie in Hall se historiese verwysing na teorieë (Hall, 1988:326).

Von Bertalanffy (1988:4) onderskei tussen twee tipes stelsels: oop stelsels en geslote stelsels. 'n Oop stelsel is 'n stelsel in ruil van aangeleentheid binne sy omgewing, wat invoer en uitvoer voorstel asook die opbou en afbreek van die materiaal komponente. Geslote stelsels, aan die ander kant, is selfversorgend en kan onafhanklik bestaan van 'n bepaalde omgewing (Von Bertalanffy, 1988:4) met ander woorde, dit is geïsoleer van hul omgewing.

Die mate waarin NOB hervormings tradisionele Publieke Administrasie in die praktyk verdring het, is debateerbaar (Minogue, 1998:30). In onlangse jare het die NOB beweging onder toenemende kritiek gekom. Argyriades (2002:172) tree in gesprek met die gebruik van die mark paradigma in publieke administrasie. Kickert (1996:202) is van mening dat NOB (verkeerdelik) veronderstel dat die privaatsektor nie kenmerkend van die openbare sektor is nie. 'n Ouer studie (Hood, 1991:16) voer aan dat openbare en privaatbestuur is ten minste so anders as wat dit dieselfde is en die verskille is meer belangrik as die ooreenkomste. Daar is ook 'n aantal studies wat getoon het dat die privaatsektor nie altyd meer doeltreffend as die openbare sektor, is nie (Rainey & Chun, 2007:75). Daar is ook 'n siening dat NOB nie geskik vir ontwikkelende lande is nie (Verenigde Nasies, 2005:1).

Verder is daar min bewyse dat NOB die gehalte en integriteit van die staatsdiens versterk (Verenigde Nasies, 2005:2). Minogue (1998:30) voer aan dat die NOB se klem op doeltreffendheid en effektiwiteit sit ongemaklik met die tradisionele Publieke Administrasie waardes: billikheid, gemeenskap, demokrasie, burgerskap en grondwetlike beskerming.

In 'n soortgelyke trant stel Argyriades (2002) dit dat NOB se oorheersende kommer is met bestuursvaardighede, buigsaamheid en koste-effektiwiteit, sonder kommer vir regverdigheid, gelykheid, deursigtigheid en aanspreeklikheid. Haque (2000:601) dui daarop dat tradisionele Publieke Administrasie waardes soos onpartydigheid, gelykheid, verteenwoordiging, integriteit, regverdigheid, welsyn, burgerskap en geregtigheid die rigting van besigheidswaardes soos doeltreffendheid, kompetisie, wins en waarde vir geld verander. Pollitt en Bouckaert (2000:119-120) argumenteer dat aanvalle op reëls en regulasies verkeerd is. Hulle sê dat die staat speel 'n belangrike stabiliserende rol speel; dit struktureer gedrag in instellings.

Daar is min twyfel dat NOB 'n sterk invloed op post-apartheid in Suid-Afrika gehad het, alhoewel NOB saam met doelwitte soos maatskaplike gelykheid, swart bemagtiging en armoedeverligting ingestel is. Nuwe Openbare Bestuur is een van die invloede op post-apartheid beplanning en spesifiek op die konstruksie van GOB (Harrison, 2001:178). Die invloed van NOB kom egter duidelik navore wanneer GOB beskou word as deel van die breër pakket van plaaslike regering hervorming in Suid-Afrika. Afgesien van GOB, sluit hierdie pakket 'n prestasiebestuurstelsel en dienslewering vennootskappe in (SA, 2000).

2.10.1 Dienslewering binne die Nuwe Openbare Bestuur-Paradigma

'n Kenmerk van NOB is 'n sterk kliënte fokus met die ontwerp en administrasie van dienste (Polidano, 1999, Pollitt en Bouckaert, 2000). Dit is nog 'n privaatsektor tegniek wat die produk formulering behels, om dit te toets teen die behoeftes van die gebruikers (Kaul, 1996:143). Hughes (2003:58-59) beweer dat NOB die noodsaaklikheid van direkte aanspreeklikheid tussen

die bestuurders en die publiek erken, want die resultate eis “kliente diens”. Dit het gelei tot ’n herdefiniëring.

Haque (2000:603-604) voer aan dat hierdie herdefiniëring van burgers as kliënte, uitdagings vir aanspreeklikheid gestel het. Markgedrewe aanspreeklikheid is vir privaat kliënte eerder as vir die kollektiewe publiek, veral lae-inkomste burgers wat nie in staat is om dienste te bekostig nie. Volgens Mantashe (2016) is dit die welgestelde Suid-Afrikaanse burgers eerder as die gewone burgers wat die regering tot verantwoording roep.

Die Witskrif oor die Transformasie van Openbare Dienslewering (SA, 1997) ook bekend as die *Batho Pele* inisiatief (mense eerste) het ten doel om dienslewering ’n prioriteit in die staatsdiens te maak. Dit behels ’n verskuiwing van burokratiese stelsels tot prosesse na ’n nuwe manier van werk wat vinniger en meer reageerbaar is en wat die behoeftes van die publiek eerste stel (Ncholo, 2000:87).

Batho Pele bestaan uit 8 beginsels naamlik konsultasie met burgers op die vlak en gehalte van dienste, die instelling van diensstandaarde, gelyke toegang; beleefdheid en bedagsaamheid, om inligting te verskaf oor geskiktheid, openheid en deursigtigheid met betrekking tot koste en verantwoordelikhede en regstelling en waarde vir geld (SA, 1997). Volgens Miller (2005:79) spreek dit die taal van NOB en verskans die idee dat die publiek kliënte is.

2.10.2 Dienslewering binne openbare administrasie

Openbare administrasie vertoon ’n meer kliënt-gesentreerde benadering, dit beklemtoon openbare betrokkenheid in beleidsformulering en implementering (Thornhill & Van Dijk, 2010:103).

Publieke Administrasie as ’n dissipline is die studie van hoe die regering funksioneer, die implementering van openbare beleid en die bestuur van openbare sake. Daar is verskillende paradigmatiese benaderings of teorieë tot die studie, soos NOB (Thornhill & Van Dijk, 2010:103). Die funksie van openbare administrasie is die funksie van die openbare amptenaar wat enige funksie van ’n openbare amptenaar is wat openbare administrasie uitmaak, vanaf beleid tot organiseer, personeel, begroting en beheer is alles funksies van openbare administrasie (Van Dijk, 2014). In die geval van hierdie studie sal die proses van GOB impliseer dat die administratiewe proses deur openbare amptenare geïmplementeer word met die uitvoering van hul pligte.

Die konsep van openbare administrasie het nog altyd die studie van openbare dienslewering beteken (Dye, 1987:324). Die doel van die staatsdiens is om dienste aan die gemeenskappe te lewer (Craythorne, 2006:104). Die staatsdiens is nodig om die beleid van die regering uit te voer. Publieke Administrasie in die staat maak dit moontlik en ondersteun die aktiwiteite van

openbare administrasie. Die openbare bestuursfunksie as 'n funksie van openbare administrasie gee rigting aan die administratiewe optrede van staatsamptenare, deur doeltreffende en effektiewe uitvoering van beleide te verseker in die staatsdiens.

Noudat die teoretiese grondslag gevestig is, is dit belangrik om die konsep van GOB te bespreek om aan te toon hoe hierdie teorieë GOB beïnvloed het, asook die verband wat daar bestaan. Hierdie konsep word vervolgens bespreek.

2.11 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSBEPLANNING (GOB)

2.11.1 Agtergrond tot die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP)

Gedurende die 1990's was die konsep van geïntegreerde beplanning aangepas in Suid-Afrika vanuit sterk internasionale tendense in die rigting van holistiese en meer volhoubare ontwikkeling. Dit was plaaslik gesien as 'n geskikte metode om die tekortkominge en onregverdige beplanning van apartheid aan te spreek (Harrison, 2001:180). Dit was beklemtoon dat 'n nuwe stelsel van munisipale beplanning moet:

- verseker dat daar deelname van gemeenskappe is;
- die mees basiese behoeftes van gemenskappe aanspreek;
- ten doel het om onregverdige ruimtelike of institusionele patrone van die verlede te disintegreer;
- poog om geïntegreerde en volhoubare ontwikkeling te verseker; en
- fokus op dienslewering (Pycroft, 1998:155).

Hierdie idees was geleidelik gekristalliseer in die nuwe konsep van GOB. Die konsep is daarna opgeneem in 'n verskeidenheid van dokumente soos die Ontwikkelingsfasilitering Wet 1995, die Grondwet van 1996, die Witskrif op Plaaslike Regering 1998, die Wet op Munisipale Strukture 1998 en die Wet op Munisipale Stelsels 2000. Hierdie wette sal in hoofstuk drie van hierdie verhandeling bespreek word.

2.11.2 Wat is Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning?

Die Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake (DSRTS) (2010:2) definieer GOB as "n proses waardeur 'n munisipaliteit 'n ontwikkelingsplan ontwikkel vir die kort-, medium- en langtermyn". Die kern hiervan is ontwikkelingsbeplanning. 'n Meer omvattende definisie word verskaf deur die *Intergovernmental Forum* vir effektiewe beplanning, naamlik "dit is 'n strategiese en deelnemende proses wat ekonomiese, sektorale, ruimtelike, sosiale, infrastrukturele, institusionele, fiskale, grondhervorming, vervoer, omgewing, behuising, water en ander strategieë integreer. Sektorale planne moet ook geïntegreer word, sodat die skaars

hulpbronne optimaal toegewys kan word aan die verskillende sektore en geografiese gebiede. Die doel is om die hele bevolking te ondersteun op 'n wyse wat volhoubare groei en gelykheid bevorder met die klem op kapasiteitsbou in arm en gemarginaliseerde gemeenskappe. Uit hierdie eerder komplekse definisie, blyk dit asof die uiteindelige doel van GOB is om volhoubare groei en gelykheid te bevorder. Craythorne (2006:154) omskryf GOB as 'n proses waardeur munisipaliteite 'n strategiese ontwikkelingsplan vir 'n tydperk van vyf jaar voorberei. Bo en behalwe hierby definieer die *Development Bank of South Africa* en die *National Business Initiative* (DBSA & NBI, 2005:5) GOB as 'n ontwikkelingsinstrument wat munisipaliteite in staat stel om 'n breë strategiese siening van hul ontwikkeling vereistes te neem en om alle belangrike kwessies in 'n holistiese GOP aan te spreek.

“Geïntegreerd” is waarskynlik die kern wat anders is oor GOB. Geïntegreerd beteken nie net om een sektor te oorweeg nie of 'n versameling van kwessies nie, maar bring eerder al die belangrike sektore saam. Dit beteken ook om die poging van nasionale, streek- en plaaslike regering saam te bring; by 'n munisipale vlak, die poging van individuele inwoners; groepe (soos nie-regeringsorganisasies); die private sektor; en ander belanghebbendes. Om doelwitte te stel en saam te werk in 'n beplande manier om hierdie doelwitte te bereik in die belang van die gemeenskap. Sulke integrasie vereis holistiese denke. Kwessies en sektore word in verhouding tot mekaar gebring en nie in isolasie nie. Dit stel die beste manier voor om hulpbronne te allokeer om die ontwikkelingsdoelwitte te bereik (DSRTS, 2010:3). Geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning moet 'n munisipaliteit in staat stel om:

- die huidige situasie in die munisipale gebied te assesser, insluitende beskikbare hulpbronne, vaardighede en vermoëns;
- die behoeftes van die gemeenskap te assesser;
- die behoeftes te prioritiseer in die volgorde van dringendheid en belangrikheid;
- doelwitte te stel wat aan die behoeftes voldoen;
- strategieë te ontwerp om die doelwitte binne 'n bepaalde tyd te bereik;
- projekte en programme te ontwikkel en te implementeer ten einde doelwitte te bereik;
- doelwitte te stel sodat prestasie gemeet kan word;
- effektief te begroot met beperkte hulpbronne; en
- gereeld die ontwikkelingsprogram monitor en herevalueer en waar nodig veranderinge aanbring (Craythorne, 2006:157).

Uit die bostaande definisies en besprekings is dit duidelik dat GOB 'n belangrike rol speel in plaaslike regering ten einde hul wetgewende mandaat uit te voer soos uiteengesit in die Grondwet van SA, 1996.

Die formulering en prosesse by die voorbereiding van hierdie planne is belangrik ten einde programme en projekte suksesvol te implementeer. Hierdie programme en projekte moet egter op 'n gereelde basis gemonitor en geëvalueer word om te verseker dat gestelde doelwitte bereik word of nodige aanpassings gemaak word om dit te bereik. Daar kan afgelei word dat GOB gaan oor die mense, balans en billikheid en erken dat die belangrikste taak van enige ontwikkelingspogings is om betekenisvolle geleenthede te skep vir mense om hulself te bemagtig.

2.11.3 Internasionale invloed op GOB in Suid-Afrika

Dit is duidelik dat die GOP treffende ooreenkomste deel met 'n verskeidenheid van internasionale idees en praktyke, insluitend: 'n paar idees oor beplanning wat na vore gekom het uit die VK se *New Labour* regering (1997 – hede); die konsep van geïntegreerde beplanning en monitering van prestasie wat bevorder word in Nieu-Seeland (McKinlay, 2000); die geïntegreerde plaaslike beleid in Switserland (Argyriades, 2002); geïntegreerde omgewingsbeplanning in Europa (Harrison, 2001) en die multisektorale belegging beplanning wat bevorder word deur die *United Nations Development Programme* (UNDP) (Singh, Steinberg & Von Einsiedel, 1996:643).

Die internasionale invloed op beplanning in 'n post-apartheid Suid-Afrika is dikwels subtiel en verborge, maar die mees voor die handliggende agente sluit: *The German Agency for Technical Cooperation (GTC)*, *the World Bank's Urban Sector Missions to South Africa*, buitelandse konsultante, insluitend 'n sleutelpersoon wat verband hou met die VK se *Overseas Development Agency* in. Daar was ook 'n aantal internasionale toere onderneem deur senior amptenare en politici in die nuwe Suid-Afrikaanse regering, na lande soos Zimbabwe, Brasilië, Indië, Maleisië, Pole, Kanada en die Filippyne. Met betrekking tot GOB was die GTC veral invloedryk (Harrison, 2001:151-155).

In 1996 het die Departement van Grondwetlike Ontwikkeling (nou bekend as DSRTS) en die GTC saamgewerk om die Gedesentraliseerde Ontwikkelingsbeplanning (DOB) projek bekend te stel, om die GOB te ondersteun in Suid-Afrika (Manyaka & Madzivhandila, 2013:175). Sedertdien het die DOB 'n sentrale rolspeler geword met die definiëring van ontwikkeling van die plaaslike beplanningstelsel. Van die veelvoudige idees en praktyke onderliggend aan die Suid-Afrikaanse GOB, is die belangrikste: die Nuwe Openbare Bestuurspraktyke, historiese en kontemporêre idees oor integrasie binne beplanningsprosesse en konsepte van ontwikkeling en ontwikkelingsbeplanning (Harrison, 2001:160).

In 1989 het die Nieu-Seelandse regering 'n vereiste vir beplanning en verslagdoeningstelsel op plaaslike vlak bekendgestel om verhoogde aanspreeklikheid van plaaslike regering aan die

gemeenskappe te verseker (Manyaka & Madzivhandila, 2013:178). Daar was spesifiek van plaaslike Rade verwag om jaarlikse sakeplanne te formuleer wat die voorgestelde aktiwiteite, uitgawes, bronne van inkomste en prestasieteikens uiteensit. Dit is waarskynlik dat die sakeplan vereiste in Suid-Afrika se 1994 Witskrif oor die Heropbou – en – Ontwikkelingsprogram (HOP) deur die Nieu-Seelandse ervaring ingelig was (Harrison, 2001:160).

In 1996 het Nieu-Seeland egter die Wet op Plaaslike Regering Wysigingswet aanvaar, wat die doelgerigte begrotingstelsel deur plaaslike munisipaliteite verplig het om 'n langtermyn-finansiële strategie te formuleer en moes ten minste elke derde jaar geformuleer word (McKinlay, 2000). Dit was ook in 1996 dat 'n wysiging van die Plaaslike Regering Oorgangswet wat GOP'e in Suid-Afrika bekend gestel is, met die klem dat daar 'n verband moet wees tussen beplanning en begroting- 'n verpligte vereiste vir plaaslike regering.

In Suid-Afrika, miskien in teenstelling met Nieu-Seeland en ander lande wat 'n meer direkte neoliberale agenda volg, het beplanning sentraal gebly. Die Suid-Afrikaanse begrip van GOB trek op die verskillende sienings oor die integrasie en ontwikkeling binne die teorie en praktyk van beplanning. In terme van beplanning, is idees hoofsaaklik ingevoer uit die VK en die VSA, en is gekoester in Suid-Afrika binne liberale instellings soos universiteite- selfs tydens die ergste dae van apartheid (Harrison, 2001:160).

'n Vergelyking tussen die ontwikkeling van beplanning en begroting in Suid-Afrika en Nieu-Seeland is verhelderend, deels omdat Nieu-Seeland dikwels aangehaal word as 'n model van NOB en deels omdat Nieu-Seelandse ontwikkelingservaring Suid-Afrika ingelig het. Daar moet egter nie te veel ooreenkomste gesien word nie. Nieu-Seeland, fokus byvoorbeeld sterk en meer gesofistikeerd op finansiële bestuur, terwyl Suid-Afrika se GOB, alhoewel gemoeid met die beplanningsbegroting skakel, is dié breër belange van HOP in berekening gebring. Die Suid-Afrikaanse benadering is nader aan die van die *United Nations Development Programme (UNDP)*, wat die NOB agenda binne 'n breër konteks van kwessies plaas, wat verband hou met die verligting van armoede, werkskepping en volhoubare lewensbestaan (VN, 2005:18).

Die magtige invloed van NOB in Suid-Afrika se plaaslike regeringssisteem word nou erken en die verband tussen NOB en GOB is ook gemaak. Die aankoms van GOB in SA kan die beste verstaan word in die konteks van die tweede golf van NOB benaderings, geassosieer met die *Third Way (or centre-left)* bestuur van die 1990's (Harrison, 2001). Die NOB – wat nie meer nuut is nie – word oor die algemeen geassosieer met die doeltreffendheid en effektiwiteit wat voorgeskryf word deur die neo-liberale benadering tot bestuur.

2.11.4 Komponente van die geïntegreerde ontwikkelingsbeplanningsproses

Gegewe die feit dat GOB 'n strategiese beplanning en bestuursinstrument is, volg dit 'n soortgelyke proses en logika. Die proses bestaan uit vyf fases en elk van hierdie fases word kortliks hieronder beskryf en wat die doel daarvan is. Die vyf fases word gekenmerk deur:

Fase een - *Situasie analise*: Dit is 'n grondslag analise – “Waar is ons nou?” Die eerste deel is om probleemareas voor te stel soos: algemene statistiese inligting, munisipale finansies, infrastruktuur en bates, die plaaslike ekonomie, sosio-ekonomiese toestande, 'n omgewing assessering, 'n institusionele analise en dies meer (Venter, 2010:103). Terwyl daar baie nuttige inligting in hierdie afdeling is, lê die meriete in die feit dat dit saamgestel word deur 'n munisipale amptenaar. Dit verhoed dat die GOP deur konsultante opgestel word, wat dikwels tot gebrekkigheid lei (Clarke 2002: 333-334; De Visser 2005:229) (die Mohokare Plaaslike Munisipaliteit se GOP is 'n goeie voorbeeld hiervan - sien Ingle 2007:13-14). Die grondslag analise word gevolg deur die bepaling van 'prioriteite'. Dit word streng aanbeveel dat die onder-na-bo benadering hier gevolg word.

Die volgende stap in die fase is dat die gemeenskap hulle behoeftes bekend maak aan die munisipaliteit”. Hier word daarop gewys dat die prioriteite, soos geïdentifiseer deur die munisipaliteit, verander moet word, om ooreen te stem met die gemeenskap se insette. 'n Situasie analise kan 'n groot hoeveelheid inligting insamel, soms is 'n groot deel daarvan nie relevant om strategie te formuleer nie. Venter (2010:104) stel voor om die inligting bestuurbaar te maak, is dit sinvol om die interne faktore volgens sterk- en swakpunte en die eksterne faktore as geleenthede en bedreigings te kategoriseer. Hierdie analise word die SWOT analise genoem en word dikwels in strategiese beplanning gebruik (Rossouw, Le Roux & Groenewald, 2003:70).

Fase twee - *Strategieë*: dit is waar die munisipale visie en die strategiese doelwitte geformuleer word. 'n Onderskeid word getref tussen doelwitte en strategieë en laasgenoemde word gegroepeer in kategorieë soos Munisipale Finansies, Omgewing, Institusionele Ontwikkeling, ens. As die munisipaliteit die probleme verstaan wat die mense van die area affekteer en die oorsake van die probleme geïdentifiseer het, moet daar dan met oplossings vorendag gekom word om hierdie probleme aan te spreek. As die strategieë en probleme geïdentifiseer is, lei dit tot die identifisering van projekte (SA, 2000:18).

Fase drie – *Projek beplanning*: Hierdie fase werk met die ontwerp en spesifikasies van die projekte wat geïmplementeer moet word. Die munisipaliteit moet verseker dat die geïdentifiseerde projekte, 'n direkte skakel het met die prioriteitskwessies en die doelwitte wat geïdentifiseer was in die vorige fase. Verder moet die prestasie aanwyser en teikens geformuleer word om die impak en prestasie van die projekte te meet. In hierdie fase word die volgende ook uiteengesit: die begunstigdes; die plek van die projek; die aanvangs- en voltooi

datum van die projek; die persoon verantwoordelik om die projek te bestuur; die koste van die projek; en die befondsing bronne (SA, 2000:18).

Fase vier – Integrasie: As die projekte geïdentifiseer is, moet die munisipaliteit verseker dat die beplanning van die projekte nagegaan word om nakoming van die visie, doelwitte, strategieë en hulpbronne te verseker. Hierdie projekte moet nagegaan word in terme van inhoud, plek en tydsberekening ten einde gekonsilideerde en geïntegreerde programme te verseker (SA, 2000:18)

Fase vyf – Goedkeuring: Voordat hierdie dokument deur die munisipale Raad aanvaar word, moet alle belanghebbendes, insluitend ander sferes van regering, die kans gegun word om kommentaar te lewer op die konsepplan. Om die goedgekeurde plan legimiteit, ondersteuning en relevantheid te gee (SA, 2000:18).

’n Belangrike ooreenkoms tussen die GOB-proses en die beginsels van effektiewe strategiese bestuur is dat die planne en verwante strategieë alles in ’n instelling ingesluit is. Dit beteken dat alle funksies en alle hulpbronne wat beskikbaar is, gebruik moet word om die onderskeie strategieë te formuleer en te implementeer. In die praktyk beteken dit dat die beperkte hulpbronne so effektief en doeltreffend aangewend word om dienste van ’n hoë kwaliteit aan plaaslike gemeenskappe te lewer.

Die belangrikste oogmerk van hierdie studie is om ’n ondersoek te loods aangaande die effektiwiteit van die GOP van die OPM ten einde te bepaal of diensleweringsteikens bereik word al dan nie. Die volgende en finale afdeling van hierdie hoofstuk is daarop gemik om meer helderheid te verskaf rondom die konsepte “effektiwiteit” en “doeltreffendheid” en hulle toepassing met betrekking tot dienslewering, spesifiek op die plaaslike regeringsfeer van SA. Dit is belangrik om hierdie konsepte te bespreek in hierdie studie ten einde ’n teoretiese grondslag te skep om die vierde navorsingsdoelwit aan te spreek, naamlik om die effektiwiteit van die GOP aan die hand van die beskikbare GOP-evalueringsraamwerk van DSRTS te ondersoek, sowel as nakoming daarvan deur OPM te bepaal.

2.12 KONSEPTUALISERING VAN EFFEKTIWITEIT EN DOELTREFFENDHEID

2.12.1 Effektiwiteit

Effektiwiteit “beteken om doelwitte te bereik of ander beoogde gevolge van aktiwiteite by ’n program of entiteitsvlak (Masango, 2000:62). Volgens Lee en Whitford (2008:41) is die doel van *effektiwiteit* om die vasgestelde doel of doelwitte, of operasionele uitsette, onmiddellike resultate, intermediêre of globale impak te bereik. “Effektiwiteit beteken om hulpbronne te gebruik op so ’n manier dat die uitsette gemaksimeer word vir enige stel hulpbron-insette, vir enige gegewe hoeveelheid en kwaliteit van uitsette (Mandl, Dierx & Izkovitz, 2008:301).

Die doel van *effektiwiteit* is om die meeste van die beskikbare hulpbronne aan te wend om produktiwiteit te verhoog. Dit is moeilik om *effektiwiteit* en *doeltreffendheid* te isoleer van mekaar omdat dit deel uitmaak van die drievoudige “E” (“*effectiveness, efficiency & economy*”) prestasiesisteen. Vir die doeleindes van hierdie studie sal hierdie konsepte nie afsonderlik bespreek word nie, maar die navorser sal dikwels verwys na hierdie konsepte.

Op die gebied van openbare bestuur en administrasie, verwys *effektiwiteit* na “hoe goed die regering doen wat dit veronderstel is om te doen, of mense in die regering hard en goed werk, of optrede en prosedures help om die missie te bereik” (Lee & Whitford, 2008:5). Die *effektiwiteit* van plaaslike regering gaan oor die handhawing van goeie administratiewe beginsels soos wettigheid, deursigtigheid, onpartydigheid en aanspreeklikheid (Loekasjenko, 2009:5).

Dit verwys ook na die bevordering van sosio-ekonomiese gelykheid, maatskaplike welsyn en ’n beter lewe vir gemeenskappe (Sirayya, 2005:18). Volgens Rakate (2006:24) is die dominante doelwit in die openbare sektor die strewe na doeltreffendheid, effektiwiteit en die ekonomiese gebruik van openbare hulpbronne.

2.12.2 Doeltreffendheid

Doeltreffendheid en *effektiwiteit* hang af van hoe goed openbare amptenare gebruik maak van die beskikbare hulpbronne deur hul pligte uit te voer (Masango, 2000:60). *Doeltreffendheid* kan gedefinieer word as die verhouding van die totale uitsette tot insette (Lee & Whitford, 2008:7). Dit is hoe ekonomies ’n persoon is met die uitvoering van sy/haar take. Die doel is om maksimum uitsette te verkry met minimum insette. Masango (2000:61) stel dit dat die masjinerie wat insette tot uitsette omskakel bepalende effekte het tot ’n sekere mate, op die kwaliteit en kwantiteit van die uitsette, wat betrekking het op hoe effektief dienslewering is. ’n Effektiewe diens beteken dat die uitset voldoen aan die behoefte van die kliënt en dat die regte diens op die regte tyd gelewer word.

2.12.3 Effektiwiteit en doeltreffendheid op plaaslike regeringsfeer

Masango (200:65) verduidelik dat *doeltreffendheid* net gerig is op uitsette, ongeag die insette van die proses. In die plaaslike regering, kan die aanvaarbaarheid van ’n diens en die mate waarin dit bydra tot die welsyn van die gemeenskap en die rigting van verwesenlikheid as verordende beleidsdoelwitte dien en as ’n maatstaf waarmee doeltreffendheid van ’n diens bepaal kan word. *Doeltreffendheid* is ook ’n maatstaf waardeur die invloed van daardie funksies

en aktiwiteite geëvalueer word ten einde vas te stel of dit suksesvol was of nie. Daarom is *doeltreffendheid* 'n maatstaaf van sukses, om doelwitte te bereik (Rakate, 2006:25). Volgens Rakate (2006:26) is albei *doeltreffendheid* en *effektiwiteit* gemoeid met aanvanklik bedoelde doelwitte. Doeltreffendheid is hoofsaaklik gemoeid met hoe hierdie doelwitte realiseer, terwyl effektiwiteit hoofsaaklik gemoeid is met die vraag of die doelwitte gerealiseer het of nie.

Openbare administrasie as die funksie wat plaaslike regering se insette omskakel na uitsette is nie 'n uitsondering in hierdie verband nie. Die diens wat ontvang word, is die uitset en die administrasie is die proses waarin insette omgeskakel word na uitsette. In die beplanningsproses, bepaal *doeltreffendheid* die kwaliteit en kwantiteit van die openbare diens. Die konsep van dienslewering doeltreffendheid blyk om groter klem te plaas op die staat se rol om werknemers se bevoegdheid te bepaal, hoe hulle gestruktureer word en met 'n ewe sterk klem op die toesighoudende funksie van die regering (Van Dijk & Croucamp, 2007:667). Hieruit kan afgelei word dat die plaaslike regering effektiewe beplanning benodig om die dienste aan die publiek te lewer. Dit is die doel van hierdie studie: om die geïntegreerde ontwikkelingsplan van die OPM te ondersoek en die *effektiwiteit* en *doeltreffendheid* daarvan te bepaal.

Die *doeltreffendheid* van plaaslike regering raak duidelik wanneer skaars hulpbronne verstandig aangewend word om die gestelde prioriteite te bereik (Maserumule *et al.*, 2004:108). *Effektiwiteit* kan ook beskryf word as 'n maatstaf van hoe goed plaaslike regering is met die regverdige verspreiding van hulpbronne om sosio-ekonomiese ontwikkeling en billike geleenthede vir gemeenskappe te bevorder (Sirayya, 2005:2). Die grondslag vir 'n effektiewe, doeltreffende, ekonomiese en volhoubare plaaslike regering behels die aanvaarding van meganismes wat effektiewe bestuursprosesse op plaaslike regering bevorder, asook om aanspreeklikheid te verbeter (Rakate, 2006:25).

Gregory en Simms (1999:2) verklaar dat, indien die korporatiewe bestuur- en beplanningstelsel van 'n organisasie effektief is, bevorder dit die benutting van skaars hulpbronne binne die organisasie en die groter ekonomie en help dit ook met die beskerming van skaars hulpbronne vir dienslewering. Haque (2000:615) noem dat die handhawing van effektiwiteit prosesse vereis wat in staat is om vinnig aan te pas en wat ook buigsaam is. Alhoewel die omvang van effektiwiteit van enige toegepaste proses gemeet moet word indien enige verbetering of wysigings gemaak word. Om mededingend te bly, moet organisasies soos munisipaliteite, voortdurend effektiewe en innoverende strategieë vestig om met veranderende omstandighede by te bly, om dienste van 'n hoë kwaliteit te lewer (Gregory & Simms, 1999:4). Die toepaslikheid van die aangenome strategieë in plaaslike regering kan geassesseer word tot die mate waarin diensleweringprioriteite aan die werklike behoeftes van die plaaslike gemeenskap voldoen en hul vermoë om aan te pas by die behoeftes (SA, 2003).

Vanuit 'n pragmatiese perspektief moet die waarde van die GOP geassesseer word in terme van die bydrae van die prestasie van die munisipaliteit met die uitvoering van die ontwikkelingsmandaat. Die groot vraag moet dus gevra word of GOB lei tot beter uitkomstes en of die GOP'e wat tot dusver opgestel was, werklik geïntegreer was.

Uit bostaande bespreking is dit duidelik dat effektiwiteit en doeltreffendheid 'n belangrike aspek is in dienslewering asook in die GOB-proses. Dit verseker dat die uiteengesette doelwitte bereik word en vir die doel van hierdie studie dat dienste van 'n hoë kwaliteit aan gemeenskappe gelewer word. Dit kan dus aangevoer word dat die standaard van dienslewering 'n belangrike faktor is met die effektiwiteit en doeltreffendheid van die regering se gebruik van die beperkte hulpbronne en onderskryf die betroubaarheid van enige regering. Die standaard en kwaliteit van GOB sal tot 'n mate die doeltreffendheid en effektiwiteit van dienslewering bepaal en om beleidsdoelwitte te bereik.

2.13 HOOFSTUK SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk het die teoretiese beplanningsraamwerk verskaf wat nodig is om die eerste spesifieke navorsingsdoel van hierdie studie te operasionaliseer (sien afdeling 1.4.2), naamlik: om die effektiewe funksionering van beplanning te ondersoek as deel van die GOP-proses binne die Suid-Afrikaanse plaaslike regeringsfeer, as 'n meganisme om dienslewering te verbeter.

Die fokuspunt van hierdie hoofstuk was dus om 'n teoretiese raamwerk vir die funksionering van beplanning in die plaaslike regeringsfeer te verskaf ten einde die geslaagdheid van die OPM se GOP te bepaal, in ooreenstemming met die empiriese studie wat in hoofstuk vier gelaas gaan word. Die ontwikkeling van beplanning-, benaderings-, wêreldbeskouings en tendense was ook bespreek ten einde die begrip van die verskynsel van openbare beplanning te verdiep en hoe dit verband hou met die kwessie van beplanning/bestuur en die beduidende tendense van die wetenskap.

Die navorser het ook die toepaslikheid van die voorgenoemde binne die konteks van NOB en dienslewering uitgelig. Bykomend hierby is die konsepte van die ontwikkelingstaatsmodel, NOB teorie en die sosiale kontrak teorie ook bespreek. Die voormelde sal nie net help om die GOP van OPM te ontleed nie, maar sal ook bydra om die uitdagings te kontekstualisering wat die OPM in die gesig staar.

Die sisteembenadering is ook bespreek en is van groot belang vir hierdie studie as gevolg van die bepaalde leerstelling wat daaraan verbind word. Daar was ook melding gemaak van die NOB paradigma en die dienslewering konnotasie ten einde dienslewering te verbeter in die regering en spesifiek op plaaslike regering. Om dit te bewerkstellig word 'n sterk burokrasie in die staatsdiens benodig en hierdie verwantskap is ook kortliks bespreek.

Die hoofstuk het afgesluit deur die konsepte van doeltreffendheid en effektiwiteit te bespreek in die konteks van dienslewering wat uiteindelik sal help met die evaluering van die diensleweringprojekte wat aangedui is in die OPM se 2012/2013 tot 2016/2017 GOP-siklus. Die volgende hoofstuk sal die wetgewende en regulerende raamwerk, wat die GOP lei op die plaaslike regeringsfeer bespreek. Hierdie hoofstuk gaan sametrekke gevolge maak tussen die teorie en die wetgewende voorskrifte wat in die openbare praktyk toegepas word.

HOOFSTUK 3

DIE WETGEWENDE EN REGULERENDE RAAMWERK VIR GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSBEPLANNING OP DIE PLAASLIKE REGERINGSFEER

3.1 INLEIDING

Hoofstuk 2 van hierdie verhandeling het die teoretiese konteks van die GOB en dienslewering bespreek. Uit die bespreking is dit duidelik dat GOB belyn moet word om dienslewering by die plaaslike sfeer te verbeter. Voor 1994 was plaaslike regering fundamenteel gereguleer deur die verordeninge wat gewissel het tussen die verskillende provinsies en wetgewing oor verskeie onderwerpe soos finansiële bestuur, norme en standaarde, munisipale strukture en stelsels, grondadministrasie en elektriese installasies wat baie beperk is. Die oorgang na demokrasie het massiewe transformasie teweeggebring in plaaslike regering en 'n aantal hervormings was ingestel op plaaslike regering sowel as alle sferes van die regering sedert 1994. Die doel van hierdie hoofstuk is om die wetgewende en regulerende raamwerk van GOB te analiseer en te ondersoek op die plaaslike sfeer. Hierdie hoofstuk sal die derde navorsingsdoelwit aanspreek van hierdie studie, naamlik: om die wetgewende voorskrifte wat GOB in SA reguleer te ondersoek en te analiseer.

Die bogenoemde navorsingsdoelwit sal bereik word deur eerstens teoretiese en wetgewende parallele te trek en om dit in die praktyk toe te pas. Tweedens word die regering se beleid wat die belangrikste sosio-ekonomiese raamwerk vir die land in sy strewe om ontwikkeling te dryf verduidelik ten einde hul relevansie te bepaal in die konteks van hierdie studie.

3.1.1 Die kritieke rol van plaaslike regering

In die konteks van die Suid-Afrikaanse Grondwet, 1996 en spesifiek afdeling 152 van 'n ontwikkelingstaat, impliseer dit dat munisipaliteite 'n groter en beduidende rol in ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling toegeken word. Plaaslike regering word gedefinieer as 'n regeringsfeer geleë binne gemeenskappe en goed geplaas om toepaslik te reageer op plaaslike behoeftes, belange en verwagtinge van gemeenskappe (De Visser, 2005:57). Van der Waldt (2006:128) dui aan dat plaaslike regering op die voorvoet van openbare dienslewering is. Hierdie siening word ook verwoord deur Koma (2010:112) wat staaf dat plaaslike regering dikwels die eerste punt van kontak tussen 'n individu en 'n regeringsinstelling is. Daarom word dit ook dikwels aangevoer dat plaaslike regering die sfeer is wat die naaste aan die mense is.

Plaaslike regering kan beskryf word as openbare organisasies wat gemagtig is om die sake van 'n gegewe gebied of regsgebied te bestuur en te beheer (Mello & Maserumule, 2010:284). Dit is ook belangrik om daarop te let dat plaaslike regering verwys na 'n regeringsfeer en nie 'n individuele munisipaliteit nie. Al die individuele munisipaliteite in Suid-Afrika maak die kollektiewe sfeer op, bekend as plaaslike regering (Roux, 2005:64). Synde dié regering die naaste aan die mense is, is dit te wagte dat kernfunksies van munisipaliteite is om 'n verskeidenheid van basiese, maar noodsaaklike dienste aan die gemeenskap binne sy jurisdiksie te lewer (Roux, 2005:69). Teoreties gestel, is munisipaliteite die beste in staat om mense se wense en aspirasies te volvoer en te verstaan vir die gebied waarin hulle woon. Die voorsiening van dienste deur munisipaliteite is 'n grondwetlike verpligting.

Volgens afdeling 151 van die Grondwet, 1996 word uitvoerende en wetgewende magte aan plaaslike regering toegeken. Dit beteken dat munisipaliteite die magte het om te regeer op hulle eie inisiatief en die plaaslike sake van hulle gemeenskappe. Hulle gesag is egter onderworpe aan nasionale en provinsiale wetgewing. Die mate waartoe munisipaliteite gesag het hang af van die kategorisering soos voorgeskryf in die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 en die Grondwet, 1996.

Kategorie A munisipaliteite het eksklusiewe munisipale uitvoerende en wetgewende gesag in hul regsgebiede. Kategorie B munisipaliteite deel munisipale – uitvoerende - en wetgewende gesag in hul regsgebiede. metkategorie C munisipaliteite. Kategorie C munisipaliteite, munisipale – uitvoerende - en wetgewende gesag in die gebiede wat meer as een kategorie B munisipaliteit insluit. Om dienslewering te bespoedig, is daar deur die Afbakeningsraad besluit om die 278 munisipaliteite na afloop van die 2016 plaaslike verkiesing te verminder na 267 (SA, 2013). Die OPM waar hierdie studie geloods word, is 'n kategorie B munisipaliteit.

3.2 DIE REGULERENDE EN STATUTÊRE RAAMWERK VIR GOP EN DIENSLEWERING

Die volgende afdeling verskaf 'n oorsig aangaande die wetgewende en regulerende raamwerk vir GOB formulering, implementering en hersiening binne Suid-Afrikaanse plaaslike regering. Die mees noodsaaklike en toepaslike wetgewing ingestel op plaaslike regering ter bevordering van geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning en spesifiek vir doeleindes van hierdie studie, sluit in:

- Die Wet op Ontwikkelingsfasilitering no. 67 van 1995;
- Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;
- Die Oorgangswet op Plaaslike Regering No. 97 van 1996 (soos gewysig);
- Die Plaaslike Regering: Munisipale Strukture Wet no. 117 van 1998;
- Die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Stelsels no. 32 van 2000;

- Die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Finansiële Bestuur no. 56 van 2003; en
- Die Wet op Interregeringsverhoudings no. 13 van 2005.

Bogenoemde lys van wette en regulasies word vervolgens bespreek volgens die datum van promulgasie.

3.2.1 Die Wet op Ontwikkelingsfasilitering no. 67 van 1995

Die Wet op Ontwikkelingsfasilitering (SA, 1995) gee 'n uiteensetting van die beginsels van hoe nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsaksies bestuur moet word. Dit was dus die eerste stuk wetgewing wat normatief van aard was wat beplanning hanteer het. Dit handel ook oor die beginsels, administratiewe praktyke en regulasies met betrekking tot grondontwikkeling. Dit beklemtoon die behoefte om sosiaal en ekonomies doeltreffende omgewings te skep. As gevolg van die feit dat die verandering van die bestaande sosiale en ekonomiese status quo 'n herstrukturering van die onderliggende stedelike vorm vereis, was plaaslike munisipaliteite verplig om grondontwikkelingsdoelwitte te formuleer (Wet op Ontwikkelingsfasilitering Artikel 2 (14)).

Volgens Harrison (2001:163) het die Wet op Ontwikkelingsfasilitering (SA, 1995) nie die vinnige resultate gelewer wat daar verwag was nie en so is verdere pogings meegebring om 'n beplanningsstelsel te ontwikkel wat meer effektiewe en doeltreffende ontwikkelingsbeplanning navore gebring het. Die beplanningshulpmiddel wat gebruik was om dit reg te kry, is natuurlik die GOP.

Die onderwerp van grondontwikkelingsdoelwitte soos gekonseptualiseer in Afdeling 28 van die Wet op Ontwikkelingsfasilitering hou eerstens verband met wat die munisipaliteit wil doen om grondgebruik toeganklik te maak en dat die grondgebruik ontwikkel word met 'n hoë standaard van dienste, hetsy openbare vervoer, water, gesondheid of onderrigfasiliteite.

In die tweede plek hou grondontwikkelingsdoelwitte verband met die doelwitte wat die munisipaliteit wil bereik deur middel van grondgebruikontwikkeling, sowel as die vorm en groei van ontwikkeling in beide stedelike en landelike gebiede. Dit hou veral verband met:

- die integrasie van armer gebiede met die stad;
- die beskerming en volhoubare gebruik van die omgewing;
- hoe daar vir vervoer beplan moet word;
- die voorsiening van dienste en infrastruktuur;
- die digtheid van gebiede wat bewoon word;
- die koördinering met ander munisipaliteite;
- grondgebruik beheer; en

- die optimale benutting van natuurlike hulpbronne (Wet op Ontwikkelingsfasilitering, 1995).

Die derde onderwerp van grondontwikkelingsdoelwitte is dié van ontwikkelingstrategieë. Hierdie strategieë moet die optimale betrokkenheid van die ekonomiese sektor betrek, asook toegang tot finansiering en administratiewe strukture vir grondontwikkeling bewerkstellig. Grondontwikkelingsdoelwitte is wetlik bindend en bind dus die besluite van die instellings. Elke projek waarby grondontwikkeling betrokke is, moet in ooreenstemming met die grondontwikkelingsdoelwitte wees. Dit gee belangrike mag aan munisipaliteite om die wyse waarop ontwikkeling plaasvind in die bepaalde omgewing te beïnvloed. Grondontwikkelingsdoelwitte oorheers outomaties daardie dele van 'n plan of struktuurplan wat nie in ooreenstemming met die grondontwikkelingsdoelwitte is nie. Dit maak dit moontlik vir plaaslike regering om baie van die geërfde probleme uit die apartheidsera te vermy. De Visser (2005:219) postuleer dat die bindende status van die grondontwikkelingsdoelwitte maak dit baie makliker vir munisipaliteite om die leidende rol te speel in alle sake wat verband hou met grondontwikkeling en om sodoende makliker aan die doelwitte van die GOP te voldoen.

3.2.2 Die Grondwet van die Republiek van Suid- Afrika, 1996

Hoofstuk 3 van die Grondwet (SA, 1996) gee duidelikheid oor die samestelling van die Suid-Afrikaanse regering op nasionale - provinsiale - en plaaslike sferes sowel as die verhouding wat behoort te bestaan tussen hierdie sferes. Die Grondwet verduidelik die verhouding vir hierdie sferes as eiesoortig en interafhanklik. Verder bied dit die primêre oorkoepelende raamwerk waarbinne beplanning op plaaslike regering gekonseptualiseer moet word. Dit vestig plaaslike regering as 'n regeringsfeer in sy eie reg. Dit beteken dat dit 'n integrale deel van die demokratiese staat is en nie net as 'n funksie van die nasionale of provinsiale regering is nie.

Die Grondwet maak voorsiening vir die Handves van menseregte in Hoofstuk 2. Dit is die eerste skuif in beleid teenoor ontwikkelingsbestuur in Suid-Afrika. Die volgende is beginsels van toepassing op alle sferes van die staat. Van die regte wat dit waarborg aan alle burgers is:

- gelykheid (afdeling 9);
- menswaardigheid (afdeling 10);
- 'n skoon omgewing (afdeling 24);
- toegang tot geskikte behuising (afdeling 26);
- toegang tot gesondheidsorg, voedsel, water en maatskaplike sekerheid (afdeling 27); en
- basiese en volwasse onderwys (afdeling 29).

Hoofstuk 7 van die Grondwet (SA, 1996) plaas spesifieke ontwikkelingsbehoefte-pligte op plaaslike regering, wat verwag dat plaaslike regering sy administrasie, begroting en beplanningsprosesse op so 'n wyse struktureer en bestuur dat dit die basiese behoeftes van die gemeenskap se prioriteite weerspieël. Die besonderhede van plaaslike regering se beplanningsprosesse word uiteengesit in die Wet op Munisipale Stelsels (SA, 2000) (soos bespreek in afdeling 3.2.7).

Soos uiteengesit in afdeling 152 (1) van die Grondwet (SA,1996) moet die doelwitte van plaaslike regering wees om voorsiening te maak vir:

- demokratiese en verantwoordbare regering vir plaaslike gemeenskappe;
- die voorsiening van dienste op 'n volhoubare wyse;
- bevordering van maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling;
- bevordering van 'n veilige en gesonde omgewing; en
- die aanmoediging vir betrokkenheid van gemeenskappe en gemeenskapsorganisasies in plaaslike regeringsaangeleenthede.

Volgens De Visser (2005:88) het die radikale skuif van die tradisionele onder-na-bo en tegnokratiese voorsiening van dienste aan 'n geïntegreerde benadering baie duidelik implikasies vir die herstrukturering van plaaslike regering gehad. Dit het van munisipaliteite vereis om veilige en gesonde omgewings te verseker, die betrokkenheid van die breë publiek aan te moedig en om die promotors van maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling te wees, wat 'n veel wyer omvang van die aktiwiteite op die skouers van die plaaslike munisipaliteite as ooit van tevore geplaas het.

In afdeling 153 van die Grondwet (SA,1996) word daar spesifiek melding gemaak van die vereistes van munisipaliteite. Hierdie afdeling vereis van munisipaliteite om:

- hulle administrasie, begroting en beplanningsproses te bestuur om prioriteit te gee aan die basiese behoeftes van die gemeenskap; en
- om maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling te bevorder deur deel te neem aan provinsiale en nasionale programme.

Die implikasies is dat plaaslike owerhede nou die hulpbehoewende, asook die breër ekonomiese strategieë op nasionale vlak in ag moet neem. Hierdie verskuiwing plaas klem op 'n verskuiwing in oriëntasie ten opsigte van ontwikkelingsbestuur, wat nodig is om verfyn te word in 'n definitiewe plan vir implementering, soos die GOP.

3.2.3 Die Oorgangswet op Plaaslike Regering no. 97 van 1996

Die Oorgangswet op Plaaslike Regering, Tweede Wysigingswet 97 van 1996 (hierna verwys as die Oorgangswet) was die eerste stuk wetgewing wat plaaslike regering spesifiek opdrag gegee het om 'n GOP te formuleer en te implementeer gedurende die oorgangsfase van plaaslike regering in Suid-Afrika. Die navorser is van mening dat die Oorgangswet nie 'n omvattende definisie gegee het van hoe 'n GOP ontwikkel moes word nie. Die omvang van munisipale aktiwiteite is bedoel om dit te dek en wat dit bedoel was om te bereik. Hierdie mening word ondersteun deur Harrison (2002) "Die Oorgangswet op Plaaslike Regering, Tweede Wysigingswet, 1996, het min detail voorsien oor wat 'n GOP moet bevat of hoe dit voorberei moes word" (Harrison, 2002:5).

Die Oorgangswet op Plaaslike Regering (Wet 209 van 1993) is in 1996 gewysig met die Oorgangswet op Plaaslike Regering Tweede Wysigingswet 97 van 1996. Hierdie Wet het 'n nuwe benadering tot munisipale beplanning ten opsigte van die vereistes dat ruimtelike beplanning nie in isolasie onderneem moet word nie, maar as deel van die breër sosio-ekonomiese ontwikkelingsbeplanning praktyke moet wees.

Dit was die eerste Wet wat die konsep van die GOP in wetgewing ingestel het. Dit omskryf 'n GOP as 'n plan wat daarop gemik is om geïntegreerde ontwikkeling en die regsgebied van die betrokke munisipaliteit te bestuur. Dit moet ook saamgestel word met inagneming van die algemene beginsels vervat in Hoofstuk 1 van die Wet op Ontwikkelingsfasilitering, 1995, asook in ooreenstemming met die onderwerp van die grondontwikkelingsdoelwitte soos beoog in Hoofstuk 4 van daardie Wet (Oorgangswet op Plaaslike Regering Artikel 10).

In terme van inhoud, stipuleer die Wet (afdeling 10) dat GOP'e is planne wat: "fokus op die basiese behoeftes van die gemeenskap, om maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling te bevorder binne sy regsgebied en ondersteun die implementering van nasionale en provinsiale programme".

In afdeling 10-G (1), stipuleer die Wet dat elke munisipaliteit behoort:

- 'n finansiële plan in ooreenstemming met die GOP voor te berei;
- gereeld sy prestasie monitor en assessee teenoor die GOP; en
- jaarliks rapporteer en kommentaar ontvang van hulle gemeenskap met betrekking tot die doelwitte soos uiteengesit in die GOP.

'n Munisipaliteit moet ook, volgens afdeling 10-G (3):

- verseker dat die jaarlikse begroting in ooreenstemming met sy geïntegreerde ontwikkelingsplan is; en

- 'n kapitaal belegging program vir munisipale infrastruktuur formuleer, met inagneming van die GOP.

Een van die belangrikste implikasies van die Oorgangswet (SA, 1996) is dat die begroting die plaaslike GOP voorstelle moet weerspieël. Dit voorkom dat die munisipaliteit net lippediens aan die ontwikkelingsdoelwitte van die Oorgangswet doen. Munisipaliteite word dus wetlik verplig om hul tradisionele stelsels van beplanning en funksionering te verander ten einde te fokus op ontwikkeling. Die beplanningshulpmiddel wat gebruik word om dit reg te kry, is natuurlik die GOP.

Alhoewel plaaslike regering praktisyns dalk moeilik begryp het om spesifiek te verstaan hoe 'n GOP bedoel was om ontwikkel en geïmplementeer te word gedurende die oorgangsfase, kan daar geen twyfel wees dat teen hierdie tyd (2017) dit nie 'n nuwe konsep is nie. Dit is veral belangrik vir plaaslike regering en die regering praktisyns wat reeds senior bestuursposisies in die afgelope twee en twintig jaar beklee. Met die koms van die finale oorgangsfase vir plaaslike regering vanaf 2000 - 2005, is die Oorgangswet herroep. Die Wette wat hier onder in afdeling 3.2.6, 3.2.7 en 3.2.8 beskryf word, het die verantwoordelikheid van die voorgeskrewe bestuur vir plaaslike regering in 'n ontwikkelende Suid-Afrikaanse konteks oorgeneem. Volgende word egter regulering in die vorm van die Witskrif op Openbare Dienslewering 1997 en die Witskrif op Plaaslike Regering 1998, bespreek.

3.2.4 Witskrif op Openbare Dienslewering 1997

Saam met die nuwe openbare hervormings en groot verwagtinge van verbeterde dienslewering na die 1996-Grondwet gepromulgeer is, het die regering die Witskrif op Openbare Dienslewering op 9 Mei 1997 gepubliseer. Hierdie Witskrif stipuleer in afdeling 1.1.1 dat die doel daarvan is om voorsiening te maak vir 'n raamwerk en praktiese implementering van strategieë vir die transformasie van openbare dienslewering. Volgens Sibanda (2012:15) staaf die Witskrif dat departemente, gehalte en reageerbare dienste lewer volgens die agt nasionale diensleweringbeginsels, wat ook bekend staan as die *Batho Pele*-beginsels. Die "*Batho Pele*" konsep is afkomstig van die Sotho-taal en sy letterlike vertaling is "mense eerste" (Russell en Bvuma, 2001:245). Mogale (2003:229) verduidelik dat ten einde om munisipaliteite by te staan om aan ontwikkelingsvereistes te voldoen en die bespoediging van dienslewering aan die armes, 'n uitgebreide verkryging van hulpbronne in terme van befondsing, menslike hulpbronne, toepaslike en bowenal die aanneming van die belangrikste en bemagtigende wetgewende maatreëls wat noodsaaklik is om ontwikkelingsgerigte plaaslike regering doelwitte te verwesenlik, nodig is.

Die Witskrif (SA, 1997) gee rigting oor hoe die Suid-Afrikaanse openbare sektor geëvalueer kan word deur dienste wat aan die gemeenskappe gelewer word. Die beginsels verskaf die grondslag waarop prestasie gereguleer moet word volgens die kriteria waarvolgens die openbare sektor konsultasie moet onderneem, gehalte diensstandaarde bied, toeganklikheid, hoflikheid, openheid, deursigtigheid, regstelling en waarde vir geld wanneer dienste verskaf word.

Dit kweek 'n kultuur waar gemeenskappe beskou word as kliënte wat betrokke moet wees in die regeringsprosesse en waar regeringsprosesse streef om te voldoen aan die behoeftes van die gemeenskappe. Dit bevorder ook die transformasie van dienslewering wat sal lei tot 'n meer tevrede openbare -en kliëntebasis (Van der Waldt, 2004:87). Die *Batho Pele*-beginsels bevestig die belangrikheid vir die implementering van 'n prestasiebestuurstelsel in die openbare sektor. Dit beklemtoon die wyse waarop die regering die publiek moet dien.

3.2.5 Die Witskrif op Plaaslike Regering 1998

Volgens Imenda (2015:185) is daar geen universele reël of prosedure om 'n raamwerk te ontwikkel of te skep nie. 'n Belangrike uitgangspunt is egter om die raamwerk eenvoudig te hou

met minimum data of begrippe wat ingesluit is, maar die raamwerk moet maksimum begrip gee vir diegene wat dit sien, ontleed en implementeer (Imenda, 2014:185).

Imenda (2014:185) identifiseer die volgende proses en breë stappe om 'n konseptuele raamwerk te ontwikkel:

- Die eerste stap is om die literatuurstudie te voltooi en die relevante teorieë te analiseer en die verband tussen die verskillende teorieë te bepaal.
- Die tweede stap is om die stel onafhanklike konsepte van elke teorie te identifiseer en te verstaan.
- Die derde stap is om die verskillende konsepte met mekaar te verbind.
- Die vierde stap is om die konseptuele raamwerk te skep wat die konsepte insluit, hoe hulle met mekaar skakel en hoe dit in die finale raamwerk geïntegreer sal word. Dit moet aangedui word deur die konsepte met pyltjies en lusse te verbind om 'n prentjie van die finale raamwerk te gee.

Imenda (2011:86) beklemtoon verder dat die finale konseptuele raamwerk die gewenste uitkoms van die navorsing moet weerspieël en diegene wat die raamwerk implementeer moet met 'n 'padkaart' gelaat word oor hoe om dit te doen.

Aangesien daar nie 'n universele prosedure of proses is om 'n raamwerk op te stel nie en die navorser die bestaande GOP-evalueringsraamwerk gaan verbeter deur tekortkominge uit te lig en dit aan te spreek, gaan die navorser 'n aangepaste proses volg om die verbeterde GOP-evalueringsraamwerk te ontwikkel en word deur figuur 1 hieronder voorgestel.


Stap 1: Navorsingsonderwerp. 'n Ondersoek aangaande die effektiwiteit van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan van die Oudtshoorn plaaslike munisipaliteit. 'n Navorsingsonderwerp vorm die basis van enige akademiese studie. Die navorsingsonderwerp bepaal die aard, konteks en plek van die studie. Gepaard hiermee gaan die navorsingsvrae en navorsingsdoelwitte soos uiteengesit in hoofstuk een van hierdie verhandeling.

Stap 2: Literatuurstudie. Hierdie fase bevat die onderliggende konsepte van die studie nl. die verskeie teorieë wat deel uitmaak van GOB. Dit verskaf belangrike definisies wat inherent is vir die studie. Gevolglik is verskeie teorieë bespreek nl. beplanningsteorie, strategiese beplanning, ontwikkelingsteorie, sosiale kontrak teorie en Nuwe Openbare Bestuur-paradigma wat die teoretiese grondslag van GOB versterk in hierdie studie. Laastens is die wetgewende en regulerende raamwerk vir GOB in Suid-Afrika bespreek wat die teoretiese grondslag voltooi het.

Stap 3: Voorstelling van 'n verbeterde GOP-evalueringsraamwerk. Hierdie stap bespreek hoe die GOP-evalueringsraamwerk huidiglik geïmplementeer word en identifiseer probleme wat ervaar word met die implementering van die bestaande GOP-evalueringsraamwerk deur middel van nasionale en provinsiale departemente se evalueringsverslae aangaande GOP'e.

Stap 4: Empiriese studie. 'n Empiriese studie behels die insameling van data met die doel om die doelwitte van die studie te bereik. Hierdie studie het 'n kwalitatiewe benadering gevolg. Daar is dus semi-gestruktureerde onderhoude gevoer met die deelnemers. Bykomend hierby is inligting verkry van die literatuurstudie (triangulering).

Stap 5: Opstelling van 'n verbeterde GOP-evalueringsraamwerk. Hierdie fase verwesenlik een van die doelwitte van die studie, naamlik om 'n verbeterde GOP-evalueringsraamwerk op te stel. Daar word voorsien dat die voorgestelde GOP-evalueringsraamwerk die kwaliteit van GOP'e in die plaaslike sfeer sal verbeter, gevolglik dat daar effektiewe en doeltreffende dienste aan plaaslike gemeenskappe verskaf sal word.



Figuur 6: Verhandelingproses om 'n verbeterde GOP-evalueringsraamwerk op te stel

Bron: Self gegenereerde diagram

4.6 HOOFSTUK SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk het gedien as teoretiese grondslag vir die formulering van 'n raamwerk. Kerneienskappe is bespreek vir die formulering van 'n verbeterde GOP-evalueringsraamwerk in die plaaslike regeringsfeer in SA en sal in hoofstuk ses van hierdie verhandeling skematies/diagrammaties voorgestel word. Die navorser het aangedui dat daar nie 'n nuwe raamwerk opgestel gaan word nie, maar dat daar voortgebou gaan word op die bestaande GOP-evalueringsraamwerk deur leemtes te identifiseer en dit aan te spreek. Beide teoretiese en konseptuele-raamwerk is belangrik in hierdie studie, maar dit was belangrik om onderskeid te tref tussen hierdie konsepte. Laastens was die leidingstappe bespreek oor hoe om 'n verbeterde GOP-evalueringsraamwerk op te stel. Gegewe hierdie agtergrond, fokus die volgende hoofstuk op die empiriese navorsing.

HOOFSTUK 5

'n KRITIESE ANALISE VAN DIE GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN VAN DIE OUDTSHOORN PLAASLIKE MUNISIPALITEIT: EMPIRIESE BEVINDINGE

5.1 INLEIDING

Die vorige hoofstuk het 'n grondslag gelê vir die ontwikkeling van 'n verbeterde GOP-evalueringsraamwerk, asook die stappe wat gevolg moet word vir sodanige evalueringsraamwerk. In hierdie hoofstuk word 'n gedetailleerde verduideliking verskaf van die navorsingsontwerp en metodes, teikenbevolking, data-insamelingsprosedures, navorsingstegnieke en instrumente wat gebruik was om effektiewe en doeltreffende dienslewingsmaatreëls deur middel van GOP in die OPM te verken.

Bogenoemde word bespreek in oorleg met doelwit 4 van hierdie studie wat daarop gemik is om die uitdagings wat die OPM in die gesig staar met die bereiking van hul GOP-doelwitte, te bepaal. Die fokus van hierdie empiriese ondersoek is dus daarop gerig om die hoof navorsingsvraag aan te spreek soos uitgelig in hoofstuk 1 van hierdie studie.

5.2 NAVORSINGSMETODOLOGIE

Volgens Chaka (2013:107) kan empiriese navorsing beskryf word as navorsing gebaseer op ondersoek en waarneming, met ander woorde, empiriese navorsing is hoofsaaklik gemoeid met dit wat kenbaar en potensieel meetbaar is. Dit impliseer dat navorsers in staat moet wees om te onderskei, te klassifiseer en te meet wat bestudeer word en spekulatiewe of obstruktiwe redenasie verwerp. In hierdie studie, gaan empiriese navorsing verder as die eenvoudige verkryging van data om die effektiwiteit van die GOP te bepaal.

Fox en Bayat (2007:18) wys daarop dat navorsing 'n breë konsep is en dat daar 'n beperkte konsensus oor die konseptuele afbakening daarvan is. Vir Bryman *et al.* (2014:34) beteken navorsing 'n formele, sistematiese en intensiewe data-insameling en die wetenskaplike ontleding, met die oog op ontdekking, probleemoplossing en kennis ontwikkeling. Brynard en Hanekom (2006:12) voeg hierby dat navorsing beskou kan word as 'n proses wat die toepassing van verskillende metodes en tegnieke behels, ten einde wetenskaplik bekomde kennis te skep deur objektiewe metodes en prosedures te gebruik. Dit impliseer dat navorsing oor die beantwoording van onbeantwoorde vrae handel. Dit is ook gemik op probleemoplossing of om kennis te skep wat nie op die oomblik bestaan nie. Dit is dus nie net data-insameling nie, maar ook die ontdekking en die skepping van kennis wat in die hart van navorsing lê. In hierdie verband, beweer Henning (2013:4) dat navorsing "n sistematiese soektog na onontdekte kennis

is. Goeie navorsing is sistematies deurdat dit beplan word, georganiseer word en 'n spesifieke doel het”.

Creswell (2013:16) definieer navorsingsmetodologie as die toepassing van wetenskaplike prosedures, wat daarop gemik is om antwoorde op 'n wye verskeidenheid van navorsingsvrae te verkry. Ter ondersteuning van hierdie definisie argumenteer Brynard en Hanekom (2006:35) asook Bryman (2012:2) dat navorsingsmetodologie beskou kan word as 'n manier om te gaan met “wat wetenskaplike kennis is” en tweedens met metodes om toe te pas en te volg” om wetenskaplike kennis te bekom. Trouens, die woord “metodologie” verwys na “hoe om van punt A na punt B te beweeg”. Dit impliseer hoe om van die beginposisie tot die punt waar wetenskaplike kennis verkry word uit te kom. In eenvoudige terme, beteken die studie van metodologie niks meer as om te verstaan dat metodes word gebruik om die doel van wetenskaplike kennis oor iets te bereik nie.

Babbie (2010:57) wys daarop dat toepaslikheid van navorsingsmetodologie deurslaggewend is vir enige studie om suksesvol onderneem te word. Vir die blote feit dat hierdie navorsingstudie gemoeid is met die effektiwiteit van die GOP van OPM, is kwalitatiewe eerder as kwantitatiewe navorsing gekies as gevolg van die relevansie en toepaslikheid van hierdie studie, soos uiteengesit in hoofstuk 1.

Hierdie studie word gekonseptualiseer binne die interpretatiewe paradigma. Soos in die geval van alle definisies teëgekem in hierdie verhandeling, het ‘interpretivisme’ nie 'n onbetwiste betekenis geniet nie. Gerrick (1999:119) verkies om dit as 'n oorkoepelende term vir “die hele gesin van benaderings tot deelnemende waarneming navorsing te gebruik”.

Een van die redes hiervoor is dat hy sulke navorsing as kwalitatief wil etiketteer soos hy beweer dat kwantifisering van spesies kan gebruik word om navorsing van hierdie aard te voorkom. Gephart (1999:367) klassifiseer ‘interpretivisme onder kwalitatiewe navorsing. Angen (2000:381) gebruik die term “anti-positivistiese” in een deel van die boek en interpretasie in ander dele, wat daarop kan dui dat die terme uitruilbaar is.

Aan die ander kant, beweer Connole, Smith en Wiseman (1995:104) dat daar 'n verskil tussen interpretivisme en kwalitatiewe navorsing is, alhoewel kwalitatiewe metodes sentraal tot interpretatiewe navorsing is. Verder maak Schwandt (2000:154) 'n onderskeid tussen “interpretivisme en konstruktivisme” en beweer dat dit verskil in hul epistemologiese aannames en eise van 'n metode. Die meeste akademici vermy egter om sodanige fyn onderskeid te tref en het die terme anti-positivisme, interpretivisme, kwalitatiewe ondersoek en naturalistiese ondersoek gebruik wat byna dieselfde ding beteken.

Betekenis vir die interpretiviste is nie staties nie. Hulle word voortdurend geskep, verander en ontwikkel deur interaksie. Nuwe betekenis word onderhandel in interaksies tussen deelnemers. Volgens Mead (1992:113) is een van die voorstanders van simboliese interaksionisme dat dit gedoen word deur die rol van die ander persoon te neem. Deur jouself verbeeldingryk in die posisie van die ander persoon te plaas, is iemand in staat om die optrede van daardie persoon te interpreteer (Connole, 1985:105).

Mense trek op hul voorraad van kennis of sosiale resepte om die betekenis van die optrede van ander te interpreteer. Volgens Wallace en Wolf (1986:178) wat bygedra het tot die ontwikkeling van die fenomenologie, het volgehou dat mense in staat is om die optrede van ander te verstaan, want hulle dink dat die wêreld word saamgestel uit tipes dinge soos boeke, motors en so aan.

So, volgens Gephart (1999:215), is subjektiewe betekenis in die hart van interpretivisme. Met die oog om die sosiale realiteit van die mens te verstaan, moet dit in staat wees om die betekenis van die aksie te vind en die aksie binne konteks geplaas word.

Om op te som, is interpretiviste gemoeid met die begrip van die betekenis wat mense aan voorwerpe, sosiale instellings, gebeure en die gedrag van ander en hoe hierdie begrip op sy beurt die instellings definieer. Eerstens, bestudeer hulle mense in hul natuurlike omgewing (Connole, 1995:105). Tweedens, gebruik hulle metodes van data-insameling wat toelaat dat die betekenis agter die optrede van die mense wat bestudeer word om geopenbaar te word. Algemene metodes wat gebruik word in interpretivistiese studie is onderhoudvoering, beide deelnemers en nie-deelnemer waarnemings en ontleding van dokumente van alle soorte (Gephart, 1999:219).

Benewens hierdie, kan ander ondersoek metodes geïntegreer word in 'n studie. Met betrekking tot die ontleding van data, voer interpretiviste die taak uit met data-insameling. Die data wat ingesamel word, is nie ten gunste van 'n hipotese nie. Inteendeel, word dit ingesamel om 'n teorie te help ontwikkel. Dit wil sê teorie is opkomend en gegrond op die data wat geproduseer word in die ondersoek (Mead, 1992:113). Ten slotte, gebruik interpretiviste verskillende kriteria om die resultate van hul studies te oordeel. Terwyl positiviste hou by konsepte van betroubaarheid en geldigheid in hul beoordeling van navorsingsbevindinge, interpretiviste evalueer in terme van betroubaarheid, wat geloofwaardigheid, oordraagbaarheid, betroubaarheid en bevestigbaarheid insluit. Volgens Gephart (1999) hang die geldigheid van 'n stuk van interpretatiewe navorsing af van hang hoe sommige bevindinge bereik kan word wanneer 'n ander navorser dieselfde veld betree met behulp van dieselfde strategieë as die eerste navorser.

5.2.1 *Kwalitatiewe navorsingsontwerp*

Volgens Henning (2013:206) verwys kwalitatiewe navorsing na daardie navorsing strategieë soos deelname aan aktiwiteite wat ondersoek word, veldwerk en hoe dit die navorser toelaat om eerstehandse inligting of kennis oor die verskynsel wat ondersoek word, te verkry. Hierdie skrywers argumenteer verder dat kwalitatiewe navorsing die navorser kan toelaat om “naby” die data te kom om sodoende sogenaamde “dik” analitiese en konseptuele verduidelikings te ontwikkel en die identifisering van kategorieëse komponente van die data self, eerder as om uit vooropgestelde, rigied-gestruktureerde en hoogs gekwantifiseerde tegnieke.

Hierdie argument word beaam deur Denzin en Lincoln (2000:198). Angen (2000:42) en Bryman (2012:102) voeg by dat kwalitatiewe navorsing eerstens fokus op verskynsels wat plaasvind in natuurlike instellings, dit wil sê in die “werklike wêreld” en tweedens fokus op die bestudering van die verskynsel in al sy kompleksiteite. Dit impliseer dat ’n kwalitatiewe navorser probeer selde te vereenvoudig wat hulle waarneem. In plaas daarvan, stel hulle belang in die begrip van hoe mense hul ervarings interpreteer, hoe hulle hul wêreld konstruteer en watter betekenis hulle toeskryf aan hulle ervarings. Verder erken die kwalitatiewe navorser dat die probleem wat hulle bestudeer het baie dimensies en lae het, sodat die probleem uitgebeeld kan word in baie fasette (Bryman, 2012: 102)

Volgens Babbie (2010:96) behoort kwalitatiewe navorsing die volgende kenmerke in te sluit:

- woorde moet in ag geneem word as die elemente van data;
- dit moet in die eerste plek ’n induktiewe benadering tot data-analise wees en lei tot teorie ontwikkeling as ’n uitvloeisel van data-analise; en
- dit moet ’n alternatief vir die eksperimentele metode wees.

Daar moet gelet word dat in kwalitatiewe navorsing daar verskillende navorsingsontwerpe is wat aangewend kan word om studiedoelwitte te operasionaliseer. Hierdie navorsingsontwerpe sluit etnografie, fenomenologie, gevallestudie, gegronde teorie en aksienavorsing in. Soos in die titel en hoofstuk 1 van die navorsing, is ’n gevallestudie ontwerp gekies vir die doel van hierdie studie wat hieronder bespreek word.

5.2.2 *Gevallestudie ontwerp en eenhede van analise*

Volgens Maree (2013:81) kan ’n navorsingsontwerp gedefinieer word as ’n proses of riglyn vir die uitvoer van navorsing onder sekere omstandighede. ’n Ontwerp, as sodanig, is ’n plan van hoe ’n mens van voorneme is om ’n spesifieke taak uit te voer en in navorsing bied hierdie plan ’n struktuur wat die navorser inlig oor watter teorieë, metodes en instrumente waarop die studie gebaseer sal wees. Dit is dus ’n plan of struktuur wat die deelnemers, navorsing plekke en data-

insamelingsprosedures kies om die navorsingsvrae te beantwoord. In wese is navorsingsontwerp daarop gemik om geloofwaardige resultate op te lewer. Geloofwaardigheid in hierdie verband verwys na die mate waarin die resultate benaderde werklikheid en geoordeel betroubaar te wees.

Soos vroeër genoem, is 'n gevallestudie-metode gekies vir doeleindes van hierdie studie. Volgens De Vos *et al.* (2011:320) en Maree (2013:83) word gevallestudies verstaan om 'n besluit te wees oor wat bestudeer moet word, alhoewel dit die navorser kan lei oor hoe 'n ondersoek onderneem gaan word van enige teoretiese benadering. As sodanig definieer Creswell (2007:73) en Maree (2013:83) 'n gevallestudie as "n in-diepte verkenning van verskeie perspektiewe van die kompleksiteit en uniekheid van 'n spesifieke projek, beleid, instelling en die program of stelsel in die werklike lewenskonteks. Dit is navorsing-gebaseerd, insluitend van verskillende metodes en word gelei deur bewyse". Anders gestel, is gevallestudies gemik om die geval in diepte in sy natuurlike instelling te verstaan, die kompleksiteit en konteks te erken.

De Vos *et al.* (2011: 321) verduidelik dat daar drie tipes gevallestudies is, naamlik:

- die beskrywende gevallestudie, wat ook intrinsieke gevallestudie genoem word, wat daarna streef om 'n bepaalde verskynsel te beskryf, ontleed en te vertolk;
- die verduidelikende gevallestudie, wat ook die instrumentele gevallestudie genoem word. Hierdie gevallestudie is beide teorie-opbouing en toetsing. Die verduidelikende gevallestudie kan veral nuttig wees vir die formulering van teorie en nuwe kennis, wat beleidsontwikkeling inlig; en laastens
- die kollektiewe gevallestudie is 'n instrumentele gevallestudie uitgebrei na 'n aantal van hierdie gevalle. Hierdie gevalle is gekies sodat vergelykings gemaak kan word tussen gevalle en konsepte en op hierdie wyse kan teorieë ook uitgebrei en bekragtig word.

Alhoewel 'n gevallestudie gewoonlik een geval ondersoek waaruit multidimensionele data ingesamel en ontleed word, maak dit egter nie aanspraak op verteenwoordigendheid nie. Die navorser moet dis versigtig wees om nie die bevindinge te oor-veralgemeen nie (Maree, 2013:83-84). Gevalle kan een of meer eenhede van analise bestaan vir ondersoek doeleindes. 'n Eenheid van analise verwys na 'n proses, aktiwiteit, gebeurtenis, program, individuele of meer individue. Dit kan ook verwys na 'n tydperk. Die verduideliking en beskrywing van die eenhede van analise vind plaas deur gedetailleerde indiepte-insamelingsmetodes wat verskeie bronne van inligting bevat, wat ryk is aan konteks, soos onderhoude, dokumente, observasies en argiefrekords (Auriacombe & Mouton, 2007:445; Maree 2013:83-84).

5.2.3 *Teikenbevolking en steekproef*

Die konsep “bevolking” word gebruik om grense oor die studie-eenhede te stel en verwys na individue in die heelal wat spesifieke eienskappe besit (De Vos *et al.*, 2011:223). Daarbenewens beweer Maree (2013:69) dat teikenbevolking algemeen bestaan uit al die mense wat die navorser in belangstel om te bestudeer. Soos gestaaf in die voorafgaande hoofstukke, word die studie in die OPM gedoen. Die teikenpopulasie sluit kantoorbestuurders in verskillende departemente in wat almal daartoe bydra om ’n goed gebalanseerde geïntegreerde ontwikkelingsplan saam te stel.

Aangesien dit gewoonlik nie moontlik is vir navorsers om al die lede van die bevolking in te sluit in hul studies nie, kan navorsers verkies om ’n steekproef te doen (Burger & Silima, 2006:657). Volgens De Vos *et al.* (2011:223-224) bestaan ’n steekproef uit elemente of ’n sub-stel van die bevolking vir werklike insluiting in die studie, of dit kan gesien word as ’n onderwerp van metings wat uit ’n bevolking getrek word. Dit beteken eenvoudig dat ’n steekproefgroep is gewoonlik veel kleiner as die totale aantal mense in die totale bevolking, maar word gewoonlik bedoel om verteenwoordigend te wees van die oorspronklike groep (Maree, 2013:69). ’n Steekproef stel die navorser daarom in staat om ’n groepie van die bevolking te kies om begrip van die hele bevolking te kry.

Babbie (2010:193) voer aan dat dit belangrik is om ’n steekproef te kies op grond van kennis van ’n bevolking, die elemente en doel van die studie. Die steekproef van die studie was doelbewus gekies met inagneming van die geskiktheid vir die vervulling van die doelwitte van die studie. Doelgerigte steekproeftrekking is ten volle gebaseer op die oordeel van die navorser in die sin dat ’n steekproef saamgestel word uit elemente wat die meeste eienskappe, verteenwoordigend of tipiese kenmerke van die bevolking het wat die doel van die studie die beste dien (De Vos *et al.*, 2011:232). As ’n huidige munisipale werknemer, beskik die navorser van hierdie studie oor deeglike kennis van die geval, teikenpopulasie en die eenhede van analise.

’n Totaal van 9 deelnemers van die bogenoemde variasies van die bevolking is gekies. As ’n data-insamelingsmetode, is semi-gestruktureerde onderhoude gevoer met hierdie deelnemers.

5.2.4 *Data-insameling*

Daar is verskillende tipes van navorsingsmetodes wat die navorser kan gebruik om data in te samel, soos onderhoude, waarneming en opnames. Soos in hoofstuk 1 gestipuleer, wys Schutte (2006:158) daarop dat verskeie data-insamelingsmetodes gebruik kan word vir ’n enkele gevallestudie. Die insameling van data is dus bereik deur middel van persoonlike semi-

gestruktureerde onderhoude en dokument-analise. Merriam (1998:70) voer aan dat data gedefinieer kan word as “brokkies van inligting wat in die omgewing gevind kan word”.

5.2.5 *Semi-gestruktureerde onderhoude as data-insamelingsmetode*

Brynard en Hanekom (2006:39), De Vos *et al.* (2011:342) en Maree (2013:89) voer aan dat onderhoude is die mees algemene en oorheersende vorm van data of inligting-insameling in kwalitatiewe navorsing. Gedurende die onderhoud vra die navorser die deelnemers vrae om te leer oor hul idees, oortuigings, sienings en menings. Dit impliseer dat onderhoude oor die algemeen daarop gemik is om die verkryging van ryk en beskrywende inligting wat die navorser in staat sal stel om die sosiale werklikheid van die deelnemers te verstaan (Maree, 2011:342). In hierdie verband, is De Vos *et al.* (2011:232) van mening dat onderhoude instrumente is vir sosiale verhoudingsbou, wat ontwerp is om inligting tussen die deelnemers en die navorser te ruil.

Volgens Maree (2013:89-90) en Flick (2011:112-118) is daar verskeie tipes onderhoude, elk met hul eie voordele en nadele, naamlik:

- **Gestruktureerde onderhoud.** Hierdie metode is vasgestel in struktuur en gebruik vooraf-gevestigde vrae wat in 'n voorafbepaalde volgorde gevra word. Hierdie metode word algemeen gebruik met 'n groot steekproefgroep om eenvormigheid en konsekwentheid te verseker.
- **Semi-gestruktureerde onderhoude.** Hierdie tipe onderhoud is nie ten volle vas of ten volle vry nie en word algemeen beskou as buigsaam. Met hierdie metode, begin die 'n navorser gewoonlik met 'n gedefinieerde vraelysplan, maar maak gebruik van 'n meer gesprekstyl vir die onderhoud. Die deelnemers word dus byna volle vryheid gegee om reaksies, opinies en gedrag te bespreek oor 'n spesifieke probleem. Maree (2013:89) waarsku daarteen om nie af te wyk deurdat aspekte wat nie verwant is aan die studie nie aandag gegee word.
- **Ongestruktureerde onderhoud.** Hierdie tipe onderhoud is aan die ander kant van die spektrum in terme van die gebrek aan struktuur. Die navorser gebruik 'n gesprek styl om inligting, eienskappe en oortuigings rondom sekere temas te verkry, sonder die gebruik van voorafbepaalde vrae. Hierdie metode is met ander woorde direkte teenoorgestelde van gestruktureerde onderhoude. De Vos *et al.* (2011:347-348) beweer dat ongestruktureerde onderhoude gevoer word sonder die gebruik van enige vorige inligting deur die navorser se ervarings of menings van 'n bepaalde gebied.

Hierdie navorsing het gebruik gemaak van semi-gestruktureerde onderhoude waar aangesig tot aangesig onderhoude met die deelnemers gevoer is. Die navorser het aandagtig geluister en het 'n paar notas gemaak van die deelnemers se antwoorde. Brynard en Hanekom (2006:47) voer aan dat semi-gestruktureerde onderhoude 'n veelsydige metode van data-insameling is en beperk vae antwoorde. Soos enige ander data-insamelingsmetode, het semi-gestruktureerde onderhoude hul eie voordele en beperkings waarvan die navorser van kennis geneem het tydens die insameling van data.

5.2.6 Geldigheid en betroubaarheid

Brynard en Hanekom (2006:47) beweer dat dit belangrik is dat navorsingsvrae, navorsingsdoelstellings en sentrale teoretiese stellings getoets moet word tydens die navorsing. Deur dit te bereik, moet meetinstrumente toegedien word om die geldigheid en betroubaarheid van die metodes van data-insameling te meet en te toets.

Volgens Hussey en Hussey (1997:78) en Brynard en Hanekom (2006:47-48) verwys geldigheid na die potensiaal van 'n ontwerp as 'n instrument om te bereik of te meet wat dit veronderstel is om te bereik of te meet. Geldigheid is dus gemoeid met die "wat" van data-insamelingsprosedures -en maatreëls.

Betroubaarheid aan die ander kant is hoofsaaklik gemoeid met afhanklikheid, konsekwentheid, akkuraatheid en voorspelbaarheid. In hierdie verband definieer Hussey en Hussey (1997:78) en Brynard en Hanekom (2006:48) betroubaarheid as dieselfde instrument wat in staat is om dieselfde resultate in dieselfde omstandighede te bekom, as dieselfde navorsing herhaal word deur 'n ander navorser.

Soos verduidelik in hoofstuk 1, benut die studie beide metodes en data triangulasie om geldigheid en betroubaarheid van die studie te verbeter. Een voordeel van triangulering is dat verskillende bronne benut word om mekaar aan te vul en dien as poging om die resultate wat verkry is, te bevestig.

5.2.7 Data-analise

Tydens die proses van data-insameling, is die navorser betrokke by wat na verwys kan word as 'n voorlopige ontleding van data. Dit is tydens hierdie fase van die studie wat die navorser data sorteer wat nie relevant is tot die studie nie en slegs die data behou wat relevant is (Brynard & Hanekom, 2006:60).

Daarbenewens beweer Babbie en Mouton (2001:108) dat ná die data-insameling fase, volg die ontleding en vertolking fase van die inligting wat ingesamel is, met 'n voorneme om

gevolgtrekkings te maak. Die proses van data-insameling en data-analise kan ook gelyktydig uitgevoer word (Bryman, 2012:60). Dit impliseer dat data ontleed moet word deur die navorser met verwysing na die resultate van onderhoude en dan verwerk en geëvalueer word. Die navorser ontleed dus die beskikbare data om te bepaal wat dit “sê” deur gebruik te maak van ’n sintese ontleding. Volgens Merriam (1998:28) kombineer sintese geïsoleerde stukkie inligting wat teoreties nie-verbode is. Dit is gedoen deur middel van induksie wat ’n vorm van redenasie is wat data klassifiseer vanaf spesifiek na meer algemeen.

Om op te som verwys Cloete (2007:513) aangehaal in Babbie en Mouton (2001:49) kortliks na hierdie kwalitatiewe data-analise as “...alle vorme van ontleding van data was ingesamel met behulp van kwalitatiewe tegnieke, ongeag die paradigma-gebruik om die navorsing te bestuur”. Kwalitatiewe data-analise bestaan m.a.w gewoonlik uit narratiewe beskrywings, verduidelikings en of voorspelling van die proses en gedragpatrone, wat verband hou met ’n spesifieke probleem onder oorweging. Die belangrikheid van data-analise is dus om die standpunte van verskillende skrywers te interpreteer en te integreer om ’n “nuwe” vorm van kennis te skep.

In hierdie studie is data-analise self deur die navorser gedoen. Die data-analise is m.a.w deur die *hand* gedoen sonder die hulp van enige gerekenariseerde, kwalitatiewe analise-program. Die resultate van die analise is beskrywend en grafies aangebied in die vorm van tabelle en grafieke. Alhoewel daar baie vorms en grafieke beskikbaar is vir die navorser om die data aan te bied vir die leser, het hierdie studie hoofsaaklik gebruik gemaak van sirkelgrafieke. Volgens Chaka (2013:117) word ’n sirkelgrafiek gebruik om slegs een veranderlike grafiek op ’n tyd in die vorm van persentasie van die geheel aan te bied. Die sirkel word dan verdeel in snye wat ’n totaal van 100% opmaak. Die algehele resultate vir elke afdeling is dan saamgevat en word weergee in die vorm van ’n kolomgrafiek. ’n Kolomgrafiek bevat soliede vertikale kolomme geskei deur spasie en ’n opsomming van meer as een veranderlike op ’n tyd (Chaka, 2013:118).


5.3 NAVORSING BEVINDINGE EN ANALISE

Hierdie afdeling detailleer die resultate verkry vanaf data-analise, met die hoofdoelwit om die bevindinge sistematies en duidelik aan te bied.

5.3.1 Afdeling A: Biografiese inligting

Die doel van hierdie afdeling is om biografiese inligting (ouderdom, geslag, hoogste kwalifikasie en aantal jare ervaring in plaaslike regering) van die amptenary vas te stel en word soos volg voorgestel:

A1: Ouderdom



Grafiek 1: Self-gegenereerde grafiek d.m.v analyse van inligting verkry van respondente

Die statistiese resultate het aangetoon dat die meerderheid (38%) van die deelnemers tussen die ouderdom van 41-50 is. Die oorblywende totaal is opgemaak deur die ouderdomsgroepe 18-30 (12%), 31-40 (25%) en 50-65 (25%). Die afleiding kan dus gemaak word dat die meerderheid van die deelnemers redelik volwasse was om verantwoordelike besluite te neem en verder kan gesuggereer word dat hulle oor redelike kennis beskik aangaande die fenomeen wat ondersoek word.


A2: Geslag



Grafiek 2: Self-gegenereerde grafiek d.m.v analyse van inligting verkry van respondente

In terme van geslag, was 89% van die deelnemers mans en slegs 11% vroue. Die resultate is nie ten volle verteenwoordigend van geslagsdemografie in die OPM nie en is 'n aanduiding dat die OPM nog nie sy teiken bereik het van geslagsgelykheid in die werksplek nie. Die regering moet juis die aanstelling en verteenwoordiging van vroue aan in die werksplek, veral in regeringsdepartemente.


A3: Munisipale ervaring



Grafiek 3: Self-gegenereerde grafiek d.m.v analyse van inligting verkry van respondente

Die meerderheid (45%) van die deelnemers het tussen 11-15 jaar toepaslike munisipale ervaring. Gevolg deur 22% van die deelnemers wat 6-10 en 16-20 jaar evaring het en slegs 11% het meer as 21 jaar ervaring in plaaslike regering. Die resultate is 'n duidelike aanduiding dat die deelnemers redelik toepaslike munisipale ervaring het en daartoe in staat is om 'n uitvoerbare GOP vir die OPM te formuleer en te implementeer.

A4: Hoogste kwalifikasie



Grafiek 4: Self-gegenereerde grafiek dmv analyse van inligting verkry van respondente

Na aanleiding van die resultate het 56% van die deelnemers/respondente diplomas, 22% Baccalaureusgrade en 11% graad 12 en honneursgrade elk. Geen van die deelnemers beskik oor 'n Meestersgraad nie. Die resultate van die amptenare toon aan dat hulle oor goeie kwalifikasies beskik en daartoe in staat is om die komplekse prosesse van die GOP te bemeester, ten einde 'n geloofwaardige GOP te formuleer en te implementeer.

5.3.2 Afdeling B: Onderhoude met amptenary

Soos meegedeel in afdeling 4.4 is semi-gestruktureerde onderhoude gevoer met kantoorbestuurders wat strek oor verskeie departemente in die munisipaliteit. Die onderhoude was gedoen om inligting te bekom rakende die formulering en implementering van die GOP en watter uitdagings daar bestaan. Hierdie onderhoude moes bepaal hoe die deelnemers die gebeure ervaar en spesifiek die studie van die navorser en tot watter mate hulle dit ondersteun. Die navorser het objektief gebly gedurende die proses, ten einde te onderskei tussen feite en

persepsies van die deelnemers en die navorser. Deur objektief te bly het dit verseker dat die transkripsie nie in gedrang gebring word nie wat die kern uitmaak van die inligting wat vanaf die deelnemers ingesamel is.

Al die onderhoude (100%) was opgeneem met 'n klank opnemer en word bewaar deur die navorser vir verder wetenskaplike analise soos vereis deur die Noordwes-Universiteit. Respondente was verseker dat hulle deelname anoniem sal bly ten einde goeie insette te verseker. Geen persoonlike name of identifikasie sal dus hieronder vermeld word nie. Die totale steekproef van die geïdentifiseerde bevolking van hierdie studie het deelgeneem aan die semi-gestruktureerde onderhoude.

Vraag B1

In U eie woorde – wat is u begrip van 'n GOP?

Die deelnemers het as volg geantwoord:

“Dit is die munisipaliteit se vyfjaarplan wat alle projekte bevat en wat elke jaar hersien moet word om aan die gemeenskap se behoeftes te voldoen. Al die projekte realiseer egter nie en moet oorstaan tot 'n volgende boekjaar wanneer daar voldoende befondsing beskikbaar is.”

“Die GOP staan vir Geïntegreerde Ontwikkelingsplan en dit is die munisipaliteit se hoofbeplanningsdokument. Daar is verskeie prosesse betrokke, soos gemeenskapsdeelname, om die behoeftes van die gemeenskap te vervat in die dokument. Dit is 'n plan oor hoe die munisipale infrastruktuur ontwikkel sal word, ten einde die nodige dienste aan die inwoners te lewer op 'n volhoubare en aanvaarbare manier”.

“Daar word dikwels gesê dat die GOP die godsontmoontlike plan is omdat die behoefte lous oneindig is en die finansiële hulpbronne beperk is, maar dit is die munisipaliteit se vyfjaarplan om dienste aan die gemeenskap van Oudtshoorn te lewer op 'n volhoubare manier.”

“Die GOP staan vir die geïntegreerde Ontwikkelingsplan en is 'n vyfjaarplan en hardloop saam met die begroting. Daardie plan is 'n gemeenskaplike plan waar gemeenskaps projekte en planne uiteengesit word vir die groter gemeenskap en om die diensleweringssagterstand aan te spreek in die voorheen benadeelde omgewings en om die dorp 'n visie in die toekoms te gee.”

“Die *IDP* is 'n vyfjaarplan wat jaarliks hersien moet word om aan te pas soos dinge verander in die eksterne omgewing. Hierdie proses is baie kompleks en alle rolspelers moet betrek word - veral die gemeenskap om die behoeftes te identifiseer. Die proses word gedryf deur die *“IDP*

manager” in die strategiese departement. Hierdie plan moet die begroting inlig en nie andersom soos dit in die praktyk gebeur nie. As daar gepraat word van strategiese bestuur is prestasiebestuur altyd betrokke. Hier verwys ek spesifiek na die “SDBIP” om doelwitte wat gestel is te meet op ’n maandelikse wyse.”

“Die GOP is die munisipaliteit se vyfjaarplan. Dit is ’n gemeenskapsplan omdat dit vir die mense deur die mense is. Hierdie plan sit uiteen in watter rigting die Raad vir die volgende vyf jaar wil gaan met die munisipaliteit en dorp.”

“Die GOP is die munisipaliteit se hoofplan vir ’n tydperk van vyf jaar. Alle ander planne is onderhewig aan hierdie plan. Dit behels projekte en programme wat die munisipaliteit beoog om in die volgende vyf jaar te implementeer. Belangrik by hierdie proses is gemeenskapsdeelname. Die plan moet jaarliks hersien word soos voorgeskryf deur wetgewing. Die GOP is die fondament waarop die munisipaliteit staan.”

“Die GOP staan vir Geïntegreerde Ontwikkelingsplan wat in 2000 begin het en die Heropbou en Ontwikkelingsplan (HOP) vervang het. Die doel van hierdie plan is dat die inwoners van Oudtshoorn deelneem en hulle behoeftes identifiseer en ook om die dorp te ontwikkel. Met ander woorde, die GOP is slegs ’n instrument om die behoeftes van die gemeenskap te realiseer vir ontwikkeling. Dit is hoekom hierdie proses volgens my meer gerig is op ontwikkeling as die begroting. Dit is ’n langtermyn plan, selfs al verander die Raad. Die 20 jaar visie is goedgekeur in 2011 en moet teen 2030 realiseer. Die raad moet terugvoering gee aan die mense oor die vordering van die plan. Die plan is ook gekoppel aan die begroting en SDBIP. Dit is hoe ek die GOP verstaan.”

“Die GOP is die munisipaliteit se hoof-strategiese dokument. Die plan het ’n vyf jaar lewensduur en word jaarliks hersien soos vereis deur wetgewing. Dit is ’n inklusiewe proses wat publieke deelname insluit, asook insette van nasionale, provinsiale en interne departemente in die munisipaliteit. Hierdie proses het nie ’n einde nie omdat dit die basis van enige munisipaliteit behoort te wees.”

Hierdie vraag het ten doel gehad om die deelnemers se begrip en kennis te toets aangaande hul persepsie van wat die GOP behels. Die navorser is redelik tevrede met die antwoorde wat gegee is, met sommige deelnemers wat aanhalings gemaak het oor openbare deelname, gemeenskapsbehoefte en prioritisering alhoewel daar beduidende antwoorde ontbreek het soos, ontwikkeling, wetgewing, strategiese beplanning, ens. Dit kan dalk ’n aanduiding wees dat die GOP-proses nie geïnstansionaliseer is in die OPM nie of dat deelnemers nie die waarde van

hierdie proses en plan insien nie. Daar is wel deelnemers wat die volledige proses verduidelik het. Dit gee die navorser die versekerheid dat die GOP-proses goed gefasiliteer en gekoördineer word. Daar kom egter 'n persepsie navore dat dienslewering deur ander planne gedryf word, wat reg is as daardie planne spesifiek verwys na 'n GOP-strategie wat die verwagte uitset en uitkomst bereik soos wat in die GOP saamgevat word.

Die volgende twee response is deur twee deelnemers verskaf wat verwysing het na die feit dat 'n GOP in die lewe geroep is om die infrastruktuur-agterstand aan te spreek:

- “Dit is 'n plan oor hoe die munisipale infrastruktuur ontwikkel sal word, ten einde die nodige dienste aan die inwoners te lewer op 'n volhoubare en aanvaarbare manier”.
- “Om die dienslewering agterstand aan te spreek in die voorheen benadeelde omgewings en om die dorp 'n visie in die toekoms te gee”. Dit is duidelik nie die enigste doel van die GOP soos vermeld in hoofstukke 1, 2 en 3 nie.

Vraag B2

Buite spesifieke projekte (kapitaal en operasioneel gefinansier) dink U daar is 'n skakel tussen die GOP en die dag-tot-dag administrasie en die bestuur van die munisipaliteit se bedrywighede? Indien ja, verduidelik.

Die deelnemers het as volg geantwoord:

“Ja, daar bestaan 'n mate van 'n skakeling, maar kom nie duidelik na vore nie, soos terregewys deur die Ouditeur Generaal (OG).”

“Nee, daar bestaan nie 'n skakeling nie. Dis amper asof elke departement op hul eie beplan.”

“Daar bestaan 'n skakel, want jou daaglikse bedrywighede vloei vanuit jou GOP. Dis hoekom dit die hoof-strategiese dokument is.”

“Nee, daar bestaan nie 'n skakel nie. Mense kom elke dag kantoor toe en doen net wat hulle wil. Daar is geen beplanning of doel waarheen daar gewerk word nie.”

“Nee, daar bestaan nie 'n skakeling nie. Die politici meng in by die administrasie en dit veroorsaak dat die amptenare nie hulle werk kan uitvoer nie.”

“Daar bestaan 'n skakeling. Die daaglikse bedrywighede werk daarnatoe om 'n groter doel te bereik.”

“Die skakeling kom nie duidelik navore nie. Dit is elke jaar ’n opmerking wat deur die OG uitgewys word. Dit kan ook toegeskryf word omdat ons nie ’n toegewyde amptenaar het wat met prestasiebestuur werk nie.”

“Tans bestaan daar nie ’n skakeling nie. Ons benodig bekwame amptenare in hierdie verband.”

“Ja, daar bestaan ’n verband. Alle departemente streef daarna om die visie van die raad te bereik deur dit wat elke dag gedoen word.”

Na aanleiding van die navorser se vooraf bepaalde ondersoek rakende die kwessie is daar bevind dat daar nie ’n duidelike skakeling is tussen die GOP en dag-tot-dag administrasie van die OPM nie en ook dat daar nie ’n skakeling is met die strategieë van die GOP is nie. Bewyse hiervan kan geverifieer word deur die Ouditeur Generaal se bevindinge vanaf 2012 tot 2015 wat rakende hierdie kwessie bevestig word. Die doel van die vraag was dus om vas te stel tot watter mate die situasie erken word. Die antwoorde tot hierdie vraag was dubbelsinning. Meerderheid van die deelnemers het “nee” geantwoord, met spesifieke verwysing na basiese dienslewering en ondersteuningsdienste van die OPM. Hierdie bewerings word ondersteun dat meeste van die prestasieteikens nie bereik word nie. Daar was egter deelnemers wat aanduiding gegee het, dat die skakel nie duidelik is nie, met aanhalings wat deur die Ouditeur-generaal se bevindinge vanaf 2012 tot 2015 gemaak is rakende hierdie kwessie.

Vraag B3

In U opinie watter departement(e) is tans die belangrikste met die ontwikkeling van die strategieë ten einde die behoeftes wat in die GOP geïdentifiseer is, te bereik?

Sewe deelnemers het geantwoord dat die “Die Strategiese Departement” die verantwoordelike departement is.

Nog ’n respondent het verbatim geantwoord: “Die kantore van die Burgemeester en munisipale bestuurder as ek my wetgewing reg lees; dan word die funksie gedelegeer na die Hoof van departemente en GOP-bestuurder vir die koördinerende en fasiliterende van die GOP-proses.”

Meeste van die deelnemers/respondente het geantwoord dat die strategiese departement verantwoordelik is vir strategie ontwikkeling. Een respondent het wel aangedui dat die Munisipale Bestuurder en Burgemeester die belangrikste persone is vir die ontwikkeling en implementering van strategieë. Die deelnemer ondersteun die opmerking deur die spesifieke wetgewing aan te haal. Daar kan afgelei word dat die deelnemers moontlik nie die betrokke wetgewing en rolle van die Munisipale bestuurder en Burgermeester verstaan of ken nie.

Vraag B4

Met spesifiek verwysing na U situasie, tot watter mate is u munisipale bestuur toegerus om die GOP te ontwikkel en te implementeer?

Die deelnemers het as volg geantwoord:

“Die munisipaliteit beskik oor toegewyde amptenare wat oor die nodige ervaring en kennis beskik.”

“Al die senior amptenare het die nodige kwalifikasies en ondervinding om te verseker dat die GOP suksesvol geïmplementeer word.”

“Al die senior amptenare beskik oor meer as 20 jaar ervaring in munisipale bestuur, asook die nodige kwalifikasies.”

“Ons senior bestuur beskik oor die jare se ervaring in munisipale bestuur. Soms is die politieke wil nie daar om sekere dinge te laat gebeur nie.”

“Al die senior amptenare voldoen aan die minimum vaardigheidsvereiste soos vereis deur wetgewing. Verder beskik hulle oor die nodige ervaring om te verseker dat die GOP suksesvol implementeer.”

“Die senior bestuur beskik oor die nodige ervaring. Om uitsondering te maak van ons huidige Munisipale Bestuurder (MB). Hy was vir tien jaar MB by Breedevallei munisipaliteit asook die Burgemeester van die Drakenstein munisipaliteit.”

Die munisipaliteit se bestuur beskik oor die nodige munisipale ervaring en kwalifikasies. Die bestuur is persone wat by vorige munisipaliteite waar, hul werksaam was vrywarings (disclaimers) ontvang het van die Ouditeur-generaal en dit omgekeer het en vandag kan spog met skoon ouditverslae, as ek Bitou munisipaliteit as 'n voorbeeld kan gebruik. So ek glo ons is op die regte pad met ons nuwe bestuur, daar kan reeds verbetering gesien word in terme van goeie regering asook dienslewering.

“Ons bestuur is toegerus met die nodige kwalifikasies en jare se ervaring in die plaaslike regeringsfeer. Ek moet noem dat die huidige bestuur persone is wat glo in goeie en verantwoordbare regering. Manne wat die wet respekteer en volg tot op die laaste letter”.

“Die bestuur het die nodige ervaring en kwalifikasies. Hulle aanstellings is bekragtig deur die LUR vir plaaslike regering. So ja, ek dink hulle is instaat om goeie insae te lewer op die GOP en dit te implementeer”.

“Met hierdie vraag wou die navorser vasstel of deelnemers van mening is dat die senior en middelbestuur toegerus is met die nodige kwalifikasies, toepaslike ervaring en nodige vaardighede om 'n kwaliteit GOP te ontwikkel en te implementeer. Asook om die deelnemers se persepsie te kry rakende hulle eie bestuur se bestuurskapasiteit”.

Met verwysing na die deelnemers se antwoorde is daar eenstemmigheid dat die huidige munisipale bestuur toegerus is met die nodige kwalifikasies, toepaslike ervaring en nodige vaardighede. Die Menslike Hulpbron bestuurder het ook aangedui dat daar jaarliks begroot word deur LGSETA vir opleiding van amptenary, sowel as raadslede. Daar word bygevoeg dat al die senior en middelbestuur beskik oor die minimum bevoegdheidskwalifikasies vir bestuurders, wat verpligtend is vir bestuurders en senior bestuurders soos vereis deur die Munisipale Regulasies oor Minimum Vaardigheidsvlakke, Staatskoerant 29967 van 15 Junie 2007. Met bovermelde antwoorde is dit duidelik dat die OPM se bestuur oor die nodige vaardighede, ervaring en kwalifikasies beskik om 'n kwaliteit GOP te formuleer en te implementeer.

Vraag B5

Wat glo u is van die belangrikste voordele van die ontwikkeling en implementering van die GOP?

Die volgende is geïdentifiseer deur die deelnemers:

- Deur ontslae te raak van die “silo beplanning” effek wat ontstaan het in munisipaliteite.
- Strategie.
- Om gemeenskapsbehoefte te teiken.
- Kort, medium en langtermyn padkaart vir die munisipaliteit.
- Volhoubaarheid.
- Gesamentlike visie.
- Demokrasie.
- Om die Batho Pele beginsels te implementeer.

Die doel van hierdie vraag was om die deelnemers se konsepsuele persepsie te toets oor wat die GOP bedoel is om te bereik. Met bovermelde antwoorde is dit duidelik dat die deelnemers oor deeglike kennis beskik rakende wat die GOP veronderstel is om te bereik.

Vraag B6

Glo U dat die Munisipaliteit se huidige departemente toepaslik gestruktureer is om die doelwitte van die GOP te bereik? Verduidelik u antwoord.

Die deelnemers het as volg geantwoord:

“Ja daar bestaan vyf departemente en elkeen dra by om effektiewe dienste te lewer aan die groter gemeenskap van Oudtshoorn.”

“Ja. Die organogram is onlangs hersien en daar bestaan tans vyf departemente. Vier van die senior posisies is gevul, met die Strategiese departement se direkteursposisie wat tans vakant is weens befondsing.”

“Ja, dit is. Meeste plaaslike munisipaliteite se strukture is gestruktureer, soos ons sin tans is. Die struktuur is voorgestel deur die administrateur en is onlangs goedgekeur deur die Raad.”

“Ja, die struktuur is reg gestruktureer. Daar moet net nie ingemeng word deur politici nie.”

“Ja, ek dink so. Die struktuur verteenwoordig ’n effektiewe en funksionele munisipaliteit wat daarna strewende om goeie dienste vir ons mense te lewer.”

“Ja, dit verteenwoordig die regte struktuur om die GOP doelwitte te implementeer. Met die opstel van die struktuur was daar genoegsame konsultasie en baie het aangedui dat die vorige vier departemente nie voldoen aan die behoefte van die organisasie om effektiewe dienste aan die gemeenskap te lewer nie.”

“Ja, die struktuur is reg gestruktureer volgens my.”

“Ja, die munisipaliteit se struktuur is reg gestruktureer. Ons het vyf departemente wat daarna streef om die visie te bereik van die raad.”

“Ja, ons struktuur is reg gestruktureer, volgens die behoefte van die groter Oudtshoorn. Die struktuur is geskik vir die dinamika van die interne en eksterne omgewing.”

“Ja, die struktuur is reg gestruktureer. Dit is onlangs goedgekeur deur die nuwe Raad.”

Die doel van hierdie vraag was om die deelnemers se persepsie te verkry of die munisipaliteit se departemente goed gestruktureer is om ’n geloofwaardige GOP te ontwikkel en te implementeer. Al die deelnemers het “ja” geantwoord, met verwysing dat daar vyf departemente bestaan nl: Direkoraat Gemeenskapsdienste, Direkoraat Korporatiewe Dienste, Direkoraat Tegnieiese Dienste, Direkoraat Finansies en Direkoraat Strategiese Dienste.

Die riglyne wat deur die GOP “guide packs” verskaf word, haal aan dat strategie deur die Hoof Uitvoerende Beamppte gedoen moet word. Gebaseer op die navorsing van die verhandeling, is dit duidelik dat die OPM hieraan voldoen deurdat die GOP nie uitgekонтakteur word aan konsultante nie. Die deelnemers het wel melding gemaak dat daar ’n tekort is aan gekwalifiseerde en ervare mensekapitaal is.

Vraag B7

Daar bestaan natuurlik baie style van bestuur binne munisipaliteite. Watter een sou u sê is die belangrikste vir die suksesvolle ontwikkeling en implementering van die GOP?

Die deelnemers het as volg geantwoord:

“Deelnemende bestuur sal ek sê. Alhoewel dit soms nodig is om onpopulêre besluite te neem vir die volhoubaarheid van die munisipaliteit.”

“Bestuur wat almal in ag neem en omsien na die behoeftes van die gemeenskap.”

“Inklusiewe bestuur wat die mense eerste stel, want munisipaliteite se hoofdoel is om basiese dienste te lewer.”

“Bestuur wat goeie beplanning insluit. Planne moet duidelik uiteengesit word, soos in die GOP en daarvolgens geïmplementeer word.”

“Deelnemende bestuur wat alle belanghebbendes se insette in ag neem, want die munisipaliteit behoort nie aan ’n enkele persoon nie, maar is daar om die behoeftes van die gemeenskap aan te spreek.”

“Definitief nie outokratiese bestuur nie. So, ek sal sê demokratiese bestuur om alle opinies te kry en die beste besluit te neem wat tot voordeel vir die munisipaliteit is en vir die groter Oudtshoorn gemeenskap.”

“Deelnemende bestuur. Die mense moet die sentrale of kernpunt wees van enige organisasie. Die werknemers se opinie moet altyd in berekening gebring word voordat daar ’n finale besluit geneem word.”

“Inklusiewe bestuur. Ons lewe in ’n demokratiese staat en die meerderheid se stem sal altyd seëvier.”

“Bestuur waar almal se opinies in ag geneem word, met ander woorde demokratiese bestuur.”

Die doel van hierdie vraag was om te toets of die GOP ontwikkel en geïmplementeer kan word met ’n strategiese bestuursbenadering. Dit is die navorsers se persepsie, ondersteun deur die

analise gedoen in hoofstuk 2 dat strategiese bestuur die enigste bestuurstyl toepaslik vir strategiese beplanning is.

Na aanleiding van die deelnemers se respons, sien hulle nie strategiese beplanning as die enigste metode vir die suksesvolle ontwikkeling en implementering van die GOP nie. Al die deelnemers het aangedui dat deelnemende bestuur die belangrikste is. Dit kan 'n aanduiding wees dat die deelnemers duidelik nie die vraag verstaan het nie of dat hulle strategiese beplanning duidelik nie as belangrik genoeg beskou in die GOB-proses nie. Die aanname kan gemaak word dat daar min bewyse bestaan dat strategiese bestuur as 'n benadering bestaan om huidige uitdagings in die OPM aan te spreek. Na aanleiding hiervan is dit onwaarskynlik dat die uitkomstes bereik sal word wat deur die Grondwet voorgeskryf word.

Vraag B8

Is daar 'n korrelasie tussen die huidige "sukses" van die munisipaliteit en die doelwitte van die GOP? Verduidelik u antwoord.

Die deelnemers het as volg geantwoord:

"Daar bestaan nie tans suksesse waarvan ek bewus is nie. Ons is nou op die regte pad, in terme van die administratiewe proses."

"Daar bestaan nie tans suksesse nie. Die munisipaliteit is oppad na herstel weens die feit dat dit onder administrasie geplaas was deur die provinsiale regering. Daar was 'n duidelike ontbreking van goeie leierskap en die gevolge is nog sigbaar."

"Daar bestaan nie op die oomblik suksesse nie. Soos U sekerlik al gelees het in die media was ons vir 'n tyd onder administrasie geplaas."

"Ek sal sê ons huis projek in Rose Valley is 'n reuse sukses. Die feit dat van die slaggate herstel word, is 'n sukses. Jy moet verstaan dat die munisipaliteit finansieel tot op sy knieë, gebring is deur die vorige bestuur. Die feit dat die munisipaliteit nog funksioneer is 'n wonderwerk en dit kan beskou word as een van die suksesse."

"Daar bestaan nie tans suksesse nie, maar ek dink dit is waardig om te noem dat ons 'n goeie senior bestuur het. Vyf van die ses senior posisies is gevul met ervare persone. Binne twee tot drie jaar behoort ons weer terug te keer na normaal."

"Daar bestaan geen suksesse huidiglik nie. Die munisipaliteit is besig om dit self te herbou na 'n hewige laagte punt."

“Die negatiewe oorskry die positiewe dinge wat die afgelope paar jaar gebeur het, dat jy amper nie die suksesse wil opnoem nie. Ek kan egter noem dat ons die Bridgton sportgronde opgradeer het, ’n taxi rank in Dysselsdorp gebou het, die huis projek in Rose Valley en die huisprojek in De Rust.”

“Ek is maar onlangs aangestel. So ek kan nie suksesvolle projekte identifiseer nie”

“Daar is ’n aantal suksesvolle projekte wat voltooi is en sommige wat nog klaar gemaak moet word. Ons is nou amper aan die einde van die vyfjaar GOP-siklus en dit is belangrik vir ons om terug te kyk na watter impak ons die afgelope vyf jaar in die groter Oudtshoorn gehad het in terme van ontwikkeling.”

Meeste van die deelnemers het “nee” geantwoord. Met verwysing na goeie institusionele bestuur van finansies, wetlike en tegniese kwessies en deurdat die munisipaliteit nie tans die agterstand van basiese dienslewering aanspreek nie. “Ja” in terme van gelyke verskaffing van basiese dienste tussen verskeie gemeenskappe wat die korrekte platform skep vir ontwikkelingsgerigte plaaslike regering. Meeste deelnemers het ook verwys na die vorige bestuur se onvermoë om goeie bestuur toe te pas in die munisipaliteit, byvoorbeeld “daar was ’n duidelike ontbreking van goeie leierskap en die gevolge is nog sigbaar.” Daar is nie juis baie suksesse wat die OPM tans kan lys nie, maar wel dat die OPM oppad is na herstel met die nuut aangestelde bestuurskorps na die 2016 plaaslike verkiesing”.

Vraag B9

Hoe sien u dat ’n strategiese plan ontwikkel word wat sal voldoen aan die behoeftes van die gemeenskap?

Die deelnemers het as volg geantwoord:

“Dit moet ’n deelnemende proses wees, want die plan moet aan die einde van die dag die behoeftes wat deur die gemeenskap geïdentifiseer is aanspreek. ”

“Dit moet ’n deelnemende en samewerkende proses volg. Die munisipaliteit moet saamwerk met alle belange groepe, insluitend nasionale en provinsiale departemente om die beste dienste vir ons mense te lewer.”

“Dit moet deelnemend van aard wees. Gemeenskappe se insette moet verkry word deur wykskomitee-vergaderings, openbare vergaderings en selfs raadslede.”

“Gemeenskap moet die kern van die proses wees aangesien dit gaan oor hulle behoeftes en hoe die munisipaliteit dit gaan aanspreek met dié beperkte befondsing.”

“Die gemeenskap moet die middelpunt wees waar rondom die proses plaasvind. Die GOP gaan mos oor ontwikkeling veral in die arm gemeenskappe.”

“Ek sal sê betrokkenheid van die gemeenskap by behoefte identifisering en besluitneming. Die munisipaliteit het ’n verantwoordelikheid teenoor die gemeenskap soos voorgeskryf in die Grondwet.”

“Die proses moet die gemeenskap en alle ander belangegroepe betrek. Die dokument moet verteenwoordigend wees van al die belangegroepe”

“Dit moet ’n deelnemende proses wees. Die gemeenskap moet betrek word interne bestuur, die GOP verteenwoordigingsforum, belastingbetalersforum, besigheidskamer, ens.”

“Dit moet ’n inklusiewe proses wees. Alle belangegroepe moet deel uitmaak van die formuleringsproses van die GOP. Dit is hoekom openbare deelname die kern moet wees in die proses.”

Hierdie vraag het ten doel gehad om deelnemers se persepsie te verkry aangaande behoefte identifisering in die GOP-proses. Meeste van die deelnemers het geantwoord dat die proses deelnemend van aard moet wees en dat gemeenskappe se insette verkry moet word deur raadslede, openbare vergaderinge, wykskomitees, ens.

Die navorser is van mening dat daar nie ’n ander alternatief is as deur die GOP-proses nie. As enige ander proses gevolg word, gaan dit ’n duplisering wees, omdat die GOP verpligtend is in terme van die Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels Wet, 32 van 2000. Selfs al word ’n nakomingsbenadering gevolg, sal dit ontaard in duplisering van administrasie.

Vraag B10

Sien u die begrotingsprosesplan en die GOP-proses plan, wat parallel loop, onafhanklik van mekaar werk?

Die deelnemers het as volg geantwoord:

“Nee. Dit is veronderstel om parallel te loop. Soos die kenners sal sê moet daar “belyning” tussen die twee komponente wees.”

“Nee. Hierdie prosesse moet parallel loop. Daar moet ’n duidelike skakeling wees tussen die begroting en GOP-proses, alhoewel ek kan sê dat dit tans nie die geval is by OPM nie. Ons sit met ’n tekort aan ervare personeel in die prestasiebestuur-kantoor, of altans, die posisie is vakant vir die afgelope vyf jaar.”

“Nee. Die proses moet saamloop. Dit moet ook so aangedui word in die GOP-proses plan. Daar moet streng gehou word by die aktiwiteitsdatums wat geïdentifiseer is voordat die Raad dit goedgekeur het.”

“Nee. Die proses moet parallel loop.”

“Nee. Die proses moet parallel loop met mekaar.”

“Nee. Die proses moet parallel loop met mekaar om te verseker dat daar by die skakeling gehou kan word.”

“Die proses moet parallel loop. Dit word wetlik voorgeskryf”

“Die proses moet parallel loop. Dit word so vervat in die GOP-proses plan wat deur die Raad goedgekeur is.”

“Die proses loop parallel. Die skakeling moet duidelik wees tussen die komponente.”

Op hierdie vraag het al die deelnemers “ja” geantwoord. Met sommige deelnemers wat melding gemaak het dat die GOP die begroting moet inlig en nie anders om nie. Na aanleiding van die navorser se ondersoek van die OPM se GOP-dokument kom dit voor asof die GOP-proses plan en begrotingsproses parallel loop.

Vraag B11

Met die plasingprosesse van items/projekte op die begroting, hoe sou u die volgende drie aspekte in volgorde van belangrikheid rangskik– Strategie, Prioritering en finansiële hulpbronne?

Die deelnemers het as volg geantwoord:

Vyf respondente het die volgende volgorde verkies: Strategie, Prioritering en Finansiële hulpbronne terwyl vier respondente Prioritering, Strategie en Finansiële hulpbronne verkies het.

Hierdie vraag is 'n verdere poging om die deelnemers se begrip van die belangrikheid van strategie in vergelyking met finansies. Die presiese belangrikheid van finansies en prioritering is natuurlik debatteerbaar afhangend van die interpretasie binne 'n spesifieke konteks of situasie. Alhoewel daar nie 'n debat is nie dat laasgenoemde, wat ook al hulle posisie, moet “Strategie” volg.

Vraag B12

Lys vyf uitdagings vir die suksesvolle ontwikkeling en implementering van die GOP wat u ervaar.

Die respondente/deelnemers het as volg geantwoord:

Institusionele kapasiteit, finansiële hulpbronne, politieke gewilligheid, geen integrasie en skakeling, volhoubaarheid, spanwerk, om koste effektiewe en doeltreffende diensverskaffers te bekom, samewerking met ander sfere van regering, om beleggers te betrek asook toewyding.

Die navorser het doelbewus die vraag so bewoord, in plaas daarvan om slegs te vra “lys vyf uitdagings”, omdat die lys in realiteit oneindig sal wees. Dit moet uiters maklik wees vir enige ervare bestuurders om vyf uitdagings te noem, tensy die denkwyse van so 'n aard is dat daar nie aandag geskenk word aan die GOB-prosesse nie of amptenare nie die GOP forums bywoon waarheen hulle genooi word nie.

Vraag B13

Wat is u algemene kommentaar of standpunte ten opsigte van GOP implementering deur U departement en die OPM om dienste doeltreffend en effektief te lewer aan die inwoners van die groter Oudtshoorn?

Die deelnemers het verbatim as volg geantwoord:

“Die samewerking tussen die verskillende departemente, asook 'n tekort aan finansiële hulpbronne.”

“Ek sal sê die grootste uitdaging vir OPM is tans finansiële hulpbronne om die instelling reg te ruk na vyf jaar se wanbestuur”

“Tekort aan tegniese mense. Dis moeilik vir 'n plattelandse munisipaliteit om kundige mense te lok met die vergoedingspakkette wat ons kan bekostig. Groter munisipaliteite bied groter vergoedingspakkette. Basies benodig ons ook meer befondsing van die regering of ondersteuning met tegniese persone.”

“Ons departement implementeer nie regtig die GOP nie. Ons lewer meer 'n ondersteuningsdiens.”

“Ons departement implementeer nie die GOP nie. Dink meer dit val by strategiese dienste, gemeenskapsdienste en tegniese dienste.”

“Ek dink ons departement doen redelik goed met die implementering van die projekte voortspruitend uit die GOP waarvoor ons verantwoordelik is. Alhoewel befondsing altyd ’n uitdaging sal bly, want daar is baie onbefondste projekte in die GOP wat deur ons departement gelys is.”

“Ons departement is nie direk betrokke by die implementering van die GOP nie. Ten opsigte van effektiewe dienste gelewer, kan ek noem dat ons redelik goed doen. Alhoewel ons ook tekort het aan personeel in hierdie afdeling.”

“Ons is nog besig om twee projekte wat in die GOP-proses is te implementeer. In terme van operasionele bedrywighede doen ons ’n goeie werk. Ons behaal elke maand ons doelwitte/teikens wat vooraf gestel is.”

“My afdeling het geen projekte wat in die GOP voorkom nie. Ons doen operasionele bedrywighede. Die diens wat ons lewer is van so aard dat dit ’n positiewe impak het op die lewens van die gemeenskap.”

Hierdie vraag het ten doel gehad om die deelnemers se persoonlike opinie te verkry rakende die effektiewe en doeltreffende lewering van dienste deur die OPM. Die deelnemers was nie juis positief oor hierdie vraag nie. Al die deelnemers het die vertraging van dienste en die oneffektiwiteit en ondoeltreffendheid daarvan toegeskryf aan die vorige bestuur se swak bestuur. Almal het wel melding gemaak dat die OPM op pad is na herstel nadat die instelling twee jaar terug onder administrasie geplaas is. Wetgewende verpligtinge en die lewering van basiese dienste aan die groter Oudsthoorn gemeenskap word nou op ’n doeltreffende en effektiewe manier verskaf.

Vraag B14

Verstaan u wat DSRTS se GOP-evalueringsraamwerk behels?

Die doel van hierdie vraag is om die deelnemers se persepsie te toets met betrekking tot die GOP-evalueringsraamwerk is. Meeste van die deelnemers dra nie kennis van DSRTS se GOP-raamwerk nie, met die uitsondering van een deelnemer. Die deelnemer het aangehaal dat dit “’n raamwerk is om die geslaagdheid van munisipaliteite se GOP’e te bepaal. Hierdie evalueringsraamwerk is saamgestel om as ’n hulpmiddel vir die skryf, ontwerp, verbetering en evaluering van ’n geloofwaardige GOP te dien.”

Vraag B15

Hoe implementeer die OPM die GOP in oorleg met DSRTS se raamwerk?

Die doel van hierdie vraag was om vas te stel of die OPM wel gebruik maak van die evalueringsraamwerk met die opstel van hul GOP. Vyf van die deelnemers dra nie kennis van die evalueringsraamwerk nie. Een deelnemer het aangehaal dat “die evalueringsraamwerk benut word deur die OPM deurdat dit die munisipaliteit help om daarna te strew om ’n geloofwaardige GOP op te stel, maar weens menslike kapasiteit en finansiële hulpbronne kan die munisipaliteit nie hierdie poging tot op hede realiseer nie.” Die noodsaaklikheid van hierdie studie word dis beaam aangesien die respondente in die studie nie kennis dra van die raamwerk nie. Soos uiteengesit in hoofstuk een van hierdie verhandeling, is die hoofrede om ’n verbeterde raamwerk saam te stel.

Vraag B16

Dink u daar is ’n behoefte om ’n verbeterde GOP raamwerk of riglyne op te stel ten einde ’n meer geloofwaardige GOP te formuleer?

Slegs een deelnemer het geantwoord dat “daar nie ’n behoefte bestaan vir ’n verbeterde raamwerk nie, tensy die inhoud van die riglyne van die 2001, GOP en wetgewing verander. Alles word duidelik uiteengesit oor wat in die GOP moet wees, maar weens interne kapasiteit en finansies kan die munisipaliteit nie voldoen aan al die vereistes van die GOP-evalueringsraamwerk voldoen nie.”

5.3.3 Onderhoude met prominente persone in die gemeenskap


Soos vermeld in afdeling 4.4 van hierdie hoofstuk is semi-gestruktureerde onderhoude met prominente individue in die gemeenskap gevoer. Dit was egter die hoofoogmerk van hierdie studie om onderhoude met wykskomitee lede mee te voer. Die munisipaliteit se wykskomitees was egter nie operasioneel tydens die insameling van data nie. Aangesien hierdie studie

Prominente persone met wie onderhoude gevoer is, het onder andere bestaan uit ’n lid van die gemeenskap wat voorheen op die ouditkomitee van OPM gedien het; ’n persoon van die belastingbetalers vereniging, ’n persoon wat op die GOP sportsverteenwoordingsforum dien, ’n wykskomiteelid, ’n persoon van die advieskantoor en ’n gemeenskapslid. Die onderhoude is gevoer om inligting te bekom oor hoe die lede dienslewering en ontwikkeling in die groter Oudtshoorn ervaar. Die navorser het weer eens objektief gebly tydens die onderhoude, ten einde te onderskei tussen wat feite en persepsies was. Respondente was verseker dat hulle deelname anoniem sal bly, ten einde goeie insette te verseker. Geen persoonlike name of

identifikasie sal dus hieronder vermeld word nie. Die eerste afdeling stel die biografiese inligting voor van die deelnemers.

Afdeling C: biografiese inligting:


C1: Ouderdom



Grafiek 5: Self-gegenereerde grafiek d.m.v analyse na onderhoude met prominente gemeenskapspersone.

Die resultate toon dat 38% van die deelnemers tussen die ouderdom van 41-50 jaar is, 25% tussen 50-65, 25% tussen 31-40 en 12% tussen 18-30 jaar. Hierdie ouderdomsgetalle is 'n aanduiding dat die deelnemers volwasse genoeg is en daartoe instaat is om in die beste belang van die dorp op te tree by wyse van hul deelname aan hierdie studie.


C2: Geslag



Grafiek 6: Self-gegenereerde grafiek d.m.v analise na onderhoude met prominente gemeenskapspersone.

Die resultate toon dat 60% van die deelnemers vroue is en 40% mans. Hierdie is 'n positiewe waarneming wat daarop dui dat vroue redelik betrokke is in gemeenskapswerk en dat hulle 'n prominente rol speel in die groter Oudtshoorn gemeenskap.

C3: Hoogste kwalifikasie



Grafiek 7: Self-gegenereerde grafiek d.m.v analise na onderhoude met prominente gemeenskapslede.

Die bostaande grafiek dui aan dat 40% van die deelnemers in besit is van 'n diploma, 20% het 'n graad terwyl 20% 'n honneursgraad het en nog 20% slegs matriek het. Dit gee 'n redelike goeie aanduiding dat die deelnemers goed geskool is.

Afdeling D

Hierdie afdeling handel oor vrae wat gestel is aan prominente individue in die groter Oudtshoorn gemeenskap. Die deelnemers is doelbewus gekies, omdat hierdie lede redelik aktief is in die gemeenskap en die omvang van dienslewering en ontwikkeling verstaan. Die volgende vrae is gestel aan die deelnemers:

Vraag D1

In u mening, wat is 'n GOP?

Die respondente het as volg geantwoord:

“Die GOP is 'n vyfjaarplan wat die projekte en programme bevat wat die munisipaliteit wil implementeer. Dit is belangrik om die gemeenskap te betrek by die prosesse om insette te kry en ook die gevoel van die gemeenskap te kry rakende die projekte.”

“Die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan ook bekend as die GOP is die raad se vyfjaarplan. Dit is 'n komplekse proses wat hoogs strategies van aard is. Dit is belangrik om die gemeenskap te betrek by die proses om hulle insette te kry en om deel uit te maak van die publieke deelname soos voorgeskryf deur die wetgewing.”

“Die GOP is die munisipaliteit se vyf jaar plan vir ontwikkeling in die Oudtshoornstreek. Dit is belangrik dat die munisipaliteit die mense van Oudtshoorn betrek by die formulering en implementering van die IDP.”

“Die GOP is die munisipaliteit se plan oor wat hulle vir die vyfjaar beplan. Die plan moet gemonitor word sodat dit geïmplementeer kan word. Die munisipaliteit moet gereeld terugvoering gee aan die gemeenskap oor die implementering van die plan. Dit is hoekom publieke deelname baie belangrik is. Die plan gaan basies oor ontwikkeling van die dorp oor die verskeie sektore.”

“Die GOP is ’n strategiese plan van die raad oor hoe dit die dorp wil ontwikkel oor die volgende vyfjaar. Hierdie plan word jaarliks hersien. Die publiek moet deurlopend betrokke wees by hierdie proses. Wanneer daar van ’n strategiese plan gepraat word, volg ’n monitor - en evalueringssisteem om te verseker dat die teikens geïmplementeer en gemonitor word.”

Hierdie vraag het getoets of die deelnemers verstaan wat ’n GOP is. Meeste van die deelnemers het geantwoord dat dit die munisipaliteit se vyfjaarplan is om projekte uit te rol. Sommige het melding gemaak dat publieke deelname belangrik is en dat die mense se behoeftes aandag moet geniet. Uit bostaande antwoorde is dit duidelik dat die deelnemers ’n goeie idee het waaroor die GOP gaan, alhoewel daar nie baie detail is in hulle antwoorde nie. Dit is verstaanbaar omdat hulle nie elke dag betrokke is in die proses of daarmee werk nie.

Vraag D2

In U mening, wat is die doel van wykskomitees?

Die respondente het as volg geantwoord:

“Wykskomitees is daar om deelnemende demokrasie op plaaslike regering aan te moedig. Dit help die wyksraadslid, wat die voorsitter is om die kwessies en behoeftes van die gemeenskap oor te dra na die raad vir bespreking. Dit is ook daar om die kommunikasie gaping tussen die gemeenskap en munisipaliteit te verbeter - veral met prosesse wat gevolg moet word.”

“Die doel van wykskomitees is om te luister na die gemeenskap se insette en dit dan oor te dra na die raad vir bespreking en oorweging vir goedkeuring. Die raadslid is die voorsitter van die wykskomitee.”

“Die doel is om die insette van die gemeenskap te kry. Om probleme aan te spreek en die voorsitter (die raadslid) dra hierdie insette oor na die raad vir oorweging. Dit vergemaklik die kommunikasie tussen die gemeenskap en die munisipaliteit.”

“Die doel is om insette uit die gemeenskappe te kry rakende kwessies wat as probleme beskou word in die gemeenskap. Dit vernou die kommunikasie gaping tussen die munisipaliteit en gemeenskap. Die wykskomitees het ongelukkig nie gefunksioneer in die vorige vyf jaar nie.”

“Wykskomitees is daar om gemeenskapsinsette te kry en dit oor te dra na die raad. Dit dien ook as publieke deelname meganisme. Dit help die raad baie om die brandende kwessies in die gemeenskap te verstaan en aan te spreek.”

Hierdie vraag het getoets of die deelnemers weet wat die doel en funksie van wykskomitees is. Dit is duidelik uit bostaande terugvoering van die deelnemers dat hulle die doel en funksie van wykskomitees verstaan. Die rede hoekom die navorser spesifiek aan die deelnemers die vraag gestel het, is omdat wykskomitees deel vorm van publieke deelname en wou dis vasstel of wykskomitees betrokke is in die gemeenskap. Uit bostaande terugvoer asook die navorser se eie ondersoek is dit duidelik dat die wykskomitees nie funksioneer het die afgelope vyf jaar nie. Wykskomitees word wetlik voorgeskryf en is 'n vereiste vir goeie regering en openbare deelname.

Vraag D3

Hoe gereeld betrek die munisipaliteit die gemeenskap in die beplanningsprosesse van die GOP en ander ontwikkelingsinisiatiewe?

Die respondente het as volg geantwoord:

“Ek woon nie gereeld die vergadering by nie as gevolg van my werk, maar sal sê ten minste twee tot drie keer 'n jaar.”

“Volgens my nie so gereeld nie, want ek weet nooit van vergaderings wat plaasvind nie.”

“Dis moeilik om die presiese getal te sê, maar die GOP en begroting vergaderings woon ek altyd by.”

“Die munisipaliteit betrek altyd die gemeenskap by die GOP en begrotingsvergaderings, asook enige ontwikkeling wat gaan plaasvind soos byvoorbeeld met die polisiestatie wat in 2015 in Dysselsdorp gebou is.”

“Die Munisipaliteit nooi die gemeenskap uit na vergaderings. Ek sien gewoonlik die kennisgewings op facebook.”

Die doel van hierdie vraag was om vas te stel hoe gereeld die OPM die gemeenskap betrek en hoe doeltreffend die kommunikasie is in hierdie geval. Openbare deelname is baie belangrik in 'n demokratiese staat en dit word wetlik voorgeskryf. Uit die bostaande antwoorde kom dit voor dat die gemeenskap nie gereeld gekonsulteer word nie asook dat daar 'n kommunikasiegaping is tussen die munisipaliteit en die gemeenskap.

Vraag D4

Wat is sommige van die algemene uitdagings wat u as gemeenskapslid ervaar met die OPM?

Die respondente het as volg geantwoord:

“Daar is geen klagtes van my kant af nie. Ek kan dalk net noem dat ek verstaan dat daar beperkte fondse is en daar nie altyd aan almal se behoeftes voorsien kan word nie. In terme van dienslewering kan mens sien dat daar verbetering is sedert die administrasie-proses.”

“Daar bestaan nie ’n lekker kommunikasiekanaal tussen die munisipaliteit en sy mense nie. Baie kere weet mens nie eers van ontwikkeling en kontrakte wat in Oudtshoorn aangaan nie. Die munisipaliteit moet ’n manier vind om effektief met alle lede van die gemeenskap te kommunikeer.”

“Nepotisme is ’n groot probleem in die munisipaliteit. In terme van dienslewering is dinge besig om te verbeter.”

“Die munisipaliteit doen ’n goeie werk met die beperkte hulpbronne. Vir die 2015/16 finansiële jaar het die munisipaliteit ’n gekwalifiseerde oudit verslag gekry waar dit die vorige jaar ’n vrywaring (disclaimer) gekry het. So duidelik kan daar gesien word dat vordering gemaak word in terme van goeie regering en dienslewering.”

“Daar word jaarliks beloftes gemaak en nie nagekom nie. Hier in Dysselsdorp is daar geen huise gebou sedert 2000 nie.”

Hierdie vraag het ten doel gehad om vas te stel wat sommige van die uitdagings was wat die deelnemers ervaar het met die munisipaliteit. Uit bostaande antwoorde en gesprekke met ander gemeenskapslede is dit duidelik dat dienslewering nie aandag geniet in die dorp nie alhoewel twee respondente van mening was dat dienslewering verbeter het. Baie het verwys na die vorige bestuur wat die munisipaliteit baie swak bestuur het en dit kan toegeskryf word aan die swak dienslewering wat die afgelope paar jaar plaasgevind het in die OPM. Baie het genoem dat die munisipaliteit besig is om finansiël te verbeter en dit kan gesien word in hoe dienslewering verbeter het. Een respondent het egter nie verstaan dat die mandaat om behuising te verskaf nie die van die OPM is nie, maar wel die verantwoordelikheid van die provinsiale regering.

Vraag D5

Is daar tans enige projekte in die huidige of vorige GOP vir implementering wat u wyk geïdentifiseer het? Indien ja, hoe het of gaan dit die lewens van burgers in u wyk verbeter?

Die respondente het as volg geantwoord:

“Nee. Ek voel hier word nie gekonsulteer oor wat die gemeenskap wil hê nie. Projekte word net afgegooi op die gemeenskap. Soos byvoorbeeld die taxi rank hier in Dysseisdorp wat 4 miljoen rand gekos het om te bou, staan nou net hier en word nie benut nie. Hulle kon liever huise gebou het of ’n fabriek om werk te skep vir ons mense.”

“Ja, ons het gevra dat die pad waarin ek woon geteer moet word en is in 2014 voltooi. Daar is nou minder stof in die straat en mens kan gemaklik ry met jou voertuig. Hulle moet nou net gehoor gee aan ons versoek om spoed hobbels in plek te stel.”

“Nee. Ons wag nou nog vir huise van die jaar 2000 af. Ons mense kry swaar en daar is ook geen nuwe werksgeleenthede wat geskep word nie.”

“Nee. Daar was al voorheen, maar nie in die afgelope vyf jaar van die vorige GOP-siklus nie. Die vorige raad het nie lekker gefunksioneer nie, want daar het blykbaar geen Raadsvergaderings plaasgevind nie.”

“Ja, die opgradering van Bridgton sportsgronde. Hier kan nou tv-wedstryde opgeneem word. Ons is baie bly daarvoor nou kan ons ook groot wedstryde op ons sportsgronde hou.”

Hierdie vraag het ten doel gehad om te bepaal of daar wel ontwikkeling plaasgevind het in die deelnemers se wyke wat sodoende die lewenskwaliteit van inwoners verbeter het. Twee van die deelnemers het *ja* geantwoord. Hierdie terugvoering bevestig dit wat in die GOP’e vervat is, dat daar die afgelope vyf jaar meestal opgradering/ instandhouding gedoen is aan bestaande infrastruktuur en operasionele projekte.

Vraag D6

Is u tevrede met hoe die huidige/vorige dienslewering en infrastruktuur-projekte uitgerol word? Indien nee, verduidelik.

Die respondente het as volg geantwoord:

“Nee. Die groot projekte word altyd toegeken aan kontrakteurs van buite die Oudtshoorn munisipale gebied. Ons plaaslike kontrakteurs word nie eers in ag geneem nie en ek glo baie van hulle kwalifiseer om die werk te kan doen.”

“Nee. Huidiglik word die pad tussen Oudtshoorn en De Rust herbou. Daar is geen subkontrakteur van die Oudtshoorn omgewing betrokke nie. Miljoene verlaat ons dorp jaarliks en ons mense kry net meer swaar.

Ja. Ek dink die munisipaliteit probeer maar hulle beste om vir ons as inwoners ’n beter omgewing te skep.”

“Nee. Ons word nooit betrek of ingelig van nuwe projekte wat geïmplementeer word nie. As jy net sien begin bou die mense en dan staan die geboue soos wit olifante soos met die taxi- rank hier in Dysselsdorp.”

“Nee. Ek noem dit gereeld by publieke vergaderings dat die munisipaliteit konsulteer nooit met ons nie. As hulle by die vergaderings kom word ons net ingelig. Die besluit is klaar geneem sonder dat ons betrek was.”

Hierdie vraag het ten doel gehad om die deelnemers se gevoel te kry oor hoe hulle dienslewering ervaar in die OPM. Meeste van die deelnemers was nie tevrede met hoe dienslewering uitgevoer word nie. Deelnemers is ontevrede, maar is hoopvol dat dinge sal verbeter in die nuwe termyn met die nuwe bestuur en Raad. Die GOP maak ook dikwels melding van dienslewering sagterstaande en infrastruktuur wat nie instandhouding ondergaan nie, met ander woorde die deelnemers bevestig wat aangehaal word in die GOP’e.

Vraag D7

Is u tevrede met hoe ontwikkeling binne die groter Oudtshoorn plaasvind? Indien nie, wat stel u voor om dit te verbeter?

Die respondente het as volg geantwoord:

“Absoluut nie. Eerstens beter kommunikasie met die gemeenskap. Tweedens kry gekwalifiseerde mense om die werk te doen, asook mense met ervaring. Leer by suksesvolle munisipaliteite soos George en Mosselbaai.”

“Nee. Ontwikkeling moet op so wyse plaasvind dat dit die lewens van die inwoners verbeter en huidiglik is dit nie die geval hier by ons nie. Hier vind ontwikkeling plaas, maar nie op so skaal waar dit regtig ’n verskil maak in ons lewens nie. Ek sal sê wend die geld aan op projekte wat ’n verskil kan maak in mense se lewens, wat beleggers sal trek na die dorp en op hierdie manier ook werkseleenthede kan skep, want die munisipaliteit is nie daar om werk te skep nie, maar om dienste te lewer en ’n gunstige omgewing te skep vir besighede.”

“Dit is in orde. Vir my gaan dit daaroor dat die basiese goed reg gedoen moet word. Ek moet by noem dat ons dorp die afgelope paar jaar verval het, maar daar kan gesien word dat dinge weer besig is om te herstel. So iewers word iets reg gedoen.”

“Nee. Ontwikkeling moet volhoubaar wees. As hier nuwe geboue opgerig word, hou dit nie eers vyf jaar nie dan bars die gebou. Kyk byvoorbeeld nou die polisiestatie hier in Dysselsdorp. Nog

nie eers 'n jaar nie en hier moet hulle kantore ontruim, want die gebou is besig om in mekaar te val.”

“Nee. Ontwikkeling vind nog steeds plaas soos in die apartheidsera. Hulle opgradeer 'n stadion in die blanke gebied vir 1 miljoen. Is MIG fondse nie veronderstel om slegs in voorheen benadeelde gebiede aangewend te word nie? Die Raad moet reg prioritiseer.”

Soos die vorige vraag, is hierdie vraag gestel om voorstelle vanaf die deelnemers te kry oor hoe om dienslewering en uiteindelik ontwikkeling in die groter Oudtshoorn te verbeter. Daar is idees gedeel soos prioritisering en om beleggers te lok na die dorp. Deelnemers het ook genoem dat hierdie voorstelle dikwels aan die Raad voorgelê word, maar dit egter nie realiseer nie.

Die bostaande data is ingesamel deur die navorser deur semi-gestruktureerde onderhoude te voer met die deelnemers. Die bevindinge van hierdie resultate word in die volgende afdeling bespreek.

5.4 BESPREKING VAN BEVINDINGE

Volgens bostaande terugvoer het die deelnemers 'n goeie idee wat 'n GOP is en wat dit ten doel het. Volgens bostaande terugvoer ervaar die OPM probleme met die effektiewe implementering van hulle GOP. Dit kan toegeskryf word aan 'n verskeidenheid van faktore soos swak bestuur, politieke onstabiliteit - en politieke inmenging, koördinerings tussende drie sferes van regering om te verseker dat die GOP effektief geïmplementeer word. Laasgenoemde blyk om 'n generiese probleem te wees volgens waarnemings wat deur die navorser gedoen is. Hierdie probleem moet voorkom word ten einde goeie praktyke en idees te ruil en mekaar by te staan om die uitdagings/probleme wat die OPM (asook ander munisipaliteite) in die gesig staar, aan te spreek. Na aanleiding van die terugvoer van deelnemers, observasies en dokument bestudering word die volgende opmerkings gemaak deur die navorser:

Dit is duidelik dat daar 'n menslike kapasiteit (tekort aan toepaslike en kritieke vaardighede) tekort in die OPM is en bemoeilik die formulering en implementering van dokumente soos die GOP'e en die Plaaslike Ekonomiese Ontwikkelingsstrategie (PEO).

Gegewe die vaardigheid binne die bestuurspan van die OPM en die hoeveelheid ondervinding wat sulke amptenare besit, soos geïllustreer in hierdie hoofstuk, is die navorser se persepsie dat hierdie resultaat weerspieël moet word in die huidige *status quo* van die munisipaliteit, aangesien dit noodsaaklik is dat die OPM vorentoe moet beweeg met die basiese begrip van die nasionale regering se afleweringsmandaat vir munisipaliteite.

Nie alle begrotingsbepalings word beskou as GOP verwant nie.

Terwyl die wetgewing uitdruklik die GOP voorskryf as 'n "allesomvattende plan", beskou die respondente dit nie as sodanig nie. Meer spesifiek is die volgende die implikasies:

- geen algemene benadering tot die begrotingsproses nie;
- geen gemeenskaplike strategiese plan nie;
- duplisering van administrasie voeg dus by tot die "rompslomp" (burokrasie) van die OPM;
- minder inspanning teenoor die GOP-proses, wat die status daarvan nog verder verswak;
- verspilte uitgawes; en
- ongebruikte inkomstestrome.

Die GOP word beskou as 'n proses om slegs die dienslewering agterstand aan te spreek as gevolg van die diskriminerende dienspraktyke van die verlede.

Dit impliseer dat die uitgebreide proses soos uiteengesit in Hoofstuk 5 van die MSA nie gevolg moet word nie, aangesien al die ander ontwikkelingsverpligtinge van die OPM om die lewensgehalte vir sy burgers te verbeter, nie uiters belangrik is nie. Alternatiewelik kan dit deur die respondente geïmpliseer word dat die ander verpligtinge aangespreek sal word, maar deur ander planne of prosesse. Wat nie debateerbaar is nie, is die feit dat daar ongetwyfeld baie meer munisipale verpligtinge in terme van die ontwikkelingsmandaat is soos aangedui aan die leser in hoofstukke 1, 2 en 3.

Die GOP het geen of baie min invloed op die bedryfsbegroting

Dit is strydig met die voorskrifte van artikel 25 (1) (c) van die MSA wat stipuleer dat die GOP "die beleidsraamwerk en algemene grondslag moet vorm waarop jaarlikse begrotings gebaseer moet wees".

Dit impliseer dat:

- dag-tot-dag bedrywighede is nie gefokus op doelstellings en doelwitte van die OPM nie;
- verspilte uitgawes;
- funksionele departemente sal onbewustelik funksies verrig volgens hul eie planne; en die "silo" -stelsel binne die OPM hou voort.

Die geïntegreerde ontwikkelingsplan word deur sommige beskou as 'n instrument om ruimtelike ontwikkelingsplanne aan te spreek.

Dit impliseer:

- dat slegs die Stadsbeplanning en Ingenieursdepartemente moet deelneem aan die bestuur van die GOP; en
- ander departemente moet volgens 'n ander agenda of strategiese plan werk.

Uit die onderhoude was die waarneming dat die silo-effek 'n gestremdheid en struikelblok is teenoor algemene fokus.

Uit observasie van die relevante antwoorde op die vrae en sommige opgewonde kommentaar, is dit baie duidelik dat munisipale amptenare dikwels té gefokus op hul funksionele verantwoordelikhede is en gevolglik nie die groter prentjie sien nie. Dit het 'n paar belangrike implikasies vir die GOP van die OPM in:

- die ingesteldheid vir individue om alleen te beplan en op te tree binne die omvang van hul eie departementele plan, lei tot 'n disfunksionele GOP;
- departementele strategieë moet in plek wees, maar nie ten koste van die oorkoepelende strategieë van die GOP nie;
- die belangrike uitkomst van die spesifieke strategieë van die GOP sal voortdurend die risiko hê om slegs gedeeltelik of nooit te materialiseer nie, aangesien departemente hul eie agendas en planne het; en
- as munisipale amptenare voortgaan om te sien dat die huidige aflewingsmandaat bereik word deur middel van 'n tradisioneel funksioneel gestruktureerde munisipale organogram, sal die departementele ingesteldheid ("silo-effek") in die toekoms voortduur.

Daar moet 'n spesifieke / toegewyde verteenwoordiger van elke departement wees vir die GOP-proses en leierskap moet direk by die kantoor van die Munisipale Bestuurders wees.

Hierdie bevinding uit die antwoorde beklemtoon drie kwessies:

- die munisipaliteit se huidige organogram het 'n swakheid in die konteks van GOP en implementering. Dit beteken egter nie outomaties dat veranderinge in 'n funksionele konteks benodig word nie. Die navorser is van mening dat die outonomie van departemente behou moet word, maar nie tot die mate dat sodanige outonomie die munisipale wye strategie bestuur nie; en
- leierskap van die GOP wat direk van die Munisipale Bestuurder kom, is 'n praktyk wat onderskryf word deur die teorie en algemeen aanvaarde praktyk van strategiese leierskap (soos bespreek in hoostuk 2).

Alhoewel dit deur die respondente genoem was dat die proses van strategiese bestuur plaasvind, is daar geen of baie min bewyse hiervoor.

Dit impliseer dat:

- die GOP se behoeftes, soos geïdentifiseer in die GOP-proses sal nie behoorlik gesintetiseer word en in lyn gebring word met 'n korrek geprioriteerde strategiese plan nie;
- hulpbronne sal nie in lyn gebring word met 'n enkel-inklusiewe strategiese plan nie, soos omskryf in die MSA (Suid-Afrika, 2000:36) en daarom sal uitgawes onkundig aangewend word;
- om dieselfde redes hierbo genoem, sal geleenthede om addisionele inkomstestrome te ontgin nie uitgebuit word nie; en
- kortom sal die GOP disfunksioneel wees vanuit 'n strategiese perspektief.

Bestuurders met vyfjaar-prestasiekontrakte mag gedwing word om slegs op kort- en mediumtermynuitsette te fokus en daarom versuim om te verseker dat daardie uitsette bydra tot die meer belangrike langtermynuitkomste soos omskryf deur die munisipaliteit se langtermyn doelstellings.

Die gevolge hier is potensieël verreikend, maar dit is beslis die moeite werd om navorsing te doen as 'n eie studie.

Die munisipale diensleweringmandaat word verwing deur meer klem op formele nakoming, eerder as die inhoud van sodanige voldoening. 'n 'Skoon oudit' word belangriker beskou as dienslewering.

Die bevinding ego 'n punt wat vroeër gemaak is, dat die behoefte om gesien te word "om te presteer" in terme van prestasie-kontrakte met korttermyn prestasie-teikens, makliker is om te bereik op die kort- en medium termyn met baie sleutelprestasie-aanwysers (SPA's) wat nakoming georiënteerd is en nie uitset en uitkomsgebaseer nie.

Voorbeelde van sulke SPA's om wetgewende spertye vir prosesse te bereik, is die opstel van die munisipale begrotings, die voltooiing van finansiële state en die opstel van die jaarverslae. Meer klem word geplaas op die voltooiing van hierdie dokumente en 'skoon oudits', as hul werklike inhoud wat nie die geval moet wees nie. Goeie regering, effektiewe en doeltreffende dienslewering moet 'n resultaat wees van skoon oudits.

Dit is duidelik dat die begrotingsproses self voorkeur geniet en belangrik beskou word as die GOP-proses van kort- medium- en langtermynstrategie.

Die implikasie van hierdie tendens is dat OPM nooit 'n werklike of betekenisvolle visie sal hê met kort- medium- en langtermyn doelwitte nie. Gevolglik sal die OPM gedwing word om 'n jaar-tot-jaar begroting te hê, in plaas van 'n effektiewe langtermyn- en korttermynbegroting. Elke jaar word 'n nuwe begroting geskep, in plaas van net 'n jaarlikse hersiening en verfyning van die voorspelde syfers wat in die vorige jaar se begrotingsproses verskaf is. Kundiges op die gebied van korporatiewe finansiële strategie bevestig dat finansiële strategie nie in isolasie van die oorkoepelende institusionele strategieë gekyk kan word nie. Benewens die bewyse in die antwoorde van die onderhoude en die GOP-ontleding dat finansies beskou word as belangriker as strategie, het die navorser die volgende persoonlike waarneming gemaak:

Elke jaar se funksionele bestuursproses word uitgevoer op 'n manier wat 'n totale herhaling van die kapitaalprojekte behels wat geen werklike beplanning in die voorafgaande jaar impliseer nie. Gevolglik verdwyn die grootste deel van die projekte en inisiatiewe wat as “beplan” in die vorige begrotingsproses aangedui is. Die enigste “beplande” projekte of inisiatiewe wat oorbly, is die “oordragte”, dit wil sê, projekte wat reeds begin het. Hierdie praktyk bevestig die bevinding dat strategiese beplanning nie regtig bestaan nie. Daar is slegs oppervlakkige beplanning vir nakomingsdoeleindes.

Hierdie implikasies het 'n direkte invloed op ontwikkeling en gevolglik op dienslewering in die OPM. Dus moet die manier van denke oor die GOB proses dramaties verander en dat die GOP as die hoof strategiese dokument geïnstansionaliseer moet word binne die OPM.

5.5 HOOFSTUK SAMEVATTING

Hierdie verhandeling het die kwalitatiewe benadering gevolg waar die literatuur studie in hoofstukke 2 en 3 gebruik was met die opstel van semi-gestruktureerde vrae. Die relevante navorsingsvrae - en doelwitte van die studie was in ag geneem met die opstel van die onderhoudskedule. Die totale teikenbevolkingsgrootte van hierdie studie was vyftien respondente terwyl die steekproefgrootte vyftien respondente was. Alle relevante belanghebbendes is daarop gemik om aan die navorsing deel te neem deur doelgerigte steekproeftrekking. Al die vrae in die onderhoude was gebaseer op sekere feite en kennis aangaande die GOP om dienste op 'n effektiewe en doeltreffende manier aan die inwoners van die groter Oudsthoorn gemeenskap te lewer.

Die data wat deur middel van die empiriese studie ingesamel is, is geïnterpreteer en vergelyk met die literatuurstudie wat in hoofstukke 2 en 3 van hierdie verhandeling gedoen is. Die sieninge en voorgestelde oplossings van die deelnemers het bygedra om die

navorsingsdoelstellings van hierdie verhandeling aan te spreek. Dit is duidelik dat die respondente nie die doel van GOP-evalueringsraamwerk verstaan nie en dit is 'n bron van kommer vir die navorser. As die antwoorde van die deelnemers bestudeer word, is dit duidelik dat die GOP nie die grondwetlike mandaat vervul soos uiteengesit in afdeling 152 (1) van die Grondwet nie.

Die bevindings wat in hierdie hoofstuk gemaak word, tesame met die ooreenstemmende implikasies, gee duidelike bewyse dat die rol wat die GOP in die OPM speel nie die volle potensiaal van die dienslewingsmandaat vervul nie. Die gevolg hiervan is dat die GOP nooit sy voorgenome mandaat sal nakom soos voorgeskryf deur al die toepaslike wetgewing vir plaaslike regering nie.

Die volgende hoofstuk sluit hierdie verhandeling af met 'n opsomming van die vorige hoofstukke, die evaluering van die OPM se 2014/15 GOP aan die hand van die nasionale GOP-evalueringsraamwerk, die voorstelling van 'n verbeterde GOP-evalueringsraamwerk en laastens aanbevelings vir die suksesvolle implementering van 'n GOP vir die OPM en by implikasie vir enige ander munisipaliteit in Suid-Afrika.

HOOFSTUK 6

OPSOMMING EN AANBEVELINGS

6.1 INLEIDING

Na aanleiding van die empiriese bevindinge wat in hoofstuk vyf bespreek is, sluit hierdie hoofstuk die studie af. In hierdie hoofstuk word die OPM se 2014/15 GOP geëvalueer aan die hand van die nasionale GOP-evalueringsraamwerk; 'n verbeterde GOP-evalueringsraamwerk word voorgestel vir meer effektiewe en doeltreffende dienste op plaaslike regeringsfeer; 'n logiese gevolgtrekking tot die navorsing; bruikbare aanbevelings en areas vir verdere studies word ook bespreek.

Munisipaliteite regoor Suid-Afrika ervaar finansiële, menslike kapasiteit en dienslewering uitdagings. Die OPM is nie immuun teen hierdie uitdagings nie en dus is hierdie studie onderneem om die effektiwiteit van die GOP in die OPM te ondersoek en daarbenewens 'n verbeterde GOP-evalueringsraamwerk te ontwikkel.

6.2 OPSOMMING VAN DIE STUDIE

Met verwysing na die probleemstelling van hierdie verhandeling, was die hoofdoel van hierdie studie om die effektiwiteit van die Geïntegreerde Ontwikkleingsplan van die OPM te ondersoek en gevolglik 'n verbeterde GOP-evalueringsraamwerk op te stel. Met inagneming dat die GOP nie die gewenste resultate navore bring soos effektiewe dienslewering en ontwikkeling van voorheenbenadeelde gebiede nie.

Om die voormelde doelwit te bereik, was 'n relevante literatuurstudie onderneem waar die bestaande wetgewing, regulasies, teorieë, beginsels en praktyke van Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning en strategiese beplanning ondersoek is – insluitend die oorweging vir aanbevelings verkry deur middel van die empiriese studie. Hierdie aktiwiteite het vereis dat navorsingsvrae opgestel moet word wat die basis vorm vir die doelwitte van hierdie studie.

Die onderstaande tabel belyn die navorsingsvrae, navorsingsdoelwitte en die hoofstuk verwysing om aan te toon of die doelwitte van die studie bereik is, al dan nie.

Navorsingsvrae (NV)	Navorsingsdoelwitte (ND)	Hoofstuk verwysing
(NV1): Wat behels ontwikkelingsgerigte beplanning volgens die teorie?	(ND1): Om die teorie van ontwikkelingsgerigte beplanning te bestudeer.	2
(NV2): Wat is die aard en omvang van ontwikkeling en dienslewering in die OPM, soos in hul GOP aangedui?	(ND2): Die kriteria vir 'n meer effektiewe, doelgerigte, ekonomiese en volhoubare GOP te ondersoek.	5 en 6
(NV3): Hoe reguleer en struktureer die OPM die implementering van sy GOP?	(ND3): Om die wetgewende voorskrifte wat GOB in SA reguleer te ondersoek en te analiseer.	3
(NV4): Wat is die kriteria vir effektiewe, doelgerigte, ekonomiese en 'n volhoubare GOP?	(ND4): Die effektiwiteit van die GOP aan die hand van die beskikbare Suid-Afrikaanse GOP-evalueringsraamwerk van DSRTS te ondersoek, sowel as nakoming daarvan deur OPM te bepaal.	2 en 6
(NV5): Wat is die tevredenheidsvlak soos ervaar deur die gemeenskap ten opsigte van dienslewering aan die hand van OPM se GOP?	(ND5): Die uitdagings wat die OPM in die gesig staar met die bereiking van hul GOP-doelwitte, te bepaal.	5
(NV6): Wat is die uitdagings wat deur die OPM ervaar word om hul GOP-doelwitte te bereik, ten einde meer effektiewe dienste te lewer?	(ND6): Om aanbevelings vir 'n meer effektiewe en doelgerigte GOB voor te stel vir die OPM by wyse van 'n verbeterde GOP-evalueringsraamwerk vir dienslewering soos voorgeskryf deur DSRTS.	4, 5 en 6

Tabel 2: belyning van die navorsingsvrae, navorsingsdoelwitte en die hoofstuk verwysing

6.2.1 Opsomming van die hoofstukke

Hoofstuk een het die onderwerp van die studie bekendgestel. Hierdie hoofstuk het gehandel oor die inleiding, agtergrond en motivering vir die studie. Bykomend hierby, was die navorsingsprobleem, navorsingsvrae, navorsingsdoelwitte en die metodologie wat in hierdie studie gebruik was, bespreek. Laastens is die hoofstuk uiteensetting gedoen.

Hoofstuk twee het 'n teoretiese agtergrond geskep rakende beplanning, strategiese beplanning, ontwikkeling, sosiale kontrak teorie en die Nuwe Openbare Bestuur-paradigma vir die effektiewe, doeltreffende en ekonomiese dienslewering aan plaaslike gemeenskappe deur middel van GOB. Strategiese Beplanning as die toepaslike beplanningsinstrument vir regering was verken. Die sisteem benadering was voorgestel en bespreek omdat dit tot groot belang tot hierdie studie bydrae oor die doktrine of sisteem van geloof wat weerspieël word in GOB. Hierdie hoofstuk word belyd om ND 1 en NV 1 na te kom.

Die Suid-Afrikaanse regering het plaaslike regering se wetgewing gepromulgeer wat gemik is om GOB te bevorder en te reguleer. Om ND3 en NV3 na te kom, fokus **Hoofstuk drie** op die wetgewende en regulerende vereistes wat GOB reguleer. Daar is samevattende gevolgtrekkings gemaak tussen die teorie en die wetgewende voorskrifte wat in die openbare praktyk toegepas word.

Dit is nodig om die statutêre raamwerk sistematies te verstaan met die ontwikkeling van 'n raamwerk. **Hoofstuk vier** wat die basis gelê het vir die nakoming van ND 6, het gefokus op die teoretiese fondasie van 'n raamwerk. Hierdie hoofstuk het onderskeid getref tussen 'n teoretiese en konseptuele raamwerk. Dit was noodsaaklik, omdat daar in akademiese sirkels 'n dubbelsinnigheid bestaan wat handel oor die twee tipes raamwerke. Verder is daar ook 'n stap vir stap handleiding voorgestel oor hoe om 'n verbeterde raamwerk te ontwikkel.

Hoofstuk vyf het die empiriese bevindinge van die studie voorgestel. Die verskeie opinies, gevoelens en perspektiewe van die respondente was voorgestel in hierdie hoofstuk. Die doel van hoofstuk vyf was om inligting in te samel oor GOB, dienslewering en ontwikkeling in die OPM. Hierdie hoofstuk het ook te doen gehad met die analise van data insameling vanuit die studieveld. Data analise behels betekenisgewing aan rou data wat ingesamel was van respondente. Transkripsies, tabelle en grafieke was gebruik in hierdie verband. Die data analise was gedoen in lyn met NV5 en ND5.

Hoofstuk ses is die finale hoofstuk van hierdie studie, dit som die hele verhandeling op. Bykomend hierby word die OPM se 2014/15 GOP geëvalueer aan die hand van die nasionale GOP-evalueringsraamwerk en 'n verbeterde GOP-evalueringsraamwerk word gevolglik voorgestel. Aanbevelings word gemaak, asook aanbevelings vir verdere studie.

6.3 DIE GOP-EVALUERINGSRAAMWERK

In die volgende afdeling word 'n ontleding gedoen van die OPM se 2014/15 GOP aan die hand van die 2010 GOP-evalueringsraamwerk.

Gedurende 2008 het die destydse Departement van Provinsiale en Plaaslike Regering, nou bekend as Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake (DSRTS), 'n GOP-evalueringsraamwerk ontwikkel wat bedoel is om te dien as 'n instrument vir die begeleiding vir die assessering van 'n geloofwaardige GOP. In hierdie raamwerk word 'n geloofwaardige GOP beskryf as een wat voldoen aan toepaslike wetgewing en dra die volgende:

- bewustheid van die munisipaliteit se grondwetlike en beleidsmandaat vir ontwikkelingsgerigte plaaslike regering;
- bewustheid deur die munisipaliteit van sy rol en plek in die plaaslike, provinsiale en nasionale konteks en ekonomie. Die munisipaliteit moet ook aandui hoe dit sal bydra teen die stryd teen armoede, werkskepping en die verbetering van burgers se lewens in hulle gemeenskappe;
- 'n duidelike strategie gebaseer op plaaslike ontwikkelingsbehoefte. Die GOP moet nie net 'n "wenslys" wees nie, maar in plaas daarvan onderwerp word aan die realiteite van dit wat deur die begroting oor drie tot vyf jaar gelewer kan word;
- die kern uitkomst vir die volgende vyf jaar met 'n duidelike meetbare begroting en implementeringsplan wat belyn word met die Dienslewering en Begrotings Implementeringsplan (SDBIP); en
- die mate van interaksie en belyning aan die regering-wye prioriteite.

Die GOP-evalueringsraamwerk is ontwerp om elk van die ses fokusareas van die GOP te evalueer. Hierdie fokusareas is geïdentifiseer in Hoofstuk 1 as sleutel prestasie-areas en sluit in:

- ruimtelike ontwikkelingsraamwerk (ROR);
- basiese dienslewering;
- volhoubare ekonomiese groei en Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling (PEO);
- institusionele reëlings;
- finansiële lewensvatbaarheid en bestuur; en
- bestuur en organisasie-ontwikkeling (DSRTS, 2010).

Die OPM het 'n GOP goedgekeur waarin projekte geïdentifiseer was deur verskillende direktorate binne die munisipaliteit. Ongeveer 162 projekte (insluitend operasionele projekte) was gelys in die GOP, per wyk vir al die direktorate soos voorgestel deur tabel 1 hieronder:

Tabel 3: Direkorate binne die OPM

Raad en Uitvoerende gesag	Kantoor van die Munisipale Bestuurder	Strategiese Dienste	Gemeenskap Dienste	Korporatiewe Dienste	Tegniese Dienste	Finansiële Dienste
---------------------------	---------------------------------------	---------------------	--------------------	----------------------	------------------	--------------------

Vir die doel van hierdie studie sal basiese dienslewering en volhoubare ekonomiese groei en plaaslike ekonomiese ontwikkeling van die OPM geëvalueer word met behulp van hierdie raamwerk.

Tabel 4: Goeie regering

Bewys kriteria / Sleutel Prestasie aanwysers	Ja/Nee	Evaluering
Goeie regering		
Is daar 'n GOP-proses plan aanvaar deur die Distrik en plaaslike munisipaliteite?	Ja	'n GOP-proses plan was aangeheg as 'n bylaag by die GOP. Hierdie plan was goedgekeur deur die Raad op 30 Augustus 2014.
Is daar 'n gemeenskaps-deelname strategie in plek?	Nee	Volgens die munisipaliteit se 2014/15 GOP is daar geen gemeenskaps-deelname strategie in plek nie.
Spreek die strategie/plan kwessies oor kommunikasie met die gemeenskap en ander belanghebbendes aan?	Nee	Soos reeds aangedui hierbo beskik die munisipaliteit nie oor 'n publieke deelname strategie nie
Toon die munisipaliteit toewyding aan gemeenskaps-deelname met die formulering en ontwikkeling van die GOP/begroting?	Ja	Die munisipaliteit dui aan dat hulle die belangrikheid van publieke deelname verstaan soos aangedui in die GOP dokument. Daar is ook 'n bedrag van R2 202 000 begroot vir publieke deelname vir die 2014/15 finansiële jaar.
Is daar voldoende belanghebbendes en gemeenskaps-deelname betrokke?	Ja	Dit kom voor dat die OPM die gemeenskap betrek by behoefte identifisering en prioritering. Daar

		word egter aangedui dat daar nie 'n toegewyde beampte/eenheid wat die proses op 'n voltydse basis bestuur nie. Dit word huidiglik deur die GOP bestuurder en tydelike werkers gedoen.
Is daar bydrae van wykskomitees vir ontwikkelingsprioriteite in die GOP?	Ja	Slegs drie van die dertien wykskomitees was in werking in die vorige termyn. Die ander wykskomitee lede het bedank oor 'n tydperk van 2 jaar en nuwe lede was nooit verkies nie.
Het die munisipaliteit strategieë in plek om tradisionele leiers en hulle gemeenskappe betrokke te kry in die GOP-prosesse, indien van toepassing? Slegs distriksmunisipaliteite.	N.V.T	Oudtshoorn is 'n plaaslike munisipaliteit.
Is daar 'n ouditkomitee?	Ja	Daar bestaan egter 2 vakante poste in hierdie verband en die munisipaliteit is in die proses om die posisies te vul.
Is daar 'n aanduiding van 'n plan wat gemeenskappe gaan inlig oor die prioriteite vir die huidige finansiële jaar en is daar 'n plan vir die daaropvolgende jare, rakende hul insae?	Nee	Die kommentaar/ insae wat ontvang is vir die konsep GOP was ingewerk gedurende April 2014, maar geen plan vir kommentaar kon opgespoor word vir die daarop volgende jare nie.
<u>Spesiale groepe</u>		
Is daar bewyse wat aantoon dat MIV/VIGS hoofstroom word?	Ja	Dit is breed en generies. Om die verspreiding van MIV/VIGS te bestry. Die munisipaliteit het slegs R50 000 ter syde gestel vir kwartaalike opleiding vir sektorale lede.
Word daar spesiale fokus geplaas om mense met gestremdhede, vroue en jeug te bevorder?	Nee	Een van die toekomstige projekte vir die munisipaliteit is om maatskaplike programme toeganklik te maak vir die jeug, gestremde en kwesbare vroue. Daar is egter huidiglik nie begroot

		hiervoor nie.
Word geslagsgelykheid bevorder vir toegang tot ekonomiese geleenthede?	Nee	Om die bestaande geslagsonegelykheid aan te spreek vorm deel van die OPM se doelwitte, omdat dit toegang tot werk, behuising en grond affekteer. Daar word dikwels verwys in die dokument om die lewensstandaard en kwaliteit van die voorheen benadeeldes te verbeter.
Toon die GOP besonderhede vir die ondersteuning vir ander spesiale groepe (bv. Gestremdheid, jeug)?	Nee	Die OPM beskik tans nie oor 'n beleid/program vir spesiale groepe nie. Dit kom ook nie sterk navore in die GOP dokument dat die OPM die gebrek probeer aanspreek nie.

Tabel 5: Dienslewering

Bewys kriteria / Sleutel Prestasie aanwysers	Ja/Nee	Evaluering
Dienslewering en infrastruktuur beplanning		
<u>Sanitasie</u>		
Is daar 'n begroting en plan om te verseker dat alle huishoudings toegang tot basiese sanitasie teen 2030 het?	Ja	Die munisipaliteit onderskryf aan die beginsels van die volhoubare ontwikkelingsdoelwitte en streef daarna om te verseker dat alle inwoners toegang tot basiese dienste het teen 2030 en word ook so aangehaal in die visie 2030 van die OPM. Volgens 'n gemeenskaps opname wat in 2015 gedoen was deur die munisipaliteit het 78% huishoudings toegang tot drinkbare water.
Sluit die bogenoemde plan grootmaat infrastruktuur ontwikkeling in?	Nee	Die OPM se Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR) dui aan dat daar wel ontwikkeling gaan plaasvind binne die volgende 20

		jaar, volgens die navorsers is dit nie merkwaardige ontwikkeling nie. Volgens die “Municipal Economic Review and Outlook” (MERO) verslag (2016:74) is Oudtshoorn een van die dorpe wat ’n lae ontwikkelings potensiaal het.
Oorweeg die infrastruktuur plan behandeling van afvalwater?	Ja	Die GOP en begroting maak voorsiening vir die opgradering en aanbring van nuwe reinigingsaanlegte wat deur die Munisipale Infrastruktuur Toelae (MIG) befonds word.
Water		
Is daar ’n begroting en plan om te verseker dat alle huishouding toegang tot basiese water teen 2030 het?	Ja	Die munisipaliteit onderskryf aan die beginsels van die volhoubare ontwikkelingsdoelwitte en streef daarna om te verseker dat alle inwoners toegang tot basiese dienste het teen 2030 en word ook so aangehaal in die visie 2030 van die OPM.
Het die munisipaliteit water suiweringskwaliteit monitering programme in plek?	Ja	Die program word nie genoem in die GOP nie. Die tegniese bestuurder het wel aangedui in ’n onderhoud dat daar wel programme in plek is om die kwaliteit van water te monitor. Alhoewel die OPM tot op hede nie aan die blou druppel status voldoen nie.
Is daar hulpbron kapasiteit, beide menslike en finansieel?	Nee	Daar is ’n tekort aan gespesialiseerde personeel in hierdie verband, soos aangedui in die GOP, asook finansiële tekortkominge om sekere

		behoefte aan te spreek.
Is die Waterdiens Ontwikkelingsplan (WDOP) goedgekeur?	Nee	Die plan is huidiglik in die proses om ontwikkel te word deur die departement van Water en Sanitasie.
Behuisingsdienslewering		
Het die munisipaliteit hul behuisingsbehoefte assessering en prioriteite gedoen?	Ja	Volgens die GOP is die behuisingsagterstand ongeveer 17 200. "Die uitdaging is dat daar 'n tekort aan water is in sekere van die klein dorpe en dis kan huise nie gebou word teen die spoed wat die bevolking groei nie, wat die groot agterstand veroorsaak" (GOP bestuurder, 2016).
Is daar 'n skakeling tussen behuisings en stedelike hernuwing?	Ja	Volgens die ROR word hierdie uitdaging aangespreek om geïntegreerde menslike nedersettings te verseker. Dit gebeur egter nie teen spoed wat daar verwag word nie.
Is daar integrasie tussen behuisings, beplanning en die vervoer raamwerk?	Ja	Die ROR verwys dikwels na die integrasie van verskeie aspekte om geïntegreerde menslike nedersettings te bewerkstellig om die voorheen geïsoleerde beplanning uit die weg te roei.
Is daar 'n skakeling tussen behuisings, grootmaat dienste, maatskaplike geriewe en ekonomiese geleenthede?	Ja	Die skakeling van hierdie dienste kom sterk navore in die GOP en ander dokumente. Die uitdaging wat ondervind word, is dat die dienste en geleenthede nie terselfde tyd uitgerol kan word nie, vanweë finansiële beperkinge en nasionale en provinsiale departemente wat nie wil inkoop tot sekere van die ontwikkeling

		inisiatiewe nie.
Energie en elektrisiteit		
Is daar 'n plan en begroting om te verseker dat alle huishoudings teen 2030 toegang tot elektrisiteit het?	Nee	Die munisipaliteit onderskryf aan die beginsels van die volhoubare ontwikkelingsdoelwitte en streef daarna om te verseker dat alle inwoners toegang tot basiese dienste het teen 2030 en word ook so aangehaal in die visie 2030 van die OPM. Daar is egter nie enige dokumente wat aandui dat daar begroot word hiervoor nie.
Word alternatiewe en hernubare energie opsies oorweeg?	Nee	Die munisipaliteit het nie die kapasiteit of finansiële hulpbronne om hierdie opsie te volg nie.
Indien wel, word daar beplan om die status as 'n Hernubare Energie direktief te bestuur	Nee	Soos voorheen vermeld.
Is daar hulpbron kapasiteit, beide menslik en finansiële?	Nee	Die OPM sukkel om ervare tegniese personeel te werf, asook om hulle in diens van die munisipaliteit te hou vanweë beter finansiële geleenthede by ander munisipaliteite.
Paaie en vervoer		
Is daar 'n plan en begroting vir geïntegreerde paaie en vervoer sisteme (insluitend nie-gemasjineerde, ens.)?	Ja	Die Raad het in 2014 'n geïntegreerde vervoer bestuursplan goedgekeur. Dit is huidiglik in die proses om geïmplementeer te word.
Is daar 'n plan en begroting vir nuwe paaie	Ja	Vir die 2014/2015 finansiële jaar was daar R220 miljoen begroot vir die opgradering van die N12 tussen Oudtshoorn en De Rust. Hierdie bedrag word egter nie ingesluit in die munisipaliteit se

		kapitaal begroting nie, omdat dit 'n provinsiale projek is.
Is daar hulpbron kapasiteit; beide menslik en finansieel?	Nee	Die munisipaliteit maak gebruik van kontrakteurs om hierdie funksie te verrig.
Hou dit verband met die Geïntegreerde Vervoer Plan (GVP)?	Ja	Die GVP dui aan dat daar 'n aantal nuwe paaie aangebring en opgradeer moet word. Die uitdaging vir die OPM is altyd om finansiële hulpbronne te bekom van provinsiale en nasionale regering.
Storm water dreinerings		
Is daar 'n plan en begroting om die storm water dreinerings te bestuur en te handhaaf?	Ja	Die munisipaliteit het 'n storm en dreineringsplan. Daar is 'n bedrag van R21 380 000 begroot vir die 2014/15 finansiële jaar.
Is daar hulpbron kapasiteit, beide menslik en finansieel?	Nee	Dit bly 'n uitdaging vir die OPM om kundige en ervare tegnisi te werf vanweë finansiële beperkinge.
Afval bestuur		
Bestaan daar 'n Geïntegreerde Afval Bestuur Plan (GABP)?	Ja	Die GABP is goedgekeur deur die Administrateur in Mei 2016. Daar is 'n bedrag van R11 356 900 begroot vir die opgradering en rehabilitasie van die riool fasiliteite.
Word die omgewings impak assessering van die afval bestuur opsies ingesluit in die GABP?	Ja	Urban Econ is die konsultant wat die GABP opgestel het en die dokument kan besigtig word op die munisipaliteit se webtuiste www.oudtshoorn.gov.za .
Is daar evaluering en implementerings vriendelike praktyke vir herwinning, stortingsterrein en ekonomiese geleenthede?	Nee	Die munisipaliteit is tans in die proses om 'n herwinnings projek van stapel te stuur. Die huidige stortingsterrein het nog 'n lewensduur van ongeveer 12 jaar en die OPM is in die proses om

		met die Eden Distriksmunisipaliteit te onderhandel om in te koop by die gedeelde stortingsterrein waarvan vier ander munisipaliteite in die streek reeds gebruik maak.
Algemene Infrastruktuur		
Is daar 'n Geïntegreerde Infrastruktuur beleggingsplan?	Nee	Die OPM benodig befondsing om hierdie plan op te stel.
Maak die beleggings beplanning gebruik van die Munisipale Infrastruktuur Toekenning oor die volgende Medium Termyn Uitgawe Raamwerk (MTEF)?	Nee	Daar bestaan tans nie so plan nie.
Is daar aanduiding van eie inkomste gebruik vir infrastruktuur?	Ja	Die OPM het 'n bedrag van R11 560 00 toegestaan aan infrastruktuur uit eie fondse.
Is daar bewyse van holistiese infrastruktuur ontwikkeling?	Ja	Die ROR spreek die kwessie aan en streef daarna om geïntegreerde menslike nedersetting te bewerkstellig wat voorheen nagelaat is deur die apartheids regering.
Identifisering van uitdagende areas wat spesiale aandag benodig (bv. Voormalige kruis-grens munisipaliteite).	Ja	Die kleiner dorpe en plase in die groter Oudtshoorn het 'n groot agterstand in terme van toegang tot basiese dienste en hierdie uitdaging word aangespreek met die beperkte finansiële hulpbronne waaroor die munisipaliteit beskik.
Is daar bewyse van goed nagevorsde data oor huishoudings en inwoners wat nie toegang tot dienste het nie, beide in stedelike – en landelike gebiede?	Ja	Die inligting wat in die GOP vervat word, is die 2011 sensus, 2014 MERO verslag, SEP 2014 verslag. Hierdie data gee die OPM 'n goeie aanduiding wat die pertinente uitdagings is en hoe daar beplan en begroot moet word om dit aan

		te spreek.
Sluit die infrastruktuur plan bedrywighede, instandhouding en kapitaal begrotings vir dienslewering in?	Nee	Daar bestaan nie tans so plan nie.
Is daar 'n minimum van drie jaar plan en begroting om die plan te ondersteun?	Nee	Daar bestaan nie tans so plan nie. Befondsing word benodig om hierdie plan te ontwikkel.
Word die EPWP geïdentifiseer as 'n manier om werkseleenthede en opleiding te bied, saam met die identifisering van sektore/areas waar die EPWP geïdentifiseer word.	Ja	Daar was 'n bedrag van R5 miljoen begroot vir EPWP vir die 2014/15 finansiële jaar.
Is daar bewyse van hulpbehoewende beleid?	Ja	Die munisipaliteit het 'n hulpbehoewende beleid, wat stipuleer dat huishoudings wat 'n gesamentlike inkomste verdien van R3 000 of minder per maand, se basiese dienste word gesubsidieer deur die raad. Vir die 2014/15 finansiële jaar was daar voorsiening gemaak vir 13 000 huishouding en word omskryf in 'n bedrag van R29 301 205.
Is daar 'n begroting om die hulpbehoewende beleide te bestuur?	Ja	Daar was 'n bedrag van R29 301 205 uiteengesit vir die 2014/15 finansiële jaar vir die hulpbehoewende.

Tabel 6: Volhoubare Ekonomiese Groei en Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling (PEO)

Is daar bewyse van hoe inter-regering gesprekke ruimtelike en streeks ekonomiese beleggingskeuses inlig?	Ja	Die OPM neem deel aan 'n verskeidenheid van inter-regering forums soos die Provinsiale en distrik Geïntegreerde Ontwikkelings beplanning forums, Streeks Munisipale Bestuurders
--	----	---

		forum ens. Na bestudering van die Provinsiale Strategiese Plan en Distriksmunisipaliteit se GOP is dit duidelik dat daar belyning bestaan tussen die OPM se GOP en die verskillende planne van die Distriksmunisipaliteit en Provinsiale regering.
Is daar 'n PEO strategie vir die Distriksmunisipaliteit?	Ja	Die Eden Distriksmunisipaliteit se PEO strategie word jaarliks hersien om op datum te bly met die dinamiese omgewing.
Word die PEO strategie ingelig deur die Distrik se Ontwikkelingsstrategie?	Ja	Daar bestaan 'n duidelike skakeling tussen die OPM se PEO strategie en die van die Distriksmunisipaliteit. Albei munisipaliteite se strategieë is deur dieselfde konsultante opgestel.
Is die strategie belyn met nasionaal, provinsiaal en distriksdoelwitte, met spesifieke verwysing na infrastruktuur en vaardigheidsontwikkeling?	Ja	Daar bestaan 'n duidelike korrelasie/ skakeling tussen die projekte wat die OPM wil implementeer teenoor die van die distriksmunisipaliteit.
Was daar genoegsame inagneming van die ruimtelike kwessies wat relevant is tot ekonomiese ontwikkeling?	Ja	Beide munisipaliteite se PEO strategieë is opgestel deur dieselfde konsultante en deeglike volhoubare studies is gedoen rakende ekonomiese ontwikkeling. Dit word ook so aangedui in die ROR.
Is daar empiriese en statistiese bewyse om die hoof ontwikkeling geleenthede te ondersteun van die plan/strategie?	Ja	Die data wat voorsien word in die dokument is sensus data van 2011, asook gemeenskapsopname deur <i>global insight</i> 2015, MERO verslag 2014 en SEP 2014 verslag.
Word die finansiële implikasies	Ja	Die finansiële implikasies word

oorweeg, ten minste soos aangedui deur die begroting?		aangebring in die dokumente, maar om befondsing te verseker vir die projekte bly 'n uitdaging vir die munisipaliteite soos aangehaal in die dokument, asook die GOP.
Het daar 'n hersiening van institusionele faktore plaasgevind, wat nodig is om die strategie te realiseer?	Nee	Die institusionele raamwerk is sedert 2011 nog nie hersien nie.
Is daar genoegsame bewyse van belanghebbers en gemeenskapsdeelname?	Ja	Die datums van die openbare vergaderings word aangebring in die GOP dokument
Is daar duidelike geïdentifiseerde doelwitte en kan die haalbaarheid daarvan gemeet word?	Ja	Die projekte wat befonds word, word aangebring op die departementele SDBIP en die teikens en haalbaarheid word aangebring en word maandeliks opdateer.
Is daar 'n aangeduide tydraam vir die strategie/plan?	Ja	Die strategie word elke jaar hersien, met die oorspronklike plan wat 'n lewensduur van 10 jaar het. Die aktiwiteite word ook geïnkorporeer in die GOP tydskedule as deel van die munisipaliteit se poging om alle aktiwiteite te belyn.
Is daar bestuursreëlings in plek, soos koördineringskomitees, 'n struktuur vir verslagdoening en 'n aangeduide formaat vir werk programme?	Nee	Volgens die GOP het die Munisipale Bestuurder die funksie gedeligeer na strategiese dienste wat dan verantwoordelik is om die strategie te implementeer. Daar bestaan 'n distriks PEO komitee, wat kwartaaliks vergader.
Is kwessies vir verbeterde regering rakende beleggings en werkskepping oorweeg?	Ja	Met die onderneming van die studie was die OPM onder administrasie. In die administrateur se omkeer plan vir die munisipaliteit word daar iniasitiewe

		voorgestel vir werkskepping en beleggingsgeleentehede.
Is die planne om ondersteuning aan klein besighede te voorsien, voldoende?	Ja	Volgens die GOP is die OPM in gesprekke met die Departement van Klein Besigheidsontwikkeling, waar 'n bedrag van R5 miljoen beskikbaar gestel gaan word vir klein besighedisontwikkeling.

Soos reeds beklemtoon in hierdie studie, is die GOP-evalueringsraamwerk ontwikkel om riglyne vir munisipaliteite te verskaf met die formulering, ontwerp en verbetering van GOP'e en daar word verwag dat die toepassing van hierdie raamwerke munisipaliteite sal bystaan om GOP'e te ontwikkel van hoë kwaliteit. Na aanleiding van die resultate van die OPM blyk dit duidelik dat dit egter nie die geval is nie. Dus bestaan daar 'n behoefte om hierdie GOP-evalueringsraamwerk te hersien en te verbeter. Die doel van die volgende afdeling is dus, om 'n verbeterde GOP-evalueringsraamwerk voor te stel ten einde GOP'e te formuleer wat effektief en doeltreffend sal wees met die implementering daarvan.

6.4 HOLISTIESE BEPLANNING IN DIE PLAASLIKE REGERINGSFEER

Na die aanvang van demokrasie in Suid-Afrika, is 'n nuwe munisipale beplanningsetos ingestel en hierdie beplanningsproses is genoem Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning (GOB). Munisipale GOB het ontwikkel sedert die konseptualisering in die laat 1996's. In 2017 is die term "4de generasie GOP" die nuutste konsep waarbinne die ontwikkeling van GOP'e onderneem word. As gevolg van die vordering wat deur die 4de generasie van GOP'e gedoen is, word die voorgestelde GOP-evalueringsraamwerk geformuleer om 'n omvattende konsolidasie raamwerk te lewer van hoe GOP in die toekoms geanaliseer en geassesseer moet word.

Die Wet op Munisipale Stelsels, 32 van 2000 en Munisipale Prestasie Regulasies van 2001: Afdeling 23, taak munisipaliteite om ontwikkelingsgerigte beplanning te onderneem om te verseker dat dit "tesame met ander staatsorgane bydra tot die progressiewe verwesenliking van die fundamentele regte in afdeling 24-27 en 29 van die Grondwet". Implisiet in bogenoemde gedeelte is die begrip samewerkende regering en die beginsels daarvan gedefinieer in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, Hoofstuk 3 onderskeidelik afdeling 40 en 41. Die GOP-evalueringsproses moet daarna streef om die idee van ontwikkelende plaaslike

regering te bevorder wat gebaseer is op gesamentlike beplanning, prioriteitsontwikkeling, agenda-instelling, hulpbrontoewysing en implementering.

Beplanning is 'n duur aktiwiteit, befondsing is beperk en dit lei tot beperkte resultate wat uit die proses verkry word. Dit is gewoonlik moeilik om prioriteite te bereik aangesien daar 'n oorvloed van behoeftes is wat geïdentifiseer word deur die verskillende afdelings, kategorieë en belange van die plaaslike gemeenskappe en is in mededinging met mekaar.

Die bestaan van verskillende strategiese beplanningsriglyne vir provinsiale en plaaslike regering is 'n saak van kommer vir strategiese beplanningspraktisyns, wat die strategiese waarde sien om strategiese beplanning tussen hierdie twee sferes te verbind.

As belyning tussen die provinsiale en plaaslike regering beplanningsprosesse behaal moet word, is daar 'n behoefte om ooreenkomste te skep in die ontwerp van die riglyne vir beide provinsiale en plaaslike regering. Dit moet verwys na beide die ontwerpprosesse en die formaat wat hierdie planne moet aanneem. Deur 'n enkele stel riglyne vir beplanning te hê, kan die verskillende sferes die duplisering van hul pogings vermy en versamelde data kan op baie vlakke gebruik word vir beplanningsdoeleindes in alle regeringsferes en deur alle staatsorgane.

'n Behoefte om die beplanningsiklus vir alle sferes te hersien, is uiters belangrik. Hierdie riglyne moet ook ietwat vereenvoudig word en moet voorsiening maak vir gebalanseerde politieke en tegniese insette. Dit sal die proses help om te reageer op politieke strategiese belangrikhede en operasionele realiteite.

Dit is belangrik dat die begrip strategiese bestuur ook in die openbare sektor en spesifiek in munisipaliteite omhels word, sodat strategiese beplanning nie as 'n eenmalige aktiwiteit beskou word nie, maar as deel van die breë strategiese bestuursproses. Die uitdagings wat strategiese beplanningspraktisyns in die gesig staar is enorm en is 'n beliggaming van die feit dat die kriterium vir die bewys van die toereikendheid van 'n teorie in die praktyk is. Die strategiese beplanning riglyne is geen geneesmiddel nie en kan dus nie 'n oplossing vir alle beplanningsprobleme wees nie. Dit bly egter 'n belangrike hulpmiddel om die strategiese beplanning in die openbare sektor te vorm wat die kultuur van openbare sektor organisasies moet ondersteun en sal bydra tot die definisie daarvan.

6.4.1 Institutionaliserings van die strategiese beplanningsfunksie

Die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Stelsels 32 van 2000 lê die verantwoordelikheid vir die ontwikkeling en bestuur van die GOP'e uitsluitlik op die skouers van Munisipaliteite (SA, 2000). Afdeling 30 van die Wet op Munisipale Stelsels spesifiseer spesifiek aan die uitvoerende

gesag (die Uitvoerende Burgemeester of Uitvoerende Komitee) die verantwoordelikheid om die formulering daarvan te monitor (SA, 2000). Verder bepaal afdeling 31 dat die Lid van die Uitvoerende Raad (LUR) vir Plaaslike Regering (hierna verwys as die LUR) in die provinsie toesig hou oor die ontwikkeling van GOP'e, terwyl afdeling 32 aan die Munisipale Bestuurder die taak gee om 'n aangenome GOP aan die LUR in die provinsie voor te lê.

Die regulerende raamwerk voorskryf nie aan die munisipaliteit hoe dit die beplanningsfunksie moet institusionaliseer nie. Die GOP-riglyne is proses georiënteerd en is nie bedoel om die institusionele reëling te rig nie.

Nasionale Tesourie (NT) se riglyne vir die ontwikkeling van strategiese planne en jaarlikse prestasieplanne spesifiseer ook nie interne institusionele reëlings vir die bestuur van strategiese planne nie, maar identifiseer instellings wat verantwoordelik is vir die lewering van strategiese beplanningsuitsette.

Benewens die NT riglyne bepaal hoofstuk 2 van die Interregering verhoudinge-raamwerk die koördinerende strukture op verskillende vlakke (nasionale, provinsiale en distrik) ten einde koördinerende van munisipale beplanning, beleidsontwikkeling, dienslewering, monitering en evaluering te koördineer. Hulle is egter nie-statutêre strukture wat deur memoranda van begrip gereguleer word nie.

Die plasing van strategiese beplanningskoördinasie met Provinsiale Tesourie (PT) en die klem op die onderlinge verband tussen strategiese beplanning en begrotings het die idee gedryf dat strategiese beplanning 'n hulpbronbestuursinstrument is. Die positiewe gevolg van hierdie paradigma is dat dit goeie praktyke bevorder en die gebruik van openbare fondse soos voorgeskryf deur beide die die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (PMFA) en die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (MFMA).

Hierdie afdeling het die belangrikheid van strategiese beplanning beklemtoon en dat daar 'n samewerkende verhouding moet bestaan tussen die drie sfere van regering. Nie net sal dit verseker dat beplanning en begrotings belynd word nie, maar ook dat dienste en ontwikkeling effektief en doeltreffend geïmplementeer word in plaaslike gemeenskappe. Die volgende afdeling gaan die voorgestelde raamwerk uiteensit en bespreek.

6.4.2 Bestaande tegnieke van toepassing op die GOP-evalueringsraamwerk

Die evalueringsraamwerk is baie generies en word op 'n baie ongekoördineerde en geïsoleerde manier gedoen. Dit bring mee dat:

- hulpbronne gedupliseer word;


- regering investering nie gemaksimeer word nie wat lei tot gefragmenteerde inisiatiewe; en
- daar geen vertrouwe by munisipaliteite teenoor provinsiale regering is nie, want daar is 'n tekort aan konsultasie oor beplanning en befondsing.

6.4.3 *Tekortkoming identifisering met huidige GOP-evalueringsraamwerk*

- daar is geen skakeling tussen die GOP handleidingspakket -en evalueringsraamwerk nie;
- die insluiting van die sektor planne in GOP'e;
- onvoldoende ondersteuning op die hersiening/ ontwikkeling van die sektor planne;
- beperkte objektiwiteit met ja/nee vrae;
- dit kan nie gebruik word vir gestandaardiseerde makro verslagdoening nie;
- daar word nie onderskeid getref tussen die kategorieë van die munisipaliteite nie;
- sektor betrokkenheid (strydig, beperkte ondersteuning, onduidelik oor hoe om te ondersteun lei tot merkbare verandering); en
- daar is geen uitspraak oor kontinuïteit nie en dus geen basis om te vergelyk nie.

6.4.4 *Van silo munisipale planne tot interregeringsplanne*

Die GOP se assesseringsproses moet 'n bevorderlike, gesamentlike en koöperatiewe omgewing skep tussen munisipaliteite en sektorafdelings, ondanks die kommer van die begrip van assessering. Dit beteken dat provinsiale regerings 'n verskuiwing moet maak om die eenmalige bo-na-onder wetgewende GOP-evaluering intervensiemetodologie vir 'n deurlopende samewerkende program van 'n interregeringsbeplanningsproses te verander. Waar GOP'e nie meer individuele munisipale planne is nie, maar planne wat die beleggingsbesluite van alle sfere van regering insluit. Hierdie bewering is beklemtoon deur die voormalige Minister van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake, Pravin Gordhan by die Koördinerende Forum Gehou op 28 Februarie 2015 (Gordhan, 2015).



Figuur 7: 'n Illustrasie van hoe samewerkende regering lei tot gesamentlike areas van impak

Bron: Self gegenereerde figuur

6.4.5 Voordele van die gesamentlike analise proses

Die gesamentlike analitiese raamwerk sal die volgende voordele hê:

- verseker dat munisipaliteite en provinsiale sektordepartemente deelneem aan 'n samehangende / rasonale provinsiale beplanning en begrotingsproses wat sal help om volhoubare en geïntegreerde diens te bespoedig en te bevorder;
- 'n holistiese, effektiewe, voorspelbare, geïntegreerde en deursigtige beplanning en begroting wat koördinasie en samewerking binne die provinsies en in munisipaliteite sal verbeter;
- bekamp die implementering van geïsoleerde en ontkoppelde interregeringsbeplanning en begrotingsprosesse binne die provinsie ten einde doeltreffendheid en waardetoevoeging tot munisipale dienslewering te bevorder. Dit sal duplisering en verwarring in munisipaliteite vermy;
- voorsien 'n allesomvattende proses wat die Provinsiale Regering sal gebruik om munisipaliteite betrokke te maak by die beplanning en begrotingsprosesse in elke finansiële jaar;
- bespaar tyd gespandeer in vergaderings en verwante koste; en
- om munisipaliteite te help om te verseker dat hul GOP'e geïmplementeer word deur die belyning van beplanning en begrotingsprosesse in munisipaliteite.

Om te verseker dat hierdie GOP-evalueringsraamwerk suksesvol geïmplementeer word, het elke sektor sekere rolle en verantwoordelikhede om na te kom. Hierdie rolle en verantwoordelikhede word in die tabel hieronder uiteengesit.

Tabel 7: GOP analise rolle en verantwoordelikhede (self gegeneer)

Sektor	Rolle en verantwoordelikhede
GOP Direktooraat	<ul style="list-style-type: none"> a) Bestuur en koördineer die GOP analise proses b) Versamel GOP'e van munisipaliteite c) Versprei alle GOP'e aan departemente d) Bestudeer alle aangenome (goedgekeurde) GOP'e e) Finaliseer en versprei die GOP analise instrument f) Verifieer en konsolideer sektorkommentaar op GOP'e vir elke munisipaliteit g) Versprei sektorkommentaar aan munisipaliteite voor die ontledingssessies h) Fasiliteer die GOP-analise-aangeleenthede i) Berei die finale GOP kommentaar voor vir die LUR j) Voorbereiding en publiserings van die jaarlikse provinsiale GOP analise verslag k) Monitor ooreenkomste tussen sektordepartemente en munisipaliteite
Sektor Departemente	<ul style="list-style-type: none"> a) Bestudeer alle aangenome GOP'e b) Neem deel aan die 2 GOP-analise- proses en lewer kommentaar op GOP'e binne die tydraamwerke, oorwegings en beginsels met die Departement van Plaaslike Regering c) Verskaf name van beamptes wat deelneem aan die GOP-ontledingssessies binne die ooreengekome tydsraamwerke d) Neem deel aan die GOP-analisesessies e) Verskaf algehele insette aan die GOP-ontledingsproses
Munisipaliteite	<ul style="list-style-type: none"> a) Voorbereiding en indiening van GOP binne die gegewe tydsraamwerke b) Verseker relevante en voldoende munisipale verteenwoordiging en deelname aan die analise c) Kommunikeer die inhoud, proses en beginsels van die GOP-analise d) Reageer op die provinsiale bevindinge e) Inkorporeer provinsiale kommentaar en bevindinge in die finale GOP dokumente f) Verskaf algehele insette oor die GOP-ontledingsproses

Magte en funksies wat uitgevoer word deur munisipaliteite: Die mate waartoe munisipaliteite gesag het hang af van die kategorisering soos voorgeskryf in die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 en die Grondwet, 1996. Kategorie A munisipaliteite het eksklusiewe munisipale uitvoerende en wetgewende gesag in hul regsgebiede (ook bekend as Metropool munisipaliteite); kategorie B munisipaliteite deel munisipale uitvoerende en wetgewende gesag in hul regsgebiede met kategorie C munisipaliteite; terwyl kategorie C munisipaliteite (ook bekend as Distriksmunisipaliteite) munisipale uitvoerende en wetgewende gesag in die gebiede wat meer as een kategorie B (ook bekend as plaaslike munisipaliteite) munisipaliteit insluit.


Verskillende kategorieë munisipaliteite het verskillende magte en funksies soos hierbo vermeld. Ten einde te voldoen hieraan moet daar voorsiening gemaak word in die voorgestelde GOP-evalueringsraamwerk vir Metro, Distrik en Plaaslike Munisipaliteite.

Daar is nie deurlopende ondersteuning en leiding wat gebied word aan munisipaliteite ten einde volhoubare en implementeerbare GOP'e te ontwikkel nie. Dit is om hierdie rede dat die huidige GOP-evalueringsraamwerk hersien en verbeter moet word, ten einde te verseker dat munisipaliteite kwaliteit GOP'e ontwikkel en implementeer. Die voorgestelde evalueringsraamwerk moet die koördinerings -en beheer kwessies aanspreek wat tans nie deur die bestaande raamwerk aangespreek word nie, veral ten opsigte van ondersteuning met beplanning en begrotingsprosesse.

Die verbeterde GOP-evalueringsraamwerk word vervolgens skematies voorgestel en bespreek. Let egter daarop dat die verbeterde raamwerk uit vier (4) figure en een (1) tabel bestaan wat as 'n geheel geïnterpreteer moet word. Die verbeterde raamwerk bestaan dus uit:

- Figuur 8: Oorsake van nie-geloofwaardige GOP'e.
- Figuur 9: Verbeterde GOP-evalueringsraamwerk.
- Tabel 8: Finansiële jaar van die provinsiale regering en munisipaliteite.
- Figuur 10: Kronologiese volgorde van die gesamentlike evaluerings proses.
- Figuur 11: Logiese ketting van verbinding wat aantoon wat die raamwerk moet bereik.

6.4.6 Oorsake van nie-geloofwaardige GOP'e




Figuur 8: Oorsake van nie-geloofwaardige GOP'e

Bron: Self-gegenereerde figuur d.m.v. navorsing

Bovermelde oorsake van nie-geloofwaardige GOP'e word vervolgens in die verbeterde GOP-evalueringsraamwerk geadresseer wat volgende skematies uitgebeeld word.

6.4.7 Verbeterde GOP-evalueringsraamwerk



Figuur 9: 'n Skematiese voorstelling van die verbeterde GOP-evalueringsraamwerk


Bron: Self-gegenereerde figuur d.m.v. navorsing

Die verbeterde GOP evalueringsraamwerk loop hand aan hand met die finansiële-proses van die provinsiale regering en munisipaliteite. Dit word volgende vertoon in tabel vorm hieronder, maar moet as deel van die verbeterde raamwerk geïnterpreteer word.

Tabel 8: Finansiële jaar van die provinsiale regering en munisipaliteite


PROVINSIALE FINANSIËLE JAAR KWARTALE													
4			1			2			3				
PR TK			Finale JPP en begroting allokering word ter tafel gelê			Provinsiale JV			2de konsep JPP LUR GOP assesserings kommentaar			Provinsiale ruimte	
GOP Indaba 2			GOP-analise			1ste konsep JPV							Gesamentlike ruimte
JAN	FEB	MAR	APR	MEI	JUN	JUL	AUG	SEP	OKT	NOV	DES		
Evalueringskomitee 1			Evalueringskomitee 2			GOP Indaba 1			GOP Forum Provinsiale				
Konsep GOP ter tafel gelê			GOP goedkeuring			GOP-Proses Plan en tydskedule			Publieke deelname proses			Munisipale ruimte	
3			4			1			2				
MUNISIPALE FINANSIËLE JAAR KWARTALE													

Bron: Weskaapse Provinsiale Regering jaarverslag 2012.



Figuur 10: Kronologiese volgorde van die gesamentlike evalueringsproses

Bron: Weskaapse Provinsiale Regering jaarverslag 2012.



Figuur 11: Logiese ketting van verbinding wat aantoon wat die raamwerk moet bereik

Bron: Self gegeneer

6.4.8 Bespreking van die verbeterde raamwerk

Die navorser is van mening dat die GOP-evalueringsraamwerk nie slegs GOP'e moet evalueer nie, maar dat evaluerings gebaseer word op realitiese en implementeerbare GOP'e. Die navorser is oortuig dat dit alleenlik bereik kan word deur die voorgestelde verbeterde GOP-evalueringsraamwerk.

Hierdie GOP-evalueringsraamwerk het ten doel om te verseker dat munisipaliteite en sektor departemente deelneem aan 'n korente en gesamentlike beplanning en begrotingsprosesse, waar almal voordeel trek. Die GOP-evalueringsraamwerk moet op 'n holistiese, effektiewe en deursigtige manier plaasvind, sodat koördinerings binne provinsies en munisipaliteite sal verbeter. Hierdie raamwerk is bedoel vir verbetering en evaluering van GOP'e van alle kategorie munisipaliteite in Suid-Afrika. Dit dien ook as 'n kragtige instrument vir proses verbeteringsinisiatiewe. Die huidige raamwerk vernalaat die koördineringsfunksie tussen sektor departemente en munisipaliteite wat daartoe bydrae dat daar nie genoegsame kwaliteit GOP'e ontwikkel word nie.

Die bespreking van departementele programme, beleide en strategieë in 'n munisipale gebied sal wissel tussen die eerste jaar van die 5 jaar-GOP en die daarop volgende jare se hersiening. Die eerste jaar van die 5 jaar-GOP sal hoofsaaklik bestaan uit leiding van Provinsiale sektordepartemente, terwyl die daaropvolgende jare sal bestaan uit 'n bespreking en 'n ooreenkoms oor hoe die implementering van beleide ingelig kan word deur ervarings uit verskillende munisipaliteite soos vervat in hul GOP'e. In sommige gevalle kan dit lei tot die hersiening van beleide met die oog daarop om te verseker dat die beleide reageer op munisipale realiteite.

Die GOP Indaba 1: Fokus op die strategiese bedoeling van die byeenkoms

Die inhoud, doelwitte en uitkomste vir GOP Indaba 1 word voorgestel om 'n platform te skep vir gesamentlike strategiese prioriteitstelling tussen al drie regeringsfere, insluitend:

- belyning van ontwikkelingstrategieë en -planne;
- dialoog oor beleid en programme; en

strategiese begrotings gebaseer op vorige jaar se GOP prioriteitsbehoefte en departementele sleutel aflewering (Western Cape Provincial Government annual report, 2012).

- .

Munisipale GOP'e moet die impak van die GOP Indaba 1-proses weerspieël en die gesamentlike strategiese verwoording agenda van die regering as 'n geheel. Munisipaliteite moet hul strategiese doelwitte van hul GOP'e na die Provinsiale Strategiese Doelwitte (PSD'e) en nasionale uitkomste belyn. Hierdie bemoedigende tendens vergemaklik die reis na 'n stelsel van interregeringsbeplanning en begrotings met GOP as die sentralepunt.

Die GOP Indaba 2: Fokus is uitvoergedrewe, implementering van projekte en vordering van implementering van projekte

Die GOP Indaba 2-proses sal lei tot die insluiting van provinsiale sektordepartementprojekte in die GOP'e van munisipaliteite. Hierdie tendens sal help om te verseker dat GOP'e die regering se beleggingsvoetspoor weerspieël word in 'n spesifieke geografiese ruimte. Die inhoud, doelwitte en uitkomste vir GOP Indaba 2 word ingestel om 'n platform te skep vir die nastreef van projektebelyning en implementering van GOP-projekte tussen al drie regeringsfere, insluitend:

- bespreking oor die implementering van saamgestelde regeringsprojekte in 'n munisipale gebied;
- bespreking oor sektordepartementele projekte wat in 'n spesifieke plek in 'n munisipaliteit geïmplementeer sal word en sodoende toevoeg tot die ruimtelike logika van intervensies en deur die gebruik van ruimtelike kartering as 'n Geografiese Informasie Sisteem (GIS)-gebaseerde beplanningsinstrumente;
- ooreenkoms oor tydraamwerke, ondersteuningsbehoefte en hulpbrontoewysings;
- begrotingsbelyning; en
- belyning met munisipale beplanning / GOP-siklus.

Die GOP assessering :om die sleutelvraag aan te spreek van “wat koop die geld?”, wat handel oor die algehele gehalte van die GOP, die implementering daarvan en die reaksie op gemeenskaps- en regeringsontwikkelingsvraagstukke.

Hierdie sessies bring nasionale en provinsiale sektordepartemente se amptenare bymekaar om betrokke te raak by munisipale GOP'e met die oog om daarop kommentaar te lewer wat gemik is op die verbetering van die gehalte van GOP'e. Die algemene doelstellings van die jaarlikse GOP evalueringssessies is om:

- dienslewering te verbeter;
- belyning en komplementariteit tussen die strategieë, planne, programme en projekte van al drie sfere sowel as inter-departementele en inter-munisipale en intra-munisipale belyning en komplementariteit te behaal;
- ondersteun en verbeter die inhoud van die LUR se kommentaarproses om sodoende te verseker dat daar na 'n volhoubare omgewing gewerk word, plaaslike ekonomie gestimuleer word, daar sosiale kohesie en insluiting (insluitend die bou van nie-rassisme, nie-seksisme en demokrasie) is en die skepping van volhoubare menslike nedersettings;
- verbeter die gehalte van die munisipale planne (GOP);
- 'n dialektiese verhouding tussen munisipale en sektorebeplanning beïnvloed; en

- behoorlike goeie bestuur en die munisipale beplanningsprosesse sodat gemeenskappe in die middel van munisipale beplanning is (Western Cape Provincial Government annual report, 2012).

Wat figuur 11 betref: die misverstand en vrylik verwisselbare gebruik van die term uitsette en uitkomst in die konteks van strategiese beplanning kan nadelig wees vir die sukses van strategiese beplanning en bestuur. Hierdie waarneming het die implikasie van bloot verwarring in die strategiese beplanningsproses. Vir bestuurders wat betrokke is by die strategisering van gemeenskapsbehoefte en die prioritering daarvan moet daar 'n algemene begrip van 'n mandjie spesifieke projekuitsette wees wat bedoel is om 'n spesifieke uitkomst te bereik. As dit verkeerd verstaan word, kan veelvuldige projekte saamgepers word en gelyk geprioritiseer word en daarom word daar ewe veel hulp verleen, maar watter projekuitsette dra by tot verskillende uitkomst, indien enigsins. In strategiese beplanning moet daar kort-medium-en langtermyn doelwitte gestel word. Hierdie doelwitte sal bereik word deur program investering, aktiwiteite en deelname van die betrokke rolspelers.

6.4.9 *Aanbevelings vir die suksesvolle implementering van die verbeterde GOP-evalueringsraamwerk*

As gevolg van 'n toename van swak / nie-implementeerbare GOP'e wat ontwikkel word deur munisipaliteite, soos gedemonstreer deur empiriese bevindinge van hierdie studie, was dit nodig om 'n verbeterde GOP-evalueringsraamwerk te formuleer. Die doel van die raamwerk is om weg te beweeg van geïsoleerde munisipale beplanning en te fokus op gesamentlike beplanning tussen die drie regeringssfeer. Tweedens om weg te beweeg daarvan om slegs die geloofwaardigheid van GOP'e te meet soos per die nasionale evalueringsraamwerk en dat assesserings gebaseer is op munisipale GOP'e realisties en implementeerbaar is. Die volgende aanbevelings word voorgestel om te verseker dat effektiewe en doeltreffende dienste gelewer word aan plaaslike gemeenskappe deurdat hierdie aanbevelings geïmplementeer word.

- *Die GOP-proses moet deurlopend geëvalueer word:* Die doel van die evalueringsraamwerk is om te verseker die munisipaliteite se GOP'e voldoen aan afdeling 26 van die Plaaslike Regering: Munisipale Stelselwet (MSA) en die voorskrifte van die 2001 GOP handleiding. Daarom is dit belangrik dat hierdie proses deurlopend geëvalueer word. Huidiglik word die proses slegs eenkeer geëvalueer nadat die Raad die konsep GOP goedgekeur het teen 31 Maart jaarliks. Hierdie metode sal verseker dat munisipaliteite wat hulp benodig vroeg geïdentifiseer word en dat hulp verleen word deur sektor departemente.

- *Verseker dat GOP bestuurders en relevante rolspelers genoegsame opleiding ondergaan:* die GOP-proses is 'n baie komplekse en ingewikkelde proses. Daarom moet daar verseker word dat die relevante rolspelers genoegsame opleiding ondergaan.
- *Van 'n enkele departementele assessering tot gesamentlike analise:* die Departement van Plaaslike Regering in die vervulling van sy rol as die enkele venster van koördinasie word daar aanbeveel dat daar 'n GOP Indaba Werkgroep gestig word, wat moet bestaan uit verteenwoordigers van alle provinsiale sektordepartemente in die provinsie sowel as distriksmunisipaliteite en plaaslike munisipaliteite. Hierdie platform moet verseker dat sektorafdelings in die provinsie en munisipaliteite voldoende ingelig is en bereid wees om sinvol te betrek tydens die jaarlikse GOP analise-proses om maksimum waardetoevoeging te verseker. Die metodologie, standarde en raamwerke wat die jaarlikse GOP-ontledingsproses word ontwikkel en ooreengekom deur lede van die Indaba Werkgroep. Die GOP-ontledingsproses verseker 'n dialoog tussen munisipaliteite en sektorafdelings oor ontledingsbevindinge en bevorder 'n omgewing van samewerkende regering deur middel van gesamentlike analise en die toewyding van relevante belanghebbendes om GOP'e te verbeter.
- *'n Balans tussen beplanning en implementering:* 'n Belangrike groeiende element van die GOP-ontledingsproses is die behoefte aan GOP'e om 'n balans tussen beplanning en implementering te toon. Daar moet dus wegbeweeg word om slegs die geloofwaardigheid van GOP'e te evalueer soos per die nasionale evalueringsraamwerk en dat 'n nuwe maatreël bygevoeg word wat ontleed/ evalueer of munisipale GOP'e realisties en implementeerbaar is. Beplanning en relevante implementering was in hoofstuk 2 van hierdie verhandeling bespreek.

6.5.2 AANBEVELINGS VIR VERDERE STUDIES

Gebaseer op die literatuurstudie en die data wat ingesamel is vanuit die empiriese studie maak die navorser die volgende aanbevelings vir verdere studies.

- Studies moet gedoen word oor die invloed van politieke inmenging by administratiewe prosesse in munisipaliteite/staatsdepartemente. Baie van die respondente het melding gemaak dat politieke inmenging 'n groot invloed het met die uitvoering van hulle pligte en dat dienslewering en ontwikkeling daaronder gelei het, in die OPM. Politiek sal altyd bestaan binne enige organisasie, maar dit moenie van so aard wees dat dit dienslewering belemmer nie.
- Huidiglik is daar nie regulerende voorskrifte wat voorsiening maak vir die institusionalisering van GOB in munisipaliteite nie. Die studie beveel aan dat studies

ondernem word aangaande die belangrikheid om GOB in munisipaliteite te institutionaliseer. Die institutionalisering van strategiese beplanning in munisipaliteite sal strategiese beplanning 'n belangrike kenmerk in organisatoriese samestelling en ontwikkeling maak. Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning moet gesien word as 'n praktyk wat waardeer moet word in die vorming van die organisatoriese groeipad van munisipaliteite en nie net as 'n voldoeningskwessie beskou word nie.

- In oorleg met die empiriese bevindinge en aanbevelings wat gebaseer is op die effektiwiteit van die GOP van die OPM word met hierdie studie aanbeveel dat soortgelyke studies gedoen word in ander plaaslike of metropolitaanse munisipaliteite. Hierdie aanbeveling is gegrond op die aanname dat verskillende munisipaliteite verskillende uitdagings in die gesig staar. Lesse, oplossings en strategieë van sulke gevallestudies kan herhaal word in munisipaliteite soos OPM wat uitdagings ervaar met GOB en die implementering daarvan.

6.6 FINALE GEVOLGTREKKING VAN DIE STUDIE

Dit is duidelik dat die OPM vanuit 'n ideologiese en konstitusionele raamwerk, van die regering en die ondersteunende wetgewing moet transformeer in 'n organisasie wat sal verseker dat die lewensgehalte vir alle gemeenskappe op 'n volhoubare wyse verbeter word.

Die wetgewende raamwerk wat in die Plaaslike Regering: MSA en die Witskrif vir Plaaslike Regering uiteengesit word, verklaar duidelik dat die GOP die belangrikste strategiese bestuursinstrument is wat benodig word om plaaslike regering in Suid-Afrika te transformeer. Die proses om te volg in die verwesenliking van die ideologiese mandaat, is dat dit deur die Wet op Munisipale Stelsels (2000) gedek word, ondersteun deur die voorskrifte van die Strukturewet (1998) en die Wet op Munisipale Finansies en Bestuur (2003). Meer spesifiek, is dit slegs deur die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan voorgeskryf soos in Hoofstuk 5 van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Stelsels, dat 'n munisipaliteit in Suid-Afrika 'n allesomvattende pakket openbare dienste aan sy onderskeie gemeenskappe kan lewer.

